


Van di Blokhuis na di Witte Huis.



DI LEWE

VAN


JAMES ABRAHAM GARFIELD,

Geleed: President van di Vereenigde State van Noord Amerika.

Overgedruk uit di "Patriot"

PAARL,
1885.

Van di Blokhuis na di Witte Huis.



DI LEWE

VAN

JAMES ABRAHAM GARFIELD,

Oerled: President van di Vereenigde State van Noord Amerika.

Overgedruk uit di "Patriot"

PAARL,
1885.

Hoofstuk XI.—James kap Bosse skoon, langs di Eric meer.—Syn lus om op See te gaan.—Eerste ontmoeting met 'n Seekaptein.—Eseldrywer op 'n Kanaalboot.—Val in di Water.—Gesprek met Kaptein Letcher	57
Hoofstuk XII.—'n Onderhoud met 'n Bootsmaat.—Syn laatste bad.—Nadenking en bekering.—Heerlike ontmoeting in Ou'ers huis	66
Hoofstuk XIII.—James syn Siekte.—Lus om te gaan leer.—Kennismaking met Bates — Ondersoek van 'n Dokter.—Verdere toebereidsels ver di Studi ...	71
Hoofstuk XIV.—James op pad na Skool.—Ei'e Huis-houding.—Op Skool.—Hy werk ver syn kos.—Melk en Brood.—'n Debat geselskap	75
Hoofstuk XV.—James weer Tuis; bou 'n Skuur en Oes.—Di eensame Geldstuk.—James voorneme en syn Onderwysers raad	79
Hoofstuk XVI.—James soek 'n Skool.—Syn teleurstellings.—Hy kry tog 'n Skool.—Syn sukses met Skoolhou.—James leg syn belydenis af.—'n Stukkende Broek.—Hoer op	81
Hoofstuk XVII.—James op 'n kuier.—In di Hiram Kollegi.—Klokluier en Leerling.—Verloof hom an Jongejufvrou Rudolf	89
Hoofstuk XVIII.—Na di Williams Kollegi.—Romans —Anbod as Professor.—Syn Eindexamen	95
Hoofstuk XIX.—Hooger op.—Professor in Hiram.—Na di Parlement.—Lincoln President, Uitbreek van di oorlog.—Generaal Garfield.—'n Paar ou Maters.—Kaptein op 'n Skip.—'n Gevaarlike rid.—In di Congres.—Lincoln vermoord.—Garfield stil di storm ...	97
Hoofstuk XX.—Di hoogste sport	106
Hoofstuk XXI.—Van di Witte huis na di "Vaderhuis"	107

Van di Blokhuis na di Witte Huis.

DI LEWE VAN JAMES ABRAHAM GARFIELD,

Oerlede President van di Vereenigde State van Noord Amerika.

(Bewerk uit Engels en Hollans.)

INLEIDING.

Gedurende di laaste halwe eeuw het in Amerika twe persone geleaf wat veul oereenkoms met mekaar gehad het. Albei werd in di wildernis in planke hutte, deur hulle vaders gebouwd, gebore. Albei was so arm as 'n mens mar byna kan wees. Albei werd met talente van di hoogste graad gebore; mar gen een het vroeg di voorregte van skole en onderwysers gehad. Di een verloor syn moeder toen hy ag jaar,—di ander syn vader toen hy agtien maande oud was. Albei het toen hulle ag jaar oud was op 'n boereplaas gewerk, hout gekap en verder gedaan wat nodig was om 'n onderhoud te lie. Albei het gebruik gemaak van elk ledige minuut om te lees en te studeer; en het soveul boeke gelees as hulle myle ver in di omtrek kon te leen kry. Albei was in hulle omgewing en tyd bekend as veulbelowende jongelinge, met bisondere geesvermogens. Albei het vroeg reeds veul ywer en geeskrag an di dag geleg, deur 'n anleg te toon ver alle soorte arbeid, so's boerdery- en timmermanswerk, houtkap, karweiry, ens. Di een het in syn jeug met 'n platboomskiut langes di Ohio en Mississippi riviere afgeseil na Nuw Orleans, op 'n handelstog, di ander het in diselfde ouderdom op di Ohio en Pensylvania Kanaal gedien as eseldrywer en stuurman. Albei was bekend ver hulle vlyt, volharding, eerlikheid, moed, spaarsaamheid, degelikheid, nougesetheid, vasberadenheid en mildadigheid. Albei het in di bosse van Amerika onderwys gege, se gou as hulle daartoe in staat was. Albei werd lede van di wetgeving van hulle geboorte Staat,

voor hulle dertigste jaar. Albei het hulle land in oorlog gedien, op omtrent dieselfde ouderdom. Albei was di jongste lede van di wetgewing en di jongste offisiere in di le'er, toen hulle gedien het. Di talente en welsprekendheid van albei het hulle gemaak tot lede van di Kongres*; di een toen hy sewen-en-dertig, di ander toen hy dri-en-dertig jaar oud was. Albei het dadelik 'n naam gemaak as woordvoerders en vloeiende sprekers, sowel as kragtige teenstanders van slawerny. Gen een van di twe was kandidate in di Nasionale Convensi wat ver hulle tot di Presidentskap geneminceer het,—albei was kandidate waartoe oergekom werd, toen dit duidelik was dat eenheid deur gen ander kon verkry worde. Hulle name werd onder grote geesdrif genoemd; duisende het gejuig, hoede en sakdoeke werd in di lug geswaaid, terwyl di musiekbendes volksliedere speel. Di nominasi van albei tot di Presidentskap werd met nitbundige vreugdebetonings deur di hele land begroet. En eindelijk, albei werd deur di hand van 'n sluipmoordenaar van di lewe beroof.—Di een was **ABRAM LINCOLN**; di ander **JAMES ABRAHAM GARFIELD**.

Ons doel is dan, geagte leser, om in korte trekke en eenvoudige woorde di lewensgeskiedenis van di laasgenoemde mededeel;—van 'n man wat as kind van syn godsalige moeder di spreekwoord geleer het. “Waar 'n wil is, is oek 'n weg,” en wat di spreuk gedurende syn lewe beoefen het;—van 'n man wat di moed had om nooit iets teen di wil van syn vrome moeder, of teen di inspraak van syn deur Gods Woord verligte gewete, te doen;—van 'n man, arm en onder nederige omstandighede gebore, mar wat hom deur moed en volharding, met di bystand en hulp van di Almagtige, opgewerk het tot di hoogste trap in di maatskappy;—van 'n man uit wi syn lewe, lewenswysheid en lewenslesse te leer is, ver iedereen.

I.

JAMES GARFIELD SYN OUERS EN VOOROUERS.—'N BLOKHUIS IN DI WILDERNIS.—'N BOSBRAND.—ABRAM'S SIEKTE; SYN DOOD EN BEGRAFENIS.

In 1799 woon daar in Worcester, in di Staat van New York 'n boer met di naam van Thomas Garfield. Diselfde

* Di Amerikaanse Parlement.

jaar werd hom 'n seun gebore, met di naam van Abram; en twe-en-dertig jare later werd di seun di vader van James A. Garfield.

Voor dat di Abram twe jaar oud was werd syn vader skielik siek en sterf, terwyl syn moeder met verskeie kinders brand-arm nablyf. Daar dit onmolik was ver di moeder om haar kinders by haar te hou, neem 'n buurman ver Abram in syn huis, om hom soos een van syn eie kinders op te voede. Toen hy omtrent 10 jaar oud was, kom daar in di buurte 'n vrou woon, 'n weduwe Ballou, wat 'n dogter Elisa had, omtrent 'n jaar jonger as Abram, 'n mooi veulbelowende meisi. Abram en Elisa werd gou-gou speulmakers, en het net veul van makkaar gehou.

Ongelukkig toen Elisa omtrent 14 jaar oud was, kry di weduwe Ballou dit in haar kop om na di "verre weste," na Ohio, te vertrek, en so moes Abram en Eliza weer skei. Di afskeid was hard en hartelik en Abram blyf treurig en alleen agter. Enige jare was verlope en Abram was intussen 'n flinke kerel van omtrent 20 jaar geworde. Lui was hy ni, hy kon fluks werk; mar tog gaat alles ni na syn sin ni. Daar kry hy meteens di "Ohio-koors;" hy wou na di "verre weste" om daar syn geluk te gaan beproewe en by sigself dog hy: "wi weet miskien vind ek daar myn verlore speulmakker weer." So geseg, so gedaan. Eeis kom hy in Nuwburg digte by Clevelaland an, en hoewel dit nog mar 'n nuwe dorp was, kry hy daar fluks werk.

Mar al di tyd het hy syn Elisa ni nog vergeet ni; hy dink nog gedurig an haar, en doet wat hy kan om uit te vinde waar sy is. Eindelijk ge'uk dit hom. Hy verneem waar sy woon en gaat daarheen. Dat hy vrindelik ontvang werd en bisonderlik deur Elisa, wat hom oek nog ni vergeet het ni, behoef nouweliks geseg te worde. Elisa was nou 'n mooi vris meisi geworde, van ruim 19 jaar oud, net di vrou ver Abram. En binne di twe jare, op di 3de Fewerwari 1821, was di twe getroud. Kort daarna verhuis di paartji na hulle nuwe huis in Nuwburg, waar hulle hulle intrek in 'n blokhuis van 18 by 20 voet neem. Dit was 'n nederige, eenvoudige huis, mar ware liefde het meer geluk daarin gebring, as in menig groot en sierlik huis gevonde word.

Nege jaar het hulle in di huis gewoon, gedurende welke tyd dri kinders gebore werd, een seun, Thomas, en twe dogters. Mar di nege jare, was jare van innerlik geluk en vrede. Selde het 'n paar mense meer ver makkaar geleef, en dit nogal so afgesonderd van di buitewereld; mar hulle het ni alleen geleef ni, want hulle eensaamheid was gemeensaamheid met

God. Albei het di Heere in alle eenvoudigheid en opregtheid gevrees, en geleef by di woord Gods wat hulle da'eliks spyse was. Daardeur was ver hulle menig tafel toebereid in di woestyn, en het hulle beker o'ergeleop van huiselik en innerlik genot.

Met di vermeerdering van di famili werd di huis egter te klein, en so koop Abram, omtrent 17 myle daarvandaan, 'n stuk grond van ruim 20 morre groot, ver 8s. 4d. di morre. Daar woon hy in di nabyheid van syn swa'er, Amos Boynton, ofskoon di woord "nabyheid" ni al te letterlik moet opגעneem worde, want di naaste buurman het nog sewe myle ver gewoon. Daar werd toen 'n huis geboud, iets groter en beter as di eerste. Dit was twintig by dertig voet, van balke op mekaar gepak en an makaar gespyker, an di voorkant ruim twaalf voet en an di agterkant ruim ag voet hoog. Di openings tussen di blokke werd met klei toegesmeerd. Di skoorsteen was oek met hout en modder geboud; want hier leg al di benodighede voor di hand, dis mar net ver neem. Di deur was van ruwe planke gemaak en di dri smalle vensters was met geölide papier, in plaas van met glas, toegemaak. Di vloer was van balke, in di middel deur gekloof, en met di plat kant na bo geleg. Onder di dak was nog 'n soldertji, waar 'n mens met 'n leer na toe opklim; op di soldertji slaap di kinders, mar ni op vere bedde en kussens ni, ne, op strooi. Di huisraad was mees deur Abram self gemaak en daarom had dit soveul antreklikheid ver syn vrou Elisa. Dit het bestaan uit 'n half dosyn stoele met dri pote, 'n ruwe tafel, 'n kooi, 'n braaipan, 'n yser pot, twe hout skottels met messe en vurkens, en 'n sogenoemde "Hollanse oont" of vuurpot, wat eigenlijk niks anders was as 'n groot ketel met 'n o'erhangende deksel, waarop di kole geleg werd. Dit was dan di huis, waarin JAMES A. GARFIELD, di held van ons geskidenis, op di 19de November 1831 gebore werd.

Abram Garfield was 'n sterk, vris man, in staat om veul te verduur; net di man om di wildernis in te trek, 'n huis te bou en land skoon te maak ver 'n plaas. Moed en kennis ver so'n onderneming had hy genoeg. Syn verstand was in goeie ewerdigheid na syn liggaam, groot en bedrywig, en onder ander en meer gunstige omstandighede sou hy 'n man van betekenis ver syn geslag kon geworde wees. Mar hy was ni di man ver grootheid bestemd ni, dit sou syn jongste seun ten deel val.

So's ons reeds gesien het was daar geluk en voorspoed, oek in di nuwe blokhuis. Mar di voorspoed was ni blywend. Een en 'n half jaar verloop daar na di geboorte van hulle

jongste kind Abram, en toen—ja toen werd hulle gelei in di dal van beproewing, toen kom daar, tenminste ver moeder en kinders, grote droefenis.

Eens op 'n dag,—ver di familie onvergetelik, kom vader Garfield haastig met opgestrookte mouwe, kaalkop en kaalvoete di huis ingeloop. Op syn gesig was besorgdheid en skrik te lees. “Ek het 'n geroep gehoor,” seg hy, “wat my laat bewe! Di geroep klink deur di bosse en di ego's herhaal dit.”

“Wat is dit dan te doen?” vraag Elisa, terwyl sy moeite doet om haar bedaard en koel te hou.

“Bosbrand! myn lieve vrou,” antwoord hy. “Daar is gen tyd te verlies.”

In di tyd was bosbrande in di somer ni iets ongewoons ni, en dikwils werd grote streke bosse afgebrand, waardeur huise en plantasies van di wakkere voortrekkers vernield werd. Daar moes dus dadelik gewerk worde, anders was Garfield met syn huisgesin en alles wat hy had verlore.

Hy gryp syn byl en skop en hardloop na buite. “Kom julle oek, kinders, kom gou,” seg hy. “Ons moet veg te'en di vuur, anders bly daar niks van ons huis o'er ni.”

“Ja, ek vrees dit,” seg moeder Garfield, terwyl sy met 'n besorgde gesig, haar kleine James, van agtien maande oud, ankyk.

Mar wat wil Garfield nou doen? Di vernilende bosbrand te'enhou? Dis mos onmolik; daar is ni an te dink om di vuur te blus ni. Ne, syn voorneme is om al wat brandbaar is rondom di huis weg te kap en uit te roei, om daardeur di vuur 'n grens an te wys, waar dit as van self moet ophou, omdat dit niks meer het om te brand ni. Op di manier wil hy syn ei'endom redde.

Di vurige vyand kom al nader; dit is 'n verskriklik gesig; alles moet wyk, alles gaat in vlamme en rook op wat mar enigzins kan brande. Di huisvader worstel uit al syn mag met di woedende element. Hy veg ver di redding en veiligheid van vrou en kinders, huis en goed, alles di vrug van ei'e arbeid en sweet. Di kinders help soveul hulle kragte toelaat, en di moeder stuur van uit di hut haar gebede na bowe. Eindelijk,—dit het hulle geluk, di wind begin in 'n ander koers te waai, di vlamme word verby gedrywe, di hut bly vry en Garfield met syn huisgesin is gered. God sy geloof!

Uitgeput van vermoecenis en terwyl di sweet van hom afdruppel gaat Garfield op 'n boomstam sit en laat di frisse aandwind syn gloeiende gesig verkoel en syn zweet opdro'e.

Mar ag, hy wis ni, dat di koele westewind ver hom op di o'eblik gevaarliker was as di vuur wat hy verdrywe het. Hy vat 'n kou'e, wat op di longe gaat sit. Met sware pyne en 'n hewige koors gaat hy na bed. Vroeg di vollende moere stuur Elisa ver Thomas na haar swa'er Boynton en ver Mehatabel, di oudste meisi, na 'n ander buurman, nog verder af, wat voorge dat hy kennis van medisyne het. Albei kom. Di kwaksalwer sit dadelik 'n trekpleister op, en hoewel hy dit goed meen, vererger dit net di kwaal. Al wat Elisa mar kon bedink werd deur haar met troue liefde gedaan om haar man gesond te maak; mar alles was vrugteloos,—hy sterf in grote benoudheid. Bang was hy echter ni om te sterwe ni, want hy het daarnaar geleef. Syn laaste woorde was, terwyl hy haar veelbetekenend ankyk en syn oo'e op di vier kinders slaat: "Ek het vier jonge spruitjes hier in di bos geplant, en moet dit nou an jou sorg o'erlaat, mar jy staat ni alleen daarvoor ni." Daarna slaat hy syn oo'e na bowe, vanwaar syn verwagting was en..... Abiam Garfield was heengegaan naar die huis met vele woninge,—en syn Elisa was 'n weduwe.

Sy buig haar oer di wieg van haar jongste lieveling, wat ni weet waarom moeder so huil, mar van nou af te vergeefs di hantjies naar vader sou uitsteek. Hij was nog mar agtien maande oud, toen syn vader sterf, en dit was oek mar goed dat hy ni kon deel neem in di droefheid wat daar in di huis heers ni, want waarlik daar was smart genoeg, sonder syn klaagtonc.

Di bure kom in klein getal, want daar woon toen mar vier of vyf families in di omtrek van tien myle. Hulle treur met di weduwe en help haar by di begrafenis. Di stoffelijk o'erblyfsel werd in 'n ruwe kis geleg, langzaam en eerbiedig deur di smalle huisdeur geskuiwe, en toen in 'n hoek van di koornland, digteby di huis, begrawe. Daar was gen lykpredekasi in di sterfhuis, en gen uitwendige teekens van rou by di graf; net mar tranen en stille gebede tot di lewende God..... O leser! tensy jy dit ondervonde het, kan jy nooit 'n denkbeeld vorm hoe akelig, somber, treurig, en oatmoedigend di begrafenis van 'n innig geliefde in di wildernis is, tussen di ou'e swygende bome. Mar misskien is daar onder ons lesers, wat met trek in di binnenlande van Afrika 'n innig geliefde, hetsy 'n man of vrou, 'n vader of moeder, 'n kind, of ander naasbestaande, in di eensame woestyn moes agterlaat; wel, di sal kan weet en verstaan wat moeder Garfield en haar huisgesin in di o'eblik gevoel het. En nog treuriger..... want onder di mense wat di begrafenis bywoon was daar ni een wat di

vrymoedigheid had om 'n gebed te doen, of di weduwe an 'n gepaste bybelteks te herinner.

Mar di Heere wat di wind versag ver di geskeerde lam was oek hier wat hy altyd is; di Vader van di wese, di Regter van di weduwe. Di weduwe leef nou nog, en na verloop van vyftig jaar vertoon sy nog di teekens van di smart. Had sy toen kon droom dat di suigeling in haar arme, di jongste kind van di vader, 'n halwe eeuw later, op 'n geringe afstand van diselfde plek grond, op geheel andere wyse sou begrawe worde! Had sy kon dink dat daar 'n sierlike lykkoets deur twaalf pèrde getrek en gevolg deur 'n ontelbare dubbele ry van koetse, waarin di voornaamste van di land plaats geneem het, di stoffelik o'erskot van haar James sou vervoer, en dat by di graf 'n onafsienbare skaar van liefhebbende mans en vroues, algar vrye burgers van di Republiek, sou instem met di gebed, wat daar deur 'n moedig en ootmoedig krygsman, di veldprediker van Garfield's resiment, opgesonde werā, en mee sing di-gesang wat op lieflike wyse van opstanding en ewig lewe spreek? Hoe kon sy toen vermoede wat sy nou alles beleef? Ne, dit kon sy ni. Di Heere het an haar ni alleen getrou Syn woord gehou, mar gedaan bowe bidde of denke, en daarom is Syn vertroostings haar nog ni te klein ni.

Vyftig jaar.....wat 'n lange weg lê daar tussen di twe tyd-punte, dat di suigeling daar in di blokhuis in syn ruwe wieg sluimer, en dat daar di president sluimer in sya plegtige graf. "Heere, hoe ondoorgrondelyk zyn uwe gedachten, hoe onnaspeurlyk uwe wegen!"

Ons wil trag om di draad van di man syn lewe te volg van uit di blokhuis, na di "Witte Huis,"* en dan terug na di stille graf.

II.

WINTER IN DI WILDERNIS.—BESLUIT OM TE BLY.—LENTE EN SOMER, EN TOG GROTE NOOD.—BETERE TYE BREEK AN.

Di winter begin, en winter in di wildernis, vernameelik as di sterke aardse arm, waarop kon vertrou worde ver ondersteuning en veiligheid, deur di dood ontval, is ni berekend om droefheid en smart uit 'n huis te verban ni. Kan menselike

* Di woonhuis van di President word genoemd di "Witte Huis," omdat dit van wit klippe geboud is.

ondervinding meer treurig wees, as 'n vrou 'n weduwe gelaat worde alleen met haar kinders in 'n eensame en woese land, waar ruwe winter storme woed; en as di nood nog meer verhoog worde deur bittere armoede, sodat suinigheid en sorgvuldig oerleg noodig is om di niterste gebrek buiten deur te hou? O, watter 'n winter was dit! Di sneeuw, waaronder di dierbare graf in di hoek van di koorland bedek word, leg diep, en di sterke winde huil deur di naakte bosse as of hulle di doode nog beweene. Di getjank van wolwe en di gebrul van tiers werd nooit so vreeselik gehoor as gedurende di lange, eensame winter nagte. Somtyds lyk dit byna of di wilde diere gewet het dat di vader van di huisgesin dood was, daarom dat hulle tot by di deur gekom het om daar hulle akelige geluide te laat hoor. Di kinders leg dan snags bewende te luister na di gehuil van wolwe en ander gediertes; di kleine James egter slaap rustig voort, onbewus van di gevare wat hom omring. Hy werd deur God bewaard ver di nag van nasionale gevaar, as di rower-wolwe hulle geluid sou laat hoor an di deur van di Republiek. Droewige gedagtes, bittere tranen, eensame ure, en veydelde hoop was wat di winter ver di huisgesin opegelewer het.

Eindelik, na 'n nooit-te-vergete winter, breek di lente aan; sneeuw en ys verdwyn, oweral kom nuwe lewe, bekalve in di hoek van di koorland; daar was nog gen opstanding, en daarom werd di hoop in di blokhuis oek ni te veul verlewendig ni en 'n duistere toekoms maak selfs di heerlike lentetyd treurig. Daar was gen geld in di huis, en daar was nog skuld op di plaas; kos begin skaars te worde, en di kinders vraag om brood. Wat moes di moeder doen?

In haar moeielijkheid pleeg moeder Garfield raad met haar bure, en di eerste wat sy na toe gaat was haar swa'er Boynton, wat haar altyd so vriendelik gehelp het.

"Elisa," seg hy "dis onmolik ver jou om met vier klein kindertjies hier in di bos te bly sit en jou boerderytji is ni daar na om deur vrous en kinders bestuurd te worde; jou Abram was 'n sterk vris man en kon werk soos twe ander. Di beste is nou ver jou om di boel te verkoop en na jou vrinde terug te keer."

"En myn man moet ek hier in di koorland laat agterbly" seg sy in grote droefheid, "ne, dit kan ek nooit doen ni!"

"Mar wat kan jy dan anders doen, Elisa? Neem di sake soos dit is."

"Juis, ek neem di sake soos dit is," seg sy. "Mar kyk as ek myn skulde nou afbetaal dan bly daar bitter min o'er, as ek by myn familie kom, en om dan van di liefdadigheid van

ander te gaan lewe...op myn leeftyd! ne, Boynton, daar is 'n God wat ver weduwes en wese sorg. Met Hom sal ek wa'e op myn plaas te bly. Di eiendom is my dubbel dierbaar, nou myn man dit met syn lewe betaal het. Dit is my 'n heilige plig om oer syn graf te waak."

Boynton kon ni anders as di liefde, di geloof en moed van syn skoonsuster eerbiedig en vraag haar: "Mar wat wil jy dan begin, liewe Elisa?"

"Ek verkoop so veul land as nodig is om ons skuld geheel af te betaal en dan het ek nog albei hande om te werk en 'n hoof om te dink."

"Ja waarlik, daar het ek ni om gedog ni. Dit is misschien nogal di beste plan om uit jou moeilikhede te kom. Dink daaro'er en ek sal kyk wat kan gedaan worde"

Daarop neem sy afskeid van Boynton, mar gaat toen na iemand wat magtiger is as haar buurman, na wi sy reeds dikwils gegaan het in haar bekommernis, en by wi sy altyd raad en troos gevorde het. Op haar kni'e in 'n hoek van di hut leg sy haar saak voor di Heere, sonder veul woorde, mar in trane en onuitsprekelike versugtings. Dit geef haar moed en krag, en toen sy van haar kni'e opstaat, voel sy gelukkiger as sy ooit gevoel het na haar man syn dood; en onwillekeurig kom di woorde van Psalm 27: 1 haar te binne: "De Heere is myn licht en myn heil, voor wien zou ik vreezen? De Heere is myn levens-kragt, voor wien zou ik vervaard zyn?" En an di woorde had Elisa Garfield oek genoeg.


Sy roep ver Thomas. Hy was haar oudste seun, mar slegs 11 jaar oud. Tog was daar pit in hom; hy had sya vader's en moeder's natuur en an moed ontbreek dit hom velstrek ni. Hy voel hom heeltemal 'n groot man, nou dat syn moeder hom tot haar verrouweling maak en di dinge wat dar te doen was met hom bespreek, terwyl sy daarby sê, dat sy 'op hom reken as op haar regterhand.

"O, moeder," seg hy "ek kan ploeg en saai, hout kap, di koei'e melk en nog meer."

"Jy is nog mar jonk en swak om soveul te doen," antwoord syn moeder, "mar met di kulp van onse Heere sal ons wel reg kom. God het beloof om met di weese en weduwes te wees. Ek gevoel ni dat ek hier vandaan moet weg trek ni."

"Ons hoef oek ni," sê Tom gou, "ek wil oek hiewer hier bly, en ek sal net baing werk."

"Ja, mar daarom ni te hard ni, myn kind, anders is daar naderhand tve grafte, in plaas van een, in di hoek van di koorland," sê Juffer Garfield met andoening. "Ons meet eers di heining om di koorland klaar maak, en dit sal hard werk wees."



Tom het woord gehou; hy het syn moeder trou gehelp. 'n Gedeelte van di grond werd verkog, en met di oprings di skulde betaald. Di mense wat di grond gekoop het was dikwils gewillig om ver di arme weduwe met haar vier kindertjies te help, b.v., in di ploegtyd 'n perd te leen. So sukkel hulle voort. Di eerste winter was di ergste; dit was in di jaar 1834. Sy had veul van di grond verkog, mar niks oe'r gehou, en daarby was alles bitter duur. Dikwils kon di kleine Jim hom mar volstrek ni begryp wat moeder skeel ni, en waarom daar so veul trane in haar oo'e was as sy hom an haar hart druk, mar later het hy daar alles van begryp, en had toen syn moeder so veul te meer lief.

Sodra hy mar ore had wat kan laister vertel sy hom van God, di Vader van di wese, leer sy hom di hantjies vou en knietjies buiê, en verhaal hom di heerlike geskiedenis uit di Bybel, vooral di wat ver kinders sou veul antrekliks het. Voor hy nog drie jaar oud was, wis hy alles van Josef en Moses, van David en Noach, en veral van di kindji van Bethlehem. Dit was daar wel 'n p'anke hut in di wildernis, mar ni 'n huis sonder 'n Bybel ni; inteedeel: di woord Gods het daar alles besiel; algar kon an moeder sien watter 'n troos sy uit di boek skeep; algar hoor di lewenslesse wat dit bevat...en gelukkig het hulle behalwe dit weinig gehoor, wat di goeie indrukke kon weg neem. Wat 'n voorreg is dit tog om so 'n moeder te besit!

Mar nog 'n sware beproewing sou di familie moes deurgaan. So's ons reeds gesien het was di kos skaars, en daar was ni geld om meer te koop ni. 'n Noukeurige ondersoek laat di moeder ontdek dat di voorraad koorn lank voor oestyd sal op wees, daarom, sonder om met haar kinders daarvan te praat, tel sy di getal maande en da'e af tot oestyd en bereken hoeveel koorn elke dag sal moet gebruik worde om net uit te kom. Tot haar verwondering en droefheid moes sy ontdek dat met matige da'elike rantsoene di koorn tog voor oestyd sal op wees. Sy siet dadelik di saak in, en deure ware moederliefde gedronge besluit sy om self verder martwemaal, in plaas van drimaal, op 'n dag te eet. Ver 'n tyd hou sy dit vol, hoewel sy swaar moes werk, byna bo haar kragte. Mar wat gebeur? Na 'n paar weke egter moes sy uitvinde dat sy haar berekening verkeerd gemaak het, en dat vollens di da'elike rantsoene, so's sy dit toen gemaak het, di koorn tog sou opraak lank voor di nuwe oes ingesamel is. Sonder murmerering en met 'n martelaars gees besield, besluit sy om verder haar middag-maal oek te laat staan; en van toen af tot oestyd het sy net een maal op 'n dag geëet. Dit alles doet sy, sonder dit ver haar kinders te laat merk.

Waarlik, had sy toen gen God, wat di jonge kraaie hoor as hulle skree en sonder wiens wil gen haar van ons hoof val, sy sou seker deur gebrek omgekom het, en di geskiedenis van di familie daar sou op 'n end gewees het.

Mar eindelijk kom oestyd, en 'n geseende oestyd was dit. Di arme moeder moes lank en hard veg teen di hongerwolf, mar sy was deur haar geloof as 'n oerwinnaar uit di stryd gekom, en nou vloei haar hart van dankbaarheid an di Grote Gewer oer. Di 23ste Psalm: "De Heere is myn Herder; my zal niets ontbreken," enz., had {oek in di blokhuis syn volle betekenis gekry.

In 1835 kom daar in di nabyheid 'n famili woon, wat ver di Garfields 'n hele uitkoms was. Dikwils had hulle naaiwerk, en daarmee kon Juffr. Garfield help; oek kon Tom heel wat geld verdien deur te help ploeg en houtkap; dit was dan oek di eerste maal dat hy ver syn moeder kon geld bring wat hy self verdien het. O! hoe gelukkig was hy di aand toen hy, met syn eerste self-verdiende geld in di hand, di huis inkom en ver syn moeder sê:

"Nou kan di skoemaker ver Jim 'n paar veldskoene kom maak."

"Seker," was haar antwoord, "en Jim sal syn eerste paar veldskoene an jou te danke hê. Daar sal jy nooit spyt van hê ni. Ons sal dus mar dadelik ver di skoemaker laat weet dat hy moet kom so gou as hy kan."

Ver Jim was syn eerste paar skoene 'n groote skat, en di dag toen hy dit kon antrek, 'n dag van groter gewig as waarop hy byna dertig jaar later tot lid van di Congres gekies werd.

III.

EERSTE DAG OP SKOOL.—SKOLE VAN DI TYD.—JIM SPEUL SKOOLMEESTER.—JIM BEGIN TE VERSTAAN WAT HY LEES.

Op 'n seker dag, nadat Tom 'n perd, wat hy van hulle buurman geleen het, tuisgebring het, kom hy verheug di huis binne en seg: "Ma, daar word 'n skool gebou, een en 'n halwe myl hier vandaan, en daar kom 'n "meester" oek. Dit kom net goed ver Jim, nou kan hy oek skool toe gaan."

Di moeder lag, want Jim was nog ni eens vier jaar oud ni; mar sy had daar niks op teen en antwoord: "O ja, dis goed ver Jim, mar ver jou oek, Tom. Jy is nou dertien jaar oud en kan wel 'n bietji lees en skrywe, mar met syfer gaat dit nog ni al te goed ni."

Ek wens wel dat ek oek kan gaan, mar wi sal dan in di tuin werk, en wi sal saai en oes as ek skool toe gaan. Ne, ma, di meisies en Jim kan gaan, mar ek is hier nodig, om te werk ver ons kos en klere."

Di moeder had niks daarteen in te bring ni; net mar had sy beswaar hoe Jim di end na di skool sou loop.

"Daar weet ek raad voor, ma," seg di oudste dogter, wat di vreemde naam van *Mehetabel* had, "ek dra Jim op myn rug," nes of sy nog ni genoeg an di lang naam te dra het.

"Mar jy sal dit ni kan uithou ni; so 'n ver end," seg Tom, "jy sal daar gou moeg van worde, *Mehetabel*."

"En dink jy dat ek ni soveul ver Jim o'er het ni? Ek het al swaarder dragte hout in di bos gedra, en ek het ver Jim nog meer o'er," seg sy, met 'n opgeruimde gesig.

Eindelik was di dag daar waarop di skool sou geopend worde; 'n blye morre was dit; 'n gewigtige gebeurtenis toen *Mehetabel* met haar twe dragte,—haar lang naam en haar broertji,—en haar andere sussi di huis verlaat om skool toe te gaan.

Toen di dri weg was gaat Tom met 'n opgeruimde hart an syn werk, terwyl di moeder by haar spinnewiel gaan sit, nadat sy di kinders nog eers 'n end nagekyk het. Jim was hoogs in syn skik met syn eerste tog na skool.

Mar wat 'n lewe was dit toen di dri di aand tuis kom van di skool af.

"O Ma! dit was 'n heerlike dag ver ons," roep *Mehetabel*, toen sy di huis inkom met Jim an haar hand, tussen haar en haar sussi in.

"Ja, daar was een-en-twintig kinders in di skool," seg di laasgenoemde, "tot di kinders van mnr. Sanders was daar, en hulle moet nog tweemaal so ver loop as ons."

"En hoe het Jim dit nog al in di skool gemaak?" vraag di moeder, so gou as sy kans kon kry om iets te sê.

"O, regte goed, ma, hy was net in syn skik, en het syn a b c regte mooi opgesê. Raai ma, hy vra mos ver di meester, waarom di een letter syn naam R. is."

"En toen, wat het di meester gesê?"

"Ah! di meester seg toen, dat hy oek eenmaal net so klein was as Jim nou is, en toen het hulle ver hom in di skool gesê, dat di letter syn naam R. is; en hy het dit altyd goed onthou; nou moet Jim dit oek maar onthou en nooit vergeet ni."

"En," vra Tom ver Jim, "hoe het dit jou beval om so mooi perd-perd te ry skool toe.

"O, net lekker," antwoord hy vrolik.

“Mar Mehetabel, het jy ni baing moeg geword, om hom di hele end te dra ni?” vra Tom verder.

“Ne, hy is ni so swaar ni, en dan het hy entjies geloop oek.”

“En het hy stil gesit in di skool?”

“Ja, tamelik; net eenmaal het hy van syn plek geloop om te gaan kennis maak met 'n ander jongetji, wat op 'n ander bank gesit het.”

“En toen, wat het di meester gemaak?”

“Hy het hom dadelik gaan haal, en op syn plek gebring en gesê, dat in di skool elke jongetji en meisi 'n plek het, waar hulle moet bly sit. Toen verder het hy stil gesit.”

“Nou, kinders, ek is regte bly om te hoor dat di skool julle beval,” seg juffer Garfield, wat met moederlike belangstelling na di gesprekke geluister het. “Julle moet goed gebruik maak van di geleentheid wat julle het, al is dit ni so's op ander plase ni. Hier in di bosse kan 'n mens ni te veul verwag ni.”

Solank as di kinders an tafel sit wil ons eers iets meedeel omtrent di skole van di da'e. Di buiteskole in di tyd was geheel in ooreenstemming met di kolonisasi in di bosse. Waar 'n voldoende getal kinders op 'n seker plaas kon saam kom, daar werd 'n blokhuis oppgerig. Di skool waarin Jim syn eerste lesse kry, het in di Dal van Droefenis gestaan. Di rede waarom dit di Dal van Droefenis genoemd word, is ongeveer as volg: 'n Ondernemende Yankee het di anleg daar begin, angelok deur di mooi stroom water. Mar dit was winter toen hy daarheen trek, toen di stroom sterk was, en toen bou hy daar 'n meul. Toen egter di somer kom droog di stroom op en same met di stroom droog oek syn hoop op. Syn teleurstelling was toen so groot o'er di bedrieglike stroom, dat hy di plek di naam ge van “Dal der Droefenis,” om sodoende andere te waarskuw om ver hulle ni net so's hy vas te loop.

Mar ons was besig gewees om di skole van di da'e te examineer; ons sal dus mar angaan. James syn eerste skool, het ons reeds gesien, was in di Dal van Droefenis. Daar was 'n soort van dorp ontstaan, met 'n blokhuis, wat oek verwinkel moes dien, verder 'n meul en 'n paar ander huise. Daar was dan oek 'n blokhuis, 18 by 20 voet, waarin di onderwyser skool hou. Di meesters van di da'e was mar mense van tamelik middelmatige kennis. Skitterende sterre en professore was hulle ni. Gewoonlik werd hulle by di maand ver 'n bepaalde jaargety gehoord en moes dan om di beurt by een van di inwoners ver 'n week in di kos gaan. Lees, spelle, skrywe en bietji reken was di hoofsaak in 'n

skool, en in geval di meester meer weet, dan werd so wat van aardrykskunde en geskiedenis bygevoeg. Dan werd nog geskiedenis uit di Bybel an di kinders verteld, en di verstgevorde moes daaruit lees.

Van onderwyseresse het 'n mens in di tyd ni gehoor ni. Di geloof was dat 'n vroumens ni goed kon school hou ni. Di meesters was dikwils studente, wat ni di middels had om hulle studies voort te sit of te begin, en wat dan eers 'n tydji moes skool hou om wat te verdien.

Skool- en ander leesboeke was in di tyd mar skaars; wolwe en tiers was meer volop. Di Garfields had behalwe hulle Bybel en skoolboeke mar 'n paar ander leesboeke, sodat 'n mens by hulle, vooral by di kleine Jim, meer verstand as boeke sou kry. Hoe dikwils is dit net omgekeerd di geval; dat 'n mens iemand ontmoet met 'n groot pak boeke onder di arm of agter di rug, terwyl di hoof so leeg en hol as 'n kalbas is. Gaat mar na onse plase van geleerdheid en jy vindt meer as een van di soort, en wat tog deur 'n uiterlik vertoon van boeke, bril, toga, ens. ver geleerd wil deurgaen. Ne, kinders, wi dit lees, laat ons by Jim Garfield 'n les gaan leer van nederigheid, gepaard met verstand, so's ons oek nog verder uit syn lewe sal sien; mar lat ons oek ni vergeet wi ons alleen di ware wysheid en verstand kan skenk.

Onse Jim was regte pliesirig in di skool. Alles was nuw ver hom; syn rustelose en soekende gees moes alles weet en ondersoek. Gedurig had hy allerhande vrage te doen; mar dit was ni uit 'n dwase nuwskierigheid ni, dit was om alles goed te weet en te verstaan. So het syn vrage altyd genoegge gege, en het syn skoolmakers veul van hom begin te hou. As dit speul tyd is wou algar graag met hom speul.

Eens op 'n dag sou hij skoolmeester speul. Hy moes op 'n bank gaan staan en dan vrage uit di Bybel doen, en di ander kinders sou antwoorde. Mar di gevolg was dat hy kinders wat twee en drie maal so oud is as hy beskaamd gemaak het.

"Nou kom," seg een, "vra mar en ons sal antwoorde, mar moe ni al te taai vra'e doen ni."

Jim was gou klaar met syn eerste vrag: "Wi was di vader van Josef?"

"Jacob, Jacob," roep 'n party gelyk, "dis mar maklik."

"Nou wi was Josef syn kinders?"

Daar sit hulle algar met di mond vol tande, en kon gen antwoord ge ni.

"Wi het di ark gemaak?"

“Noach,” antwoord 'n heele party.

“En waarom moes hy di ark maak?”

Daar was weer stilte; dit was een van di taai vra'e, wat hy ni moes doen ni.

“Om hom self en syn familie in te behou as di grote sondvloed sou kom,” antwoord hy toen mar self.

“Wi was di oudste mens?”

“Mathusalem!” roep 'n half dosyn.

“En hoe oud was hy?” Hier haak dit weer, di vraag was oek te “taai” en Jim moes mar weer self antwoord ge.

“Wi was di sagmoedigste man?”

“Moses,” was di antwoord.

“En wi het 'n rok met allerhande kleure gehad?”

“Josef!”

“Wi is in di Roode Zee verdrink?” Gen een antwoord; weer te “taai”.

En so duur dit 'n kwartuur voort, dat Jim vra'e doet wat di grotere soms mar net moeite had om te beantwoorde, of in 't geheel ni kon beantwoorde ni. Toen hy klaar had sou hulle weer vra en hy moes antwoord, mar dit was net verniet dat hulle hom kon vastrek. Daarvoor het hy te goed by di huis altyd geluister as syn moeder ver hom uit di Bybel vertel. Mog Jim ver elk kind oek in dit geval tot voorbeeld wees!

Eindelik was dit weer winter,—mar nou gelukkig ni weer so 'n winter so's waarvan ons in 'n vorige hoofstuk gelees het ni. En tog was daar ver onse kleine Jim 'n moeilikheid, want hy kon ni skool toe gaan ni, omdat dit te koud was, en di sneeuw soms te dik geleg het, om so 'n ver end te loop. Oek ver Thomas was daar nog ni kans om skool toe te gaan ni, hoewel hy graag genoeg wil leer. Mar as verstandig en gehoorsaam kind sag hy in dat by di huis oek moet gewerk worde, anders was daar gen koorn en groente om te eet.

Di besluit was dus dat di twe meisies sou skool toe gaan en Thomas en Jim sou by di huis leer, waartoe in di lange winteraande goeie kans was. Vooral sou dit onder opsig van moeder Garfield geskiede en sy sou hulle dan voorthelp so veul sy kon.

Ver Jim was di aande volstrek ni lang ni, want vooral toen hy dit eers begin reg kry om kleine sinne met maklike woorde te lees, werd syn lus ver leer nog groter. Een aand nadat hy in syn leesboek di sin gelees het: “Di re'en val kletterend op di dak,” roep hy verheug uit: “Ja ma, dis net so's ek dit gehoor het, net so's dit hier in di boek staan!”

“Nou myn kind, dit wil ek graag glo; mar waarom is jy dan so verwonderd daaro'er?”

“Ne ek weet ni, ma; mar ek het nooit geweet dat dit in di boek oek so staan ni.” En van di oogenblik af het hy begin te verstaan waarvoor letters en woorde is. Van toen af werd hy in 'n nuwe wereld gevoerd,—'n wereld van gedagtes. Gedagtes word deur woorde uitgedruk en boeke bevat woorde, en daarom begin hy van toen met al syn vermoge na boeke te soek. Hy sou van nou af lees om te verstaan, én kan hy iets ni begryp ni, dan sou hy dit o'erlees, totdat hy dit begryp. Hoe baing is daar wat dit ni doen ni, en wat mar lees om gelees te hê. Dan was daar een geluk ver James: Hy was ni in di gelegenheid om baing boeke te lees ni, en di wat hy kon lees was sulke boeke waaruit hy gen kwaad mar wel goed sou trek.

IV.

’N NUWE SKOOL EN NUWE MEESTER.—JIM WIL GENERAAL WORDE.—
MOEILIKHEDE IN SKOOL.

“Ek sou daar wel wat voor wil oer hê, om 'n skool hier digteby ons te kry,” sê moeder Garfield een aand, toen sy en Buurman Boynton 'n gesprek had oer di skool.

“Ja, maar dit sal moeilik gaan om dit so ver te kry,” was syn antwoord.

“Ne, kyk,” seg sy “as ag of tien huisgesinne hier in di omtrek nou wil saam werk, dan sal dit wel reg kom. Dis nou ni meer so eensaam as toen myn oerlede man begrawe werd. Dan bou ons hier self 'n skoolhuis; en ons kinders hoof ni di groot end te loop ni.”

“En wat denk jy, waar sal di huis moet gebou worde?”

“Wel, ek sal daar graag 'n stuk grond voor wil afstaan, in een hoek van myn plaas,” was haar antwoord.

“Nou, di saak word my al meer aanneemlik, en ek hoop wel dit sal oek uitvoerbaar wees. Ek sal met di ander bure daar oer praat, en ons sal sien wat ons kan doen.”

Di gevolg van di onderhoud was dat voordat di winter begin, in di hoek van Juffer Garfield haar plaas, 'n blokhuis kant en klaar staat.

“Nou kan jy skool toe gaan, Jim, sonder perd-perd op jou sussie haar rug te ry,” seg Tom op 'n dag ver Jim, toen di

huis klaar was. "En nou gaat ek oek skool toe, want ek wil ni altoos so 'n dom kerel bly ni. Jy sal my anders gou verby wees."

"Jou meester kom van Nuw Hampshire, waar ek gebore is," seg di moeder. "Jy sal seker gek na hom wees; hy kom di eerste by ons loseer."

Ondertussen was Thomas besig om, met di hulp van syn moeder en susters, alles soveul molik in orde te bring en di werk klaar te maak, sodat as di meester kom, hy kan skool toe gaan. In di huis oek moes dit alles in di haak wees, want dit het nog al wat beteken om 'n meester in di huis te ontvang. Eindelik in di maand December kom di meester; syn naam was Foster. Op di eerste gesig was algar omtrent ewe verlege. Di meester was 'n kereltji van omtrent 20 jaar; 'n Yankee van 'n lomp voorkom, breed en swaarlywig, mar daarom regte goedhartig, en wat tamelik veul kennis opgedaan het, sonder dat hy juis veul skool gegaan [het of baing boeke gelees het; 'n egte boere-skoolmeester, so's di landverhuisers ver hulle geringe betaling ni beter kan verlang ni. Dan was hy iemand van goeie inbors, en ver wi dit werklik te doen was dat syn leerlinge moes vordering maak.

Syn slaapplek was op solder by Thomas en James, en gou gou was hulle goeie maats, mar vooral werd syn aandag na James getrokke, op wi hy dadelik 'n goeie oog had.

Nadat di eerste skooldag verby was en di meester en Jim voor di deur op 'n bank sit, leg hy vertrouwelik syn hand op James syn skouer en seg: "Nou, kerel, as jy mooi leer dan kan jy nog een dag GENERAAL worde."

Jim het in syn lewe nog nooit van 'n generaal gehoor ni, mar by hom self dog hy: dit moet wel iets groots en bisonders wees as meester met so veul ophef daarvan praat: en hy kon dit mar ni vergeet ni. Dit was hom gen minuut uit di gedagte. 'n Generaal.....hoe lang sou dit nog duur voor hy dit kan wees, al was dit dan oek al wat; hoeveel boeke sou hy moes uitleer voor hy sover kom. An meester wil of mag hy dit ni vra ni; mar ma,—sy weet alles, en sy sal oek wel weet wat 'n generaal is, en dit graag ver hom uitlê.

Di eerste vraag wat hy dan oek doen toen hy by di huis kom, en syn ma ontmoet, was: "Ma, wat is 'n generaal?"

"'n Generaal! Waar kom jy daaran?"

"Meester sê, as ek goed leer word ek een dag 'n generaal."

O, so, dan praat hy jou sulke dinge in di kop! Daar is jy nog glad te klein voor, en bowendien, dat sal jou wel moeilik oerkom."

“Mar ma, wat is dit dan?”

“Nou wel, luister mooi, dan sal ek dit ver jou vertel: Ek het jou mos al vertel van di Vryheids-oorlog,* Toen het jou o'ergrootvader oek onder 'n generaal geveg.† Jou grootvader, Edward Garfield, was met 'n party Puriteine uit England gekom om di Godsdienstvervolging te ontgaan, en het toen in Waterstad gaan woon, waar dit in di tyd net so woens was as dit nou hier is. Di Indiane was syn bure; van hulle het hy land gekoop en regte vredenliwend met hulle saam gewoon, so was dit oek met di ander trekkers. Alles blyf rustig tot in 1775. Toen breek daar oorlog uit met England. Di soldate van England het rooi baatjies met koper knope gedra en had gewere by hulle om di koloniste en boere van Massachusetts dood te skiet as hulle ni wil belowe om ver hulle an di Koning van England te onderwerp ni of ver hulle ni wil oer ge ni. Mar, ne, net verniet! Hulle was vry en wil vry bly. Hulle het ni hulle land verlaat om hier an di ander kant van di see weer slawe van 'n tiran te worde. Hulle gryp dadelik na di gewere en was vas beslote liewers al di rooibaaitjies dood te skiet dan om hulle te onderwerp. Jou oud-oom, Abraham Garfield, was oek onder di verdedigers van di Concord Brug. Dit was di begin van di Vryheids-oorlog, of, so's di Engelse dit noem, di Revolusi-oorlog; di oorlog waarin ons voorouers so dapper geveg het ver hulle regte, en oek jou oergrootvader Solomon Garfield mee geveg het. Ons soldate het blouw baatjies met koper knope gedra; hulle werd angevoerd deur generaals, waarvan Washington di voornaamste was. Di generaals het mooie jasse met goue linte en kwaste gedra, op hulle skouers was pragtige versiersels, en op hulle hoede had hulle pluime van vo'elstruisvere en ander mooie dinge, so's jy op di almanak kan sien waar Generaal Washington afgeteekend staat. Di generaals had gen gewere, net mar sawels, en in di gevegte ry hulle voor di soldate uit.”

James syn oo'e glinster, terwyl hy met ope mond na syn moeder staan te luister, toen sy hom dit alles vertel.

“Ek hoop, egter, liewe Jim,” gaat sy voort, “dat ons hier in ons land nooit weer generaals sal noodig hê ni, want oorlog

* Di leser sal in di volgende verhaal veel vinde wat oereenkoms het met ons Afrikaanse geskiedenis, en waaruit goed blyk dat England mar ni van vandag af 'n verdrukker van swakkere volke is, en dit net hoofsakelik is om syn grond honger te versadig en homself te verryk.

† PURITEIN, van 'n Latynse woord *puritas*,—'n soort mense wat bisonder streng kerkelike en Bybelse verordeninge handhaaf; soms werd hulle oek genoemd, reingelowige.

is mar 'n verskriklike ding, en daarom sal dit my eienlik mar spyt as jy een dag moes generaal worde; mar deur mooi te lees en goed op te pas kan jy net so'n geëerde man worde as 'n generaal, sonder mense dood te skiet.

“Mar ek sal jou nog wat meer vertel. Toen di vryheidsoorlog o'er was en di Heere ons di o'erwinning oer ons vyande gege het, is jou o'rgrootvader na di stad New York getrek, waar 'n seun, genaamd Thomas, gebore werd. Thomas is opgegroeï, naderhand getrou, en had 'n seun met di naam van Abram, en di Abram was jou vader. Hy is hier na Ohio getrek, en leg nou daar in di hoek van di koorland begrawe. Daar was dus onder jou voorou'ers gen generaals; hoewel perty van hulle seker net so fluks was as generaals.”

James antwoord ni; hy was in gedagte versonke, en hoewel hy op di ogenblik syn gedagtes ni kon terugge in woorde ni, tog is dit later geblyk watter 'n diepe indruk di verhaal op hom gemaak het. Hy gevoel dat hy 'n kind was van voorname voorou'ers, en neem hom voor om 'n waardige afstammeling van di geslag te worde. En mog di Engelse een dag terug kom, dan ja, dan sal hy wys wi hy is, dan sal hy oek wel generaal wil wees om syn land en volk te verdedig.

Hoe hy ooit so'n hoge trap sou beklim, daar had hy nou nog gen begrip van; di meester het van leer gepraat. Di meester was 'n beskermengel ver hom, so meen hy, en daarom werd di meester deur hom as 'n bisonder persoon beskoud. Di meester sou hom di pad wys om generaal te worde, daar het hy mos self di eerste van gepraat.

Mar, dis hier op di wereld ni altyd sonskyn ni, en somtyds gaat ons pad oek mar oer doorns. Dit moes James reeds di twede dag dat hy by meester Foster in di skool is ondervinde.

Di meester het 'n reel vasgestel, wat James byna wanhopig maak. Reeds di twede dag seg hy: “Kinders, 'n kind kan ni syn lesse goed leer ni, as hy ni gedurig in di boek kyk ni, en daarom is dit streng verbode om oer di boek heen te kyk”

Dit was meer as wat James kon volbring. Syn oo'e en oore was ver hom meer as boeke. Hy had dit nog nooit beproef om onbeweeglik stil te sit, met syn hande naar di boek en syn oo'e gedurig daarin. Hy wou wel gehoorsaam wees, geloof oek wel dat meester gelyk had, maar eer hy daaraan dag, was syn oo'e uit di boek en rond in di skool of deur di venster om te sien wat buite gebeur.

“James, het jy di reel vergeet?” roep meester.

“Ja, meester, ek het dit vergeet,” seg James, en kyk gou in syn boek.

Vyf minute later klink dit weer: "James, di reel al weer vergeet? Het jy so'n kort memori?"

James gehoorsaam wees, mar ag, di reel werd di bron van veul hartseer en kwelling ver meester sowel as ver leerling. Had di meester meer ondervinding van kinders, en veral di leerling beter geken, dan sou hy begryp het dat syn strenge reel alle ambisi by so'n kind uitdoof. Want dit was oek so, James sit in di skool meer te denk oer syn eoe en di boek dan oer syn les, en maak dus lauk ni sulke vorderings as by syn moeder tuis.

Toen meester Foster di weduwe Garfield sou verlaat om by 'n ander in di kos te gaan, spreek hy James syn moeder, in syn teenwoordigheid, op teleurgestelde toon aldus an: "Ek wil u ni graag iets onangenaams meedeel ni: James is waarlik 'n liewe kind, maar....."

"Nou, spreek mar vry uit, meester," antwoord di moeder.

"James is ni di leersame en vlugge kind, wat ek van hom verwag het."

"Hoe meen meester dit?" roep moeder Garfield verbaasd uit, "dit verwonder my."

"Ja, ek weet, dit bedroef u, mar James kan onmolik stil sit en in syn boek kyk, onder skooltyd. Ek vrees dat daar op di manier niks van hom tereg kom ni."

"O, James, myn kind!" roep di moeder op 'n bedroefde toon, sodat jy kan sien hoe di tyding haar gegrief en ter neer gesla'e het. Sy had gedag dat daar wat van haar lieveling sou worde as sy hom skool toe stuur, en nou was in een ogenblik al haar hoop vernietig en haar verwagting teleurgesteld.

"Ek wil en sal 'n goeie skolier worde!" roep James uit, terwyl hy in trane uitbars en met syn gesig in syn moeder haar skoot gaat lê "Ek meen om 'n soet kind te wees." En dit was di volle waarheid wat hy toen seg.

"Miskien kan hy ni stil sit ni," antwoord di moeder daarop, "hy was van altyd 'n woelige kind."

"Ek wil stil sit," was syn antwoord, terwyl hy nog ni syn trane kon bedwing ni.

"Miskien het ik hom dan ni begryp ni," seg di meester, wat an di droefheid van moeder en kind kon sien, dat hulle dit albei ernstig meen.

"Ek het vroeger nooit bemerk dat hy ni wil leer ni," seg di weduwe verder.

"Ek wil leer, ma," snik James.

"Ek weet dit, myn kind; sommige kinders doen ni altyd wat hulle wil ni."

"Jy is 'n goeie kind," seg Foster en leg weer syn hand op

James syn krulkop. "Ons is mos goeie vrinde, en dit sal ons bly; ons sal nog 'n slag perbeer."

Di meester siet toen in dat hy verkeerd gehad het, en van toen af het hy James oek meer vryheid gelaat ver syn hande en oo'e, en waarlik, hy het hom ni beklaag ni, want nou dat James vryelik kou rondkyk, het hy fluks geleer en was gou-gou een van di eerste in di skool. Hy voel hom buitendien gelukkig en was vrolik en ogeruimd.

Enige weke daarna ontmoet di meester en moeder makaar. Haar eerste vraag was: "Hoe gaat dit nou met Jim?"

"O, net fluks!" was di antwoord; en in di moeder haar oog kon 'n mens 'n traan, maar 'n traan van blydskap, bespeur. "Hy is 'n woelwater en dit sal hy bly; mar hy leer di beste van algar, gen een kan hom win ni. Ek denk seker dat daar nog wat van hom sal worde in di wereld."

"Ek hoop so," was di hoopvolle antwoord van di moeder, waarin haar hele hart saam stem.

Mar dat James 'n woelwater was is by honderde geleent-hede goed uitgekom. Thomas, syn broer, had daar onder andere, genoeg las van; selfs in di nag. Hy woel hulle dan albei heeltemaal oop, en dit wel twintigmaal in 'n nag, en dan moes di arme Tom uit di kooi om di komberse op te tel wat Jim afgeskop het, en in syn slaap seg hy dan: "Tom, maak my toe."

Dit word verhaald dat vyf en twintig jaar later, toen James Garfield tog werkelik 'n generaal was, hy op 'n seker nag, na 'n ernstige geveg, met ander offisiere in 'n tent leg te slaap. In syn rusteloosheid rol hy gedurig om totdat hy oop was en roep twe-drimaal uit: "Tom, maak my toe."

'n Offisier van syn le'er maak hona toen toe, hoewel syn naam ni Tom was ni, waardeur hy toen wakker werd.

Di ander dag morre werd hom verteld wat hy in syn slaap, gepraat het; hy verhaal toen an di mense wat by hom was, van di blokhuis en van syn goeie broer Tom, wat so'n las van hom had, as hy by hom slaap.

Toen di skool geopend werd had mnr. Foster geseg dat hy 'n mooi Nuwe Testament sou ge an di leerling wat hom di meeste voldoening ge met syn lesse en gedrag. Verskeie kinders het hulle bes gedaan om di prys te kry, mar net verniet. Toen di tyd byna om was, was dit oek tamelik seker wi di prys sou kry, en toen James di dag di prys ont-vang, moes algar toestem dat hy dit eerlik verdien het. Syn moeder kon van vreugde haar trane ni weerhou ni, toen hy di dag met di prys tuiskom. Dit was dus nou anders as wat di meester in di begin geseg het.

JAMES BEGIN BOER TE WORDE.—SYN MOED EN WIL.—WILLIAM CAREY.—JAMES WORD UIT DI SKOOL GEJAAG.—'N NUWE PLAN.

Sewe jaar was verlope nadat Abram Garfield in di koornland begrawe was, en di omtrek het daar heel anders uitgesien as toen di bosbrand so veul verwoesting angerig het. Daar het ondertussen meer mense in di omtrek kom woon; di skool het oek 'n heele lewendigheid in Juffer Garfield haar buurte veroorsaak. En wat di mooiste was, dat nou en dan Sondags Godsdienst gehou werd as een of ander predikant di streke besoek, of deur 'n deur-trekkende Sendeling. Dit het alles meer beskawing angebring, mar oek meer behoeftes veroorsaak. Di kinders moes toen skoene hê; hulle kleere moes beter wees as vroeger; di skoolmeester, boeke, en skryfbehoeftes moes betaald worde. Dit alles vreet geld.

Tom was reeds 'n jongetji van seventien jaar en kon fluks werk; daarby moes hy di pligte van "baas" vervul, hoewel elk ander lid van di huisgesin, syn of haar bisonder werk had. Kon Tom gemis worde dan gaat hy uit om di bure te help, en het daardeur meer as een sielling verdien, wat di famili mar net goed te pas gekom het.

So is alles langsamerhand vooruit gegaan, en Jim werd oek langsamerhand groter, sodat hy almeer kon help, byv. met koeie melk, hout kap, koorn uitslaan, tuin skoon maak, en ander ligte werkies. En as Tom gaan uit werk, dan moes hy na di boerdery kyk.

Dit was in syn negende jaar toen syn moeder eens op 'n dag di vollende gesprek met hom had: "Jim, jy begin nou al groot te worde en kom goed te pas in di boerdery. Thomas was nog ni elf jaar oud toen syn vader gestorwe is, en hy moes toen reeds begin te boer. Mar hy sal gou oud genoeg wees om di wereld in te gaan en syn fortuin te soek, en dan kom alles op jou neer."

"O, mar dit sal goed gaan," antwoord James, nog al heel beslis.

"Ja, mar jy sal tog nog wat moet leer. Deur oefening verkry 'n mens di kans."

"Ja, en as ek so oud is as Tom was, dan sal ek wel oek kan doen wat hy gedaan het."

"Ek hoop, Jim, dat jy leen dag nog wat beters as boerwerk sal doen."

"En wat sou dan beter kan wees as boerwerk?" vraag James, enigsins verbaas.

“Beter?” gaat di moeder voort, terwyl sy haar bedenk, “beter is eigenlik ni di woord ni, want al wat God ons opleg om te doen is goed; mar di een mens is beter geskik ver boerwerk as di ander. Sommige wil liever skoolmeester of predikant worde. Sou jy ni een dag wil skoolmeester worde as jy so oud as Tom is?”

“’n Skoolmeester van sewentien jaar oud?” seg James laggende. “Nou, ver so een sal di kinders tog oek ni bang wees ni! Mar, ma, eers kom nou di boerdery, en daar Tom uit is moet ek dadelik na di koeis gaan kyk.”

James was ’n kind wat nog nooit di woorde “ek kan ni” gebruik het ni—woorde wat ongelukkig te veel uit ’n kindermund gehoor word. Daar was waarlik pit in di klein’kereltji. Alles werd deur hom met moed angepak; syn moeders woord was wet ver hom, en haar begeerte werd met blydschap deur hom volbreng. Moeder het hom geleer; “waar ’n wil is daar is ’n weg,” mar daarby het sy geleer dat di weg ni deur ons bepaald word ni, mar deur Gods voorsienigheid word gewys en voorbereid. Di “ek wil” wat God behaag, bestaat daarin dat ons angryp wat di Heere ons laat ontmoet of onder ons hand breng, in di o’ertuiging dat ver di Heere niks te wonderlik is, en dat syn krag in ons swakheid volbreng word.”

“Di kind is vader van di man” is ’n waar spreekwoord, hoe snaaks dit oek al mog klink. Di kind is di knop, waarin di blom en di vrug sit, wat sal gesien worde. In di gesprekke wat James met syn moeder had, in syn kinderlike gedagtes, in syn praat en handel, was afgespiegeld wat van hom sou worde. Wat hy meen dat deur hom kon gedaan worde het hy oek getrag om te doen.

Van di beroemde Indise Sendeling, William Carey, word verhaald dat toen hy nog jong was, hy so’n liefhebber was om hoge bome en huise te beklim, wat ander hom ni kon nadoen ni. Een dag val hy bo uit di top van ’n boom en breek syn been. Hy moes verskeie weke in di kooi en in di huis bly, dat syn been weer kon angroei, mar di eerste ding wat hy gedaan het toen hy gesond was, was om in diselfde boom tot op diselfde plek te klim vanwaar hy uitgeval het, en dit net om te toon dat wat hy gedaan het ni onmolik was om te doen. Misskien mog een of ander hom ’n “gek” noem, mar elkeen wat lees wat Carey gedaan het ver di leidens, syn onverskrokkenheid in di grootste gevaar, syn haarbrede ontkomings van di dood, syn moed en koelheid in elke omstandigheid, sal di waarheid moet erken van di spreekwoord, dat di kind di vader is van di man.

“An Gods segen is alles gelege,” seg moeder.

“En wat sal God dan doen as ons ni ons bes doen ni?”
vraag James.

“Syn segen inhou. En dit is di ergste wat 'n mens ooit kan oer kom. “Sonder my kunt gy niets doen,” seg di Heere.”

“Ek het altyd gedog,” seg James, “dat God 'n mens net mar help om goed te worde in syn hart, en ni in di wereldse sake ni.”

God help in alles; God moet alles maak wat goed is,—goeie kinders, goeie mans, goeie boere, goeie skoolmeesters, en nog meer. Sonder syn hulp kan ons niks goeds doen ni.

James het di lesse van syn moeder ter harte geneem, en daar krag uit geput. Daarom, denk hy, kan hy net so goed as Tom na di boerdery kyk, want ver God kos dit ewe veul, of liewer ewe min moeite, om ver hom te help as ver Tom, al was di nou 'n bietji ouer.

Hoe hy van di beginsels voordeel getrek het, bewys syn volgend lewe, en wat hy dertig jaar later tot syn eie leerlinge seg: “Elke oerwinning wat jy behaal beteken niks, as jy ni daarvoor geveg het. Al wat jy wen moet jy self verower, en dan eers is dit jou eiendom.—Laat armoede jou ni in di pad staan; armoede is wel lastig, daarvan kan ek by onderviuding praat, mar nege uit di tien keer is dit seker di beste wat 'n jong mens kan oerkom, as hy met alles wat hy het oerboord gegooi word, en daardeur gedwonge word om te swem of te verdrink. Ek het baie van di soort gesien, mar het nooit bemerk dat een verdrink het, wat wêrd was om gered te worde.”

Nog 'n ander opmerklik gebeurtenis word ons uit syn jeugdige lewe verhaald. Eens op 'n dag sit hy met 'n skoolmaat te praat en te speel. “James en Henri,” roep di meester, “sit julle boeke weg en gaat albei dadelik huis toe; gen praatjes in di skool;—gou-maak!”

Di ding was ver hulle heeltemaal onverwags, mar dit was mening van di meester, en dus was daar niks an te doen ni.

“Ek sal huistoe gaan,” seg James; Henri seg niks. Albei verlaat di skool. James loop so vinnig as hy kan huistoe, ja, sodat syn bene onder hom wil breek, en kom dadelik net so gou weer terug skool toe. Toen di meester kort daarna na di kant kyk, waar di twe gesit praat het, bemerk hy James, terwyl di sweet by strale van hom afloop.

“Wat,” seg di meester, “het ek jou ni gesê om huistoe te gaan ni, sit jy nog daar.”

“Ek was al by di huis gewees, meneer.”

“Nou, jy kon mar daar gebly het.”

“Daar het meneer gen woord van gesê ni,” was James syn antwoord.

Di meester lag, en James, wat hom so goed uit di moeilikheid gehelp het, werd vergund in di skool te bly. Henri slenter onderwyl tussen di skool en syn huis heen en weer, tot dit tyd was om huis toe te gaan. Di meester het James syn plan met belangstelling opgemerk en dit was alweer 'n nuwe bewys dat daar werklik nog een dag wat van di kereltji sal worde.

VI.

JAMES WORD BOER.—TOM GAAT WEG MET BELOFTES VAN 'N NUWE HUIS.—ARMOEDE IN DI BOSSE OF IN DI STEDE.—JAMES SYN LUS OM TE LEER.

Mar skoolgaan kon alleen in di wintermaande geskiede in di somer was daar van onse meester niks te sien ni, en was James 'n boertji van di eerste klas.

James was toen omtrent 12 jaar oud en Thomas 21 jaar. Moeder het ver Thomas belowe as hy so oud is, dan kan hy di wye wereld ingaan om syn fortuin te maak. James moes nou syn plaas inneem, want Thomas sou ruim ses maande weg bly.

Nadat Thomas reeds ver 'n korte tyd weg was na Cleveland om daar te gaan werk, seg hy een dag ver James:

“Ah, Jim, nou sal jy moet boer worde. Ek gaat na Michigan; daar is baing werk, so's ek gehoor het.”

“Waar?” vraag James, wat nog ni van di naam gehoor het ni.

“Na Michigan,” herhaal Thomas, “dit lyk daar nog 'n bietji meer na 'n wildernis as hier.”

“En wat gaat jy daar maak?”

“Besgrond skoonmaak; ver 12 dollars in di maand.”

“Twaalf dollars! wat, sal jy soveul kry,” seg James met 'n verbaasde gesig; want 12 dollars (£2 10s.) was ver hom 'n groot kapitaal.

“Ja seker en dan kry ma, as ek tuis kom, 'n mooi nuwe huis. Ons het lank genoeg in di blokhuis gewoon. Sy moet 'n gerieflike huis hê met 3 kamers.”

“Ja, dit sal goed wees,” seg James, en begin meer eerbied te kry ver 'n broer wat soveul ver syn moeder oer het en soveul kon verdien.

Eindelik was di dag daar dat Thomas moes vertrek. Hy had alles soveel molik klaar gemaak, sodat James gemaklik kon angaan as hy weg was. Vollens gewoonte werd eers di huisgodsdien's verrig, en hartelik werd daar di morre ver Thomas gebede. Meer as een traan was in moeder Garfields oog te sien, en oek di auder had moeite om hulle goed te hou.

"Wat sal ons Thomas tog mis," seg di moeder, terwyl sy hom nakyk, toen hy daar wegstap, "hoe eenszaam sal dit nou wees, mar ons sal mar di beste daarvan moet maak, en di Heere sal wel help, dat alles sal regkom."

Wat enigins di gemis van Thomas vergeed het, was di vooruitsig van 'n mooi groter huis.

Van Tom was dit seker gewaag om di belofte te doen, daar di loon van 6 maande onmolik genoeg kon wees om 'n huis te bou. Mar nou moet 'n mens weet dat hy ver di laaste paar jaar al besig was om hout te kap en reg te saag ver 'n nuwe huis. In syn o'ertyd het hy heel wat benodighede by makkaar gemaak, sodat hy net op di geld gewag het, om di timmerman te kan betaal wat dit alles moes in mekaar sit.

Dit het waarlik bo verwagting goed gegaan na Thomas syn vertrek. Enige weke later kom 'n buurman by juffer Garfield, en na oer en weer gepraat kom di gesprek op haar jongste seun.

"Jim kan al net fluks werk, en daarby is hy handig met gereedskap."

"Ja, ek denk hy werk tamelik hard," antwoord di moeder.

"Dit is so, mar hier moet ons mar algar hard werk," seg di buurman.

"Di lewe van 'n Kolonis is alles behalwe 'n lekker lewe. In o'ervloed leef ons waarlyk ni, mar ek dink daarom, dat di armoede van di Koloniste hulle lewe lang ni so swaar te dra is, as armoede in di grote stede."

"Hoe meen jy dit?"

"Wel, kyk, hier het ons ni ryk mense om ons ni, wat in grote weelde en o'erdaad lewe, en met wi dit so opangenaam is om jou te vergelyk, deur wi jy gedurig as jy hulle sien an jou armoede herinner worde."

"En daarom beskou jy dit drageliker as algar saam arm is."

"Ja, ek dink so; 'n mens is dan eerder tevrede."

"Nou, hier is algar arm genoeg, met al ons land en beeste,—vollens jou beskouwing moes dan algar regte gelukkig en tevrede wees."

“So moes ons oek wees. Ek dink ons het dit hier goed en God segen ons meer as ons verdien.”

“Ek bewonder jou, juffer Garfield, mar my kom dit veer, dat ek ni so gelukkig is as ek wel moes wees, en dat dit in di groot stede heel wat angenamer is as by ons.” Net toen hy dit sê, kom James binne en hy gaat voort, terwyl hy hom na James draai: “Wel, wat dink jy daarvan, Jim?”

“Waarvan?” vraag James.

“Of koloniste 'n harder lot het dan ander mense.”

“Daarvan weet ek niks ni,” was di antwoord, “as ek eers weet hoe hard ander mense dit het dan sou ek daaroor kan oordeel.”

En hierin had hy volkome gelyk. Hy was gebore en opgevoed in di bosse; hy was 'n kind van di woud sonder enige ervaring van di buite-wereld. Hy het nooit 'n dorp gesien, nog minder 'n stad. Di skool, syn oom syn plaas, en nog 'n paar ander huise in di Droefeuis Dal het hy geken; hoe kon hy nou weet hoe dit in 'n stad toegaan. Hy was 'n gelukkige kind—gelukkig in syn te huis, gelukkig in di blokhuis. Hy had daar syn moeder, syn broer en susters, en di was hom dierbaar. Waarom sou hy dan ni tevrede wees ni. Di werk in di boerdery beval hom goed, omdat hy bly was dat dit met algar so goed gaat, en as hy dan saans in di huis kom en syn Nuwe Testament of syn “Robinson Crusoe” lees dan was hy bo di wolke. Hy was daar trots op dat hy syn moeder so veul kon help; 'n ander trots was by hom ni.

Syn vreugde styg egter ten top, toen hy syn moeder 'n nuwe plan kon meedeel, wat hy met buurman Lamper gemaak het, namelijk, om oer en weer te werk.” Twee hoofde is beter as een,” was wat hy syn moeder hoor sê het, en hy sou di spreuk nou in beoefening bring. Hy moes ver buurman Lamper op syn boerdery help, en daarvoor kry hy buurman syn osse te leen, as daar moes geploeg worde. Om met 'n groot man te kan saam werk, was wat hom al weer selfrespek gege het.

Moeder Garfield het dit alles met genoeg opgemerk. Dit werd elke dag duideliker dat James goed in di boerdery sal beantwoorde. Hy doet alles net so goed as Tom dit sou gedaan het.

Gedurende di maande had hy min tyd om te lees. Mar selde had hy meer verlang, om te lees as in di tyd toen hy veul in di boerdery moes werk. Hy dag baing daaraan om weer skool toe te gaan en verder te leer; hoewel hy ni kon deursien hoe so iets ooit sou gebeur. Moeder Garfield had oek diselfde gedagtes, en meer dan een maal had sy haar een of ander gedagte laat ontval. Sy kon dit ni heeltemaal reg

kry dat 'n kind met so veel talente begaaf in di grond moes werk ni.

“Di mens oerdenk syn weg, mar God bestuur syn gange,” het sy meer dan een maal geseeg. “Sou jy werklik ni lus hê om te studeer ni, Jim?”

“Ek het lus ver alles,” was di antwoord van di lewenslustige knaap, met syn gesonde, sterke ligaam.” Ek wil alles leer. Ek was nou voor 'n paar da'e met buurman daar an di ander kant van di bos gewees; en daar het ek 'n saagmasien gesien, di ding is net kunstig; en dan is daar 'n potasfabriek, en weet ma wie in di buurte kom woon het? 'n Timmerman! Hy heet baas Treat. Hy weet oek heel wat meer as ek. Dit sou ek alles wil leer.”

“Ja, mar ek bedoel nou eigenlijk studeer in di boeke.”

Met ope mond hoor James syn moeder an, asof hy wou sê, hoe syn ma so iets kan vra, daar sy tog weet, dat niks ver hom mooier is as om in boeke te leer ni.

“Ja, ja, ma, ek wil graag studeer!” En toen moes hy weer weg na di koeis.

En so werd moeder en seun albei deur di voorsienigheid voortgeleid, ni wetende wat nog di uitkoms sal wees.

VII.

SONDAG IN DI BOSSE.

Ver di weduwe Garfield en haar huisgesin was di Sondag 'n geseende dag, 'n dag van *rus* in di ware betekenis van di woord. Dan werd krag en moed versameld ver di da'e van di week; en hoewel hulle mar selde di voorreg van 'n predikant had, nogtans gaat daar gen Sondag om, dat daar ni Godsdien in di blekhuis gehou word ni.

Di Garfields, Boyntons, en party van hulle bure het tot 'n sekere vrye kerk behoor, wat na hulle voorganger di Campbelliaanse Kerk genoem werd. Di lede het hulle egter mees altyd self genoem by di naam van *Discipelen van Jesus*, omdat hulle ni wou genoem wees ni di naam van 'n aardse voorganger. Over 't algemeen was hulle tamelik eens in hulle gevoelens met ander Hervormde Kerke; een van di punte van verskil, o.a., was dat hulle net mar doop as iemand eers tot bekeering en geloof kom.

So's ons vroeger gesien het, was daar in di tyd nog gen vaste predikant in di omtrek. Net mar so nou en dan werd in di skool, of in een van di grootste woonhuise godsdien gehou. Dit was reeds toen Abram nog geleef het, en daar

hy en syn vrou tot di gedoopte lede van di gemeente behoort, moes di predikante meesal by hulle in di blokhuis kom loseer, waarmee hulle natuurlik hoog vereerd was; en dit neem ons hulle volstrek ni kwalik ni, want 'n goeie, brawe predikant is alle eer en respek werd. Somtyds was di byeenkomste egter tot 8 myle ver van hulle huis af. Hier in Suid Afrika is dit ni so 'n groot afstand ni, mar ver hulle was dit 'n ver end. Hulle ry dan met 'n osse-wa of kar; of hulle gaat te perd of te voet, terwyl dan di een en dan di ander 'n entje ry; net so's di vrome ou Hugenote hier in Suid Afrika gemaak het as hulle van Franschoek na di kerk in Drakenstein of di Paarl kom. Soms, as di perd sterk genoeg is, dan sit di vader voerop en di moeder met haar klein kind agter hom, terwyl di kinders te voet agterna kom. Mar daarvan kan di lesers versekerd wees, dat di skrale voorregte, wat hulle te beurt geval het, hoog gewaardeerd werd, so's dit met alles gaat wat min te geniet is.

Di predikante in di tyd was ni altyd sulke hooggeleerde en bestudeerde manne ni; mar daarby had hulle 'n degelyke opleiding in Bybelkennis; hulle was gemoedilike en ernstige predikers, ver wi dit waarlik te doen was om siele te win en nut te doen. Te perd ry hulle in di eensame bosse rond om hulle gemeente lede en andere op te seek, en waar mar 'n deur ope staat was hulle gereed om Gods Woord te verkondig; dit was hulle waarlik te doen om siele te win ver Gods Koninkryk. Word dit nag dan blyf hulle in di naaste blokhuis, terwyl elkeen bly was om hulle te ontvang en herberg te ge. Waarlik, daar is groot onderskeid tussen nou en toen. So's ons reeds gesien het, was di Sondag 'n dag van rus ver di Garfields. Gen werk werd daar gedaan, behalwe wat hoog noodsakelik was. Ons wil nou op so'n Sondag, as daar gen predikant is ni, in di huis van di Garfields ingaan, om te sien en te hoor hoe dit daar toegaan. Daar sit moeder met di Famili-Bybel—di grootste skat in di huis—en di kinders om haar. Dan word daar gelees, vrage gedaan, ophelderings en verklarings gege, so ver di bekwaamheid gaat, en so word di Skrifte ondersog en di kinders met di heerlike waarhede bekend gemaak.

“Gedenkt den Sabbatdag, dat gy dien heiligt; dit is 'n gebod,” seg di moeder, “wat o'eral moet gehou worde, so wel in di bosse as in di stad. In di grote stede is daar mooie groote kerke met hoge torens, wat nes vingers di mense na bowe wys; ook is daar kerk-klokke in di torens, om di mense an te kondig as dit tyd is om kerk toe te gaan.

Dit was ver di kinders heeltemaal nieuwe dinge om van 'n toren en klok te hoor; want hulle het nog nooit in hulle lewe 'n kerk gesien ni.

“Mar kerk-klokke sou hier in di bosse ni veul baat ni, want di mense woon te ver van makaar,” seg di moeder verder.

“Mar, ma, sal di klokke ni mooi klink hier tussen di bosse en berge ni?”

“O, ja, dit sal plegtig klink hier in di bossen. Hulle groep van ‘Kerk! toe! kom! Kerk! toe! kom!’ sal ver my regte mooi wees; dit sal ver my herinner an my geboorte stad, New Hampshire, waar ek di klokke so baing gehoor het. Dit sal dan oek ni so stil wees Sondags ni. Mar nogtans moet ons dankbaar wees, dat ons so nou en dan predikante het, en dat ons so vryelik, sonder enige hinder, di Bybel—Gods Boek—in ons huis kan gebruik.”

“Ek sou daarom graag in so’n grote stad wil woon, waar di kerke sulke hoge torens met mooie klokke het,” seg James.

“Misskien sal di wens nog een maal vervuld worde, mar gen een van ons sal so lank lewe om dit hier in Orange te sien ni,” antwoord di moeder.

“Nou, dan sal ek dit wel oek nooit hoor ni,” seg James, wat ni gedagte had dat hy syn moeder ooit sou verlaat ni.

“Mar, ma het net nou gesê,” gaat James voort, “dat di Bybel ‘Gods Boek’ is, mar hoe weet ma dit so seker?”

“Omdat dit glad ’n ander boek is as wat gewoonlik deur mense geskrywe worde, myn kind.”

“Ja, mar di ander dag sê ma, dat Mozes en Dawid en Jesaje en Paulus en Petrus en andere profete en apostels dit geskrywe het!”

“Ja, dis waar, hulle het dit geskrywe; mar hulle het geskrywe vollens dat hulle deur di Heilige Gees gelei en bestuurd werd. Uit hulle selwers en sonder Gods hulp kon hulle dit ni geskrywe het ni. Alles wat hulle geskrywe het is wat onse liewe Heere ver hulle deur syn Gees laat skrywe het.”

“En daarom noem ma dit nou Gods Boek? En is nou alles wat daarin staan di waarheid; al di stories oek?”

“O, seker, myn kind, alles wat daarin staat is waar.”

“Dan is dit seker oek waar dat Josef ’n mooi veulkleurige rok van syn vader gekry het?”

“Ja, seker is dit waar; waarom dink jy sal dit ni so wees ni?”

“O, ek dink wel dit sal so wees, mar ek denk di smakliker om ’n rok met een kleur te maak.”

“Dit is seker ja, mar Jakob het Josef baing lief gehad, selfs meer dan di ander, en daarom het hy ver hom so ’n mooi rok gemaak.”

“Mar was dit dan goed van Jakob om so 'n onderskeid te maak, met een van syn kinders?”

“Ne, seker was dit ni goed van Jakob ni.”

“Mar Jakob was mos 'n Godvresende man; hoe kan hy dan so verkeerd handel?”

“Sommige Godvresende mense doen oek wat ni goed is ni.”

“Mar as Godvresende mense oek kwaad doen, hoe kan 'n mens hulle dan van slegte mense anderskei?”

“Hulle doen ni so dikwils en gedurig wat verkeerd is ni, en dan het hulle droefheid daaro'er as hulle kwaad gedaan het.”

“Mar kan Godvresende mense dan ni di kwaad onderdruk ni?”

“Ja, met Gods hulp.”

“En wil God dan ni altyd help ni?”

“Ja, di Heere wil altyd help, mar hulle vraag ni altyd om Syn hulp ni.”

“Mar kan 'n mens ni sonder di hulp van di Heere goed worde ni?”

“Ne, want 'n mens is te sleg van natuur, en di Heere het geseg, ‘Zonder my kunt gy niets doen.’ Ons kan alleen deur Gods Gees reg gelei worde, en daarom moet ons altyd bidde om di krag en leiding van di Heilige Gees.”

Op di manier werd geskiedenis en punte uit di Bybel, in di blokhuis, besproke. Moeder Garfield het dit soms mar swaar gehad om al di vra'e van James en di ander kinders te beantwoorde. En kon sy soms 'n saak ni so helder uitle ni, dan was dit daarom nog gen oorsaak dat an di waarheid moes getwyfel worde. So gou as daar dan 'n predikant kom, dan moes hy di punte verder uitle en verklaar. Di ou Familie-Bybel was di wet in di huis; dit was so's di Constitusi ver 'n kleine staat; di Bybel moes di gemis van ander boeke van skoolmeesters, predikante en ander voorregte vergoede. Di Sonda'e werd dan aangenaam en leersaam in di huis deurgebring. En seker is dit dat James toen meer as een les ontvang het, wat hom by gebly is en tot nut was tot in syn latere leeftyd, ja, tot an syn dood. En so werd di karakter en gemoedslewe van di kinders gevormd, deur di moeder, volgens di getuigenis en Woord van God.

Omtrent di tyd werd daar deur vele in Amerika hard gewer te'n di toenemende dronkenskap. Matigheids-genootskappe werd opgerig, waarvan moeder Garfield 'n warme voorstander was, net so's al di ander lede van di “gemeente der Discipelen.”

In di huis, en vooral Sondags, werd veel daaro'er gesproke. Eens had James met syn moeder 'n gesprek daaro'er, wat 'n

bepaalde rigting an syn volgend lewe gege het en hom syn hele lewe lank tot 'n onthouder van bedwelmende drank gemaak het.

Dronkenskap is 'n verskriklike sonde," seg moeder Garfield eens op 'n Sondag ver haar kinders, "en ek was altyd bly dat julle vader gen sterke drank gebruik het ni."

"Het hy nooit wyn of brandewyn gedrink ni?" vraag James.

"Ne, myn kind, hy het jammer gehad ver di mense wat ver hulle self op di manier in ellende bring. Hy het altyd gesê: di drank is wel sterk, mar hy verswak di mense wat dit gebruik."

"Mar kan di mense dan ni ophou met drink as hulle siet dat dit ver hulle kwaad doet?"

"Dis moeilik om te sê waarom hulle ni ophou ni; dit moet wees omdat hulle ni kan ni, as hulle eers daaran verslaaf is, of dat hulle ni wil ni. In plaas van dat hulle ophou gebruik hulle almeer en versleg al meer."

"Wat! Kan hulle ni ophou ni!" roep James verbaas uit; "ek dink ek sal dit wel kan doen."

"Ja, mar ek dink dis beter om nooit te begin ni," antwoord di moeder, dan hoof 'n mens nooit op te hou ni."

"Mar, ma, waarom drink di mense dan so graag di drank," vraag James, nuwskierig.

"Wel, dis moeilik te sê; daar is verskillende redes voor. Di een doet dit miskien omdat dit ver hom gesond is, mar baing doet dit seker omdat di drank ver hulle lekker smaak."

"Mar, ma, dan wil ek oek een dag proe hoe dit smaak."

"Ne, myn kind, ek wil liewers dat jy nooit proe ni, dat jy nooit weet hoe dit smaak ni. As jy dit nooit proe ni, dan is dit oek seker dat jy nooit 'n dronkaard sal worde. Hoor wat di wyse Salomo geseg het: 'Zie den wyn niet aan als hy zich rood vertoont, als hy in den beker zyn verf geeft, als hy recht op gaat, in zyn einde zal hy als een slang byten en steken als een adder.'"

"Is dit ni 'n verskriklike uitspraak omtrent sterke drank ni. En dit is waar wat di wyse Koning daar seg."

"Wat maak dan dat di drank so gevaarlik is?"

"Di menigte brandewyn wat daarby gegoi word."

"Mar ek kan ni begryp waarom di mense sulke drank moet maak en drink ni!"

"Ja, myn kind, dit gaat mar so in di wereld; 'n mens doet ni altyd wat hy moet doen ni. Van nature is di mens blind ver syn geluk, en daarom seek baing mense hulle geluk in bedwelmende drank, in plaas van gehoorsaamheid an Gods Woord."

“Dis moeilik om te sê waarom hulle ni ophou ni; dit moet wees omdat hulle ni kan ni, as hulle eers daaran verslaaf is, of dat hulle ni wil ni. In plaas van dat hulle ophou, gebruik hulle almeer en versleg al meer.”

“Wat! *Kan* hulle ni ophou ni!” roep James verbaas uit; “ek dink ek sal dit wel kan doen.”

“Ja, mar ek dink dis beter om nooit te begin ni,” antwoord di moeder, “dan hoof ’n mens nooit op te hou ni.”

“Mar, ma, waarom drink di mense dan so graag di drank,” vraag James, nuwskierig.

“Wel, dis moeilik te sê; daar is verskillende redes voor. Di een doet dit misskien omdat dit ver hom gesond is, mar baing doet dit seker omdat di drank ver hulle lekker smaak.”

“Mar, ma, dan wil ek oek een dag proe hoe dit smaak.”

“Ne, myn kind, ek wil liewers dat jy nooit proe ni, dat jy nooit weet hoe dit smaak ni. As jy dit nooit proe ni, dan is dit oek seker dat jy nooit ’n dronkaard sal worde. Hoor wat di wyse Salomo geseg het: ‘Zie den wyn niet aan als hy zich rood vertoont, als hy in den beker zyn verf geeft, als hy recht op gaat, in zyn einde zal hy als een slang byten en steken als een adder.’ Is dit ni ’n verskriklike uitspraak omtrent sterke drank ni. En dit is waar wat di wyse Koning daar seg.”

“Wat maak dan dat di drank so gevaarlik is?”

“Di menigte brandewyn wat daarby gegoi word.”

“Mar ek kan ni begryp waarom di mense sulke drank moet maak en drink ni!”

“Ja, myn kind, dit gaat mar so in di wereld; ’n mens doet ni altyd wat hy moet doen ni. Van nature is di mens blind ver syn geluk, en daarom soek baing mense hulle geluk in bedwelmende drank, in plaas van gehoorsaamheid an Gods Woord.”

So werd oer di saak voertgeredeneerd, en op di wyse was di Bybel di uitgangspunt en grond van al moeder Garfields lesse en vermanings.

Oek di vaderlandse geskiedenis was meer dan eenmaal ’n onderwerp ver ’n belangrike gesprek. Moeder Garfield kon heel wat vertel van di gevare deurgestaan en opofferings getroos deur haar voorouers. om ver di vrijheid van hulle dierbaar vaderland te stry. En as daaro’er gepraat werd dan kom by Jim altyd weer di gedagte van ’n Generaal op. Dat ware vaderlandsliefde daarin bestaat om dierbaar grond te beskerm en pal te staan ver wettige regte en vrijhede, het James op syn twaalfde jaar net so goed geweet as toen hy later generaal was en syn soldate moes anvoer teen di vyand. Toen werd di grond geleg, di saadkorrel gesaai, waardeur

James later tot di beroemste man in syn tyd in Amerika geworde is.

'n Seker skrywer het geseg: "*di meeste grote manne was seuns van hulle moeders.*" Di uitspraak was op di geskiedenis gegrond, mar by min grote manne is di waarheid van di gesegde so duidelik bewese as by James Garfield en syn moeder.

Oek di geskiedenis van Daniel was meer dan eenmaal 'n onderwerp van 'n belangrike gesprek, waaruit vele nuttige lesse geneem werd.

Eens op 'n dag seg moeder Garfield dat sy di geslagswapen van di famieli Garfield ver di kinders sal verklaar.

¶ " 'n Geslagswapen, ma, wat is dit ?"

" In vroegere tye," seg sy, " toen di ridders nog in yser of koper klere na di oorlog gegaan het, het hulle altyd 'n wapenrok of jas angetrek oer di koper klere. Di jas was mar kort, tot bokant hulle heupe, net so's ons baaitjies. Daarop werd allerhande figure en teekens uitgenaai. Di figure werd later geslagswapens genoemd, en was gewoonlik 'n herinnering an een of ander daad van moed, dapperheid, geloof of getrouheid. Daarom was di nageslag altyd trots op di "wapens" van hulle voorouers; en as hulle waardige afstammeling was van hulle ouers, dan was di wapens oek wel wat wêrd, mar anders ni.

" Di Geslagswapen van di Garfields was 'n skild met 'n gone grond, waaroe dri rooie balke in 'n gelyke rigting getrek is. Daarooer was 'n helm met ope visier en 'n hart daaronder, terwyl bokant di geheel 'n uitgestrekte arm 'n sawel swaai, met di motto: "*in cruce vinco*" (o'erwinning deur di kruis). Hoe ons famieli an di wapen kom is ni goed bekend ni; dit is egter afkømtig uit di tyd van di Kruistogte. Mar dit is seker, dat dit getuig van 'n geloof in Christus kruis wat di wereld oerwin."

Met di mededeeling was moeder Garfield nog lank ni klaar ni; daar werd nog heel wat gevraag waarop 'n antwoord moes gege worde. Toen di kinders 'n verdere uitlegging wou hê van helme en skilde had di moeder weer die geleentheid om Epeze 6: 13—17 met hulle te lees en te verklaar.

Later werd 'n skikking gemaak dat daar al Sondage sou kerk gehou worde in di skoolhuis. By afwesigheid van 'n leeraar werd di godsdienst deur buurman Amos Boynton gelei, wat daartoe oek goed bekwaam was, hoewel hy 'n boer en 'n veewagter was. Di leser sal wel weet dat syn grote naamgenoot in di Bybel oek 'n herder was uit Thékoa, en di Heere het hom gebruik om Syn volk te onderrig. Buitendien was mnr. Boynton 'n man wat grote Bybelkennis opgedaan

het, want van dat hy bekeerd is het hy altyd syn Bybel by hom gedra en elke ledige ogenblik daar gebruik van gemaak.

Dit gebeur dan dikwils dat voor en na di godsdienste daar 'n hele party mense by jufvr. Garfield in di huis kom, waaronder di predikant of mnr. Boynton. Dan werd daar meer as een nuttig en leersaam gesprek oer verskillende godsdienstige onderwerpe gevoerd, waarna James altyd met grote belangstelling luister. Soms was daar oek andere Christene wat ni lede van di gemeente der Discipelen was ni, en dan had daar in alle liefde 'n twisgesprek plaas oer di doop van kinders of groot mense, di besprenging met water of indompeling.

Ver kinders is sulke gesprekke gewoonlik li te veul aantreklik ni, mar ver James had alles antrekkingskrag; as hy mar iets daaruit kon leer, as dit syn werksaam gees stof tot denke ge. Meer as een hoor van di dinge eers as hy hom voorberei ver syn anneming tot lidmaat van di Kerk, en duisende het daar nooit 'n helder begrip van ni. Mar James wis op syn twaalfde jaar tamelik noukeurig wat voor of teen di leerstukke kon geseg worde, ofskoon hy hom nooit in teenwoordigheid van ander daaroeer uitgelaat het; alles werd met syn moeder apart besproke.

Na wat ons hier meegedeel het, kan dit nimand verwonder, dat so'n moeder en so'n huis, al was dit oek in di eensame bosse, grote opvoedende krag uitgeoefen en di toekomst van di kinders beheers het. Vader Garfield kon syn vier jonge plantjies ni in betere aardse hande toevertrou het ni.

VIII.

JAMES SYN STER.—TEHUISKOMS VAN THOMAS.—'N VOORBEELDIGE SEUN.—DI BOU VAN DI NUWE HUIS.

Op 'n seker aand, kort na son onder, toen hulle oer di sterre praat, vraag James naderhand ver syn moeder, wat tog di uitdrukking: "Syn ster begin te klim," beteken, wat hy in 'n boek gelees het. Moeder vertel hom toen dat as 'n ster opkom, dan gaat dit altyd hoger, nes di son, tot dit syn hoogste punt bereik het, en dat dit in di menselike lewe net so gaat met di mense, wat langsamerhard uit di diepte na di hoogte gaan, of uit 'n lage staad opklim tot hoge poste. "So byvoorbeeld," seg moeder laggende, "as Jim een dag generaal moet worde dan moet syn ster nog tamelik klim; is dit ni so ni?"

James lag ni, mar seg : “ Ek begryp dan ni waarom hulle sê : *Syn ster* begin te klim ; wat het di sterre daarmee te maak ? En wat is *syn ster* ? ”

“ O, dit is ’n uitdrukking wat uit di heidendom kom, uit di tyd toen hulle gemeen het dat di ster, waaronder imand gebore werd, invloed uitoefen op syn lewensgeskiedenis,— klim di ster, dan klim syn geluk oek.”

“ Mar,” antwoord James, “ sou dit oek ni kon sien op di ster van Bethlehem, wat an di wyse di plek gewys het waar di Heere Jesus as kind gebore is ? Dit kom my mooier voor ! ”

“ Hou dit mar daarvoor, myn kind. Van harte hoop ek dat di ster van Bethlehem, wat di wyse tereg gebring het, oek ver jou sal veilig gelei..... ”

“ Ma, daar kom Tom an,” roep James, en vlieg di huis uit om ver Thomas te gemoet te loop. Dit was of hy wou gek worde van blydschap. Voor di moeder reg kon sien was hy by Thomas, di, hoewel meer besadigd as James, tog oek ni minder bly was ni. Di wederkerige ontmoeting en begroeting was so hartelik as ’n mens mar kan verlang. Voor Tom nog by di blokhuis was, waar di moeder gou di lig opsteek, vraag James reeds :

“ Gaat ons nou ’n nuwe huis kry, Tom ? ”

“ Ja, seker,” was di antwoord, “ van nou af kan di hoenders di huis mar ver hulle neem om daarin te woon.”

“ Ja, dit sal net ’n goeie plek ver di hoenders wees. Mar dan sal dit hier mos net mooi worde.”

Moeder had intussen di lamp opgesteek, en net toen sy weer uitkom spring James teen haar op en roep :

“ Nou kom di nuwe huis, ma ! ”

Di weduwe Garfield omhels haar seun met innige liefde en dankbaarheid. Sy was so bly dat sy hom gesond weer in haar huis had. Algar staar met eerbied op di grote twe-entwintigjarige broer, ofskoon syn twintigjarige oudste suster in postuur en blosende wange niks ver hom hoef agter te staan ni. Watter ’n gelukkige familie ! Nouweliks was algar gaan sit of Tom staat weer op, gaat na syn moeder en gooi ’n groot handvol goud in haar skoot, met di woorde :

“ Nou kan ons ’n beter huis kry, liewe moeder ! ” En di gelaat van di edele seun straal van blydschap en vreugde, toen hy al syn geldelike verdienste in moeders skoot kon uitskut, sonder ’n oulap ver hom self te hou.

“ Soe, watter ’n hoop geld,” roep James uit, terwyl hy oer syn moeder haar skouer kom loer ; “ hoeveel is dit nog al, Tom ? ”

“ Net op di kop vyf-en-sewentig dollars ! ” (£15 12s. 6d.)

“ En het jy dit alles verdien ? ”

“Ja, tot di laaste oulap!”

James bekyk di pragtige glinsterende geld en lees di opskrifte an weerskante. So iets was waarlik ongewoon in di blokhuis. James het nog nooit goue geld gesien ni, en kon moeilik glo dat so iets uit di Michigan bosse kon kom. Toen later syn ster hoog geklim was en 75 dollars ver hom 'n kleinigheid was, het hy nog meer dan eenmaal met trane in di ooge gedag an di ogenblik, toen di eerste goud ver hom so wonderlik was.

“Mar waarom seg moeder dan niks ni,” spreek eindelijk di kleine James, toen hy 'n bietji van syn verbasing bekom was, en met verwondering kyk hy syn moeder an, terwyl haar ooge vol trane was. Ja, waarom spreek moeder ni? Ag, sy kon ni, hoe graag sy dit oek al wou doen. Welke moeder kan in di omstandighede iets sê. Daar staat di grote, welgemeekte, kragtige jongeling voor haar, in diselfde ouderdom waarin syn vader voor haar gestaan het, toen sy syn bruid geworde is;—en hoe lyk hy ni na di vader ni,—en dit was nou haar seun, wat haar so ionig liefhad, dat hy al di opbrengs van syn moeite en sweet gedurende 'n half jaar, in haar skoot kom uitstort, baing meer an syn moeder denkende as an hom self. Ne, dit was ni di besit van soveul goud wat haar stom gemaak het ni, di liefde van haar kind het haar moederhart laat oerloop van vreugde; haar beker was oervloeiende. Op sulc 'n tyd het 'n moederhart gen woorde, ten minste so was dit met moeder Garfield. Sy sou hom op haar skoot kon geneem het, hom in hare armen gedruk en gesoen het, so's toen hy nog 'n kind was, mar nou sêu dit ni gaan ni. James kon di saak ni heeltemaal begryp ni, hoewel hy daar sowat van verstaan het. Mar kan dan ni di liefde van 'n moeder bo di begrip van 'n kind gaan ni?

Toen alles weer stil geworde en di eerste vreugde verby was seg Thomas:

“Moeder, ek gaat weer weg sodra di nuwe huis klaar is; daar is oervloed van werk in Michigan. Ek kan daar goed regkom.”

“Dis goed, myn kind; mar jy moet nou ni ver jou hier doodwerk ni; neem nou eers 'n bietji ras. Ons sal mnr. Treat laat kom; hy sal dit wel alleen kan klaar maak.”

“Ja seker, mnr. Treat sal ons timmerman wees, mar ek sal hom help; dit bespaar nog weer wat.”

“En ek werk oek saam,” seg James met syn gewone beslistheid. “Ek sal di planke ange en spykers inslaan,” en met dat hy dit sê maak hy 'n beweging met syn vuus of hy reeds besig was spykers in te slaan. Dis buitendien 'n werk waar kinders veul van hou, om te timmer en te slaan.

“En jy kan sand anry met di kruise,” seg Thomas.

“Sand! Wat wil jy daarmee maak?” vraag James verwonderd.

“Wel, daar moet ons di kalk mee aanmaak, want ons het kalk nodig om te pleister. Di nuwe huis word ni met modder en klei toegesmeer ni. Ek kan in Cleveland kalk, spykers, deure en vensters kry.”

“En dan gaat ek tog seker saam ne, Tom, as jy dit gaat haal?”

“Ja, seker, ek sal jou nodig hê!”

“O, ma, myn ster begin al te klim al,” seg di broertji; “ek mag al meegaan na Cleveland toe.—Wanneer gaat ons, Tom?” vraag hy an syn groot broer.

“So gou as ek mnr. Treat bestel het.”

Di vollende dag reeds werd 'n ooreenkoms gemaak met mnr. Treat en vertrek Tom en James na Cleveland om di benodighede in te koop. James het heel wat nuwe dinge gesien en verneem wat hy van te vore onbekend mee was, dit verseker ek di leser.

'n Paar da'e na di eerste reis na Cleveland was alles om di blokhuis in beweging. Mnr. Treat en Thomas werk an di nuwe huis en James was waarlik gen ledige toekyker ni. Elke ogenblik wat hy kon uitspaar was hy by di timmerman of krui hy sand an ver di fondament.

Mnr. Treat was heeltemaal in syn skik met di kereltji, wat alles so handig kon doen.

“Kom hier, Jim, ek sien tog jy wil help; neem di beitel en 'n hamer, en bewerk di plank so's jy my di ander sien maak het. Ek dink jy sal dit wel kan doen.”

“Ja seker, dit kan ek,” antwoord James, en hy begin dadelik.

“Ge my mar 'n ander een,” seg hy enige minute later; “di een is al klaar.”

“Wat! nou toe dan, is dit al klaar?” vraag mnr. Treat verwonderd.

“Ja, kyk mar hier, oom,” was di antwoord.

Baas Treat bekyk di plank noukeurig, en geef syn genoeg daaroer te kenne. “Goed, goed, myn kind, dis knap gedaan.”

“Kan ek nou 'n ander een kry?”

“Ja, seker, al was oek 'n dosyn.”

So maak James di dag ses planke klaar, tot grote tevredenheid van di timmerman.

“Nou moet jy perbeer of jy kan skawe,” seg di timmerman di ander dag; “jy is wel nog 'n bietji klein daarvoor,

mar ons kan perbeer," en daarmee geef hy hom 'n plank en 'n skaaf.

Daar dit veul moeite was om al di planke ver so'n huis te skawe, werd in di meeste gevälle di huise van ongeskaafde planke gemaak. Oek had di meeste "plank" huise mar één vertrek, wat ver eetkamer, slaapkamer, kombuis ens. moes diens doen. Di tweede verdieping was oek een vertrek. So'n huis het natuurlik mar min geld en moeite gekos. Daar was daarom huise wat mooier was, en twe, ja soms dri kamers onder en bo op oek kamers met afskorte had. So moes nou di nuwe huis wees : dri kamers onder en twe bo-op. Hout was daar genoeg, en di 75 dollars sou net uitkom om di timmerman te betaal en spykers en ander benodighede te koop. An arbeidsloon werd heel wat uitgespaar deur dat James en Tom saam werk.

Met skawe het dit di dag oek net goed gegaan. James het van te vore al opgelet hoe mnr. Treat en Tom dit doen, en daarom kon hy dit gou reg kry. James syn opmerksaamheid het hom in staat gestel om meer as een ding te doen wat hy anders ni sou reg gekry het ni.

Dit het met hom gegaan so's met 'n sekere Samuel Brown in Engeland, wat 'n brug wou maak oer 'n bre'e rivier waar hy gewoon het. Terwyl hy besig was om planne uit te dink hoe hy di brug sou maak, loop hy eens op 'n morre in di tuin en siet hoe 'n spinnekop syn spinnerak oer di paatji gespan het. 'n Noukeurige beskouwing van di spinnerak het hom op di gedagte gehelp van 'n hangbrug, en so kon hy syn planne ten uitvoer bring.

James syn oplettheid het hom in staat gestel om in syn later leeftyd baing hangbrugge te bou oer onbegaanbare plase in syn lewenspad.

"Ah ! kyk hier oom Treat, di plank is klaar," seg hy ; "dit gaat net maklik."

"Jy sal dit ni so maklik vind ni, as jy dit eers 'n hele dag gedaan het ; dit verseker ek jou, 'n mens moet murg in syn arm hê om di hele dag an te hou daarmee. En ek kan sien dit het jou al sweet gekos om die een plank klaar te kry."

"Ja, as sweet 'n bewys is dat 'n mens goed geskawe het, dan moet di plank baing goed wees, want ek sweet waarlik genoeg."

"Jy het dit goed gedaan ; ek sou dit self ni kan verbeter ni ; jy is gebore om timmerman te worde," antwoord mnr. Treat.

"Ek sou graag wil timmerman worde, as ek mar 'n goeie een kan wees," seg James.

"Waar 'n wil is, is oek 'n weg," antwoord oom.

“Ja, dit seg ma oek.”

Di bou van di huis was ver James 'n gewigtige gebeurtenis. Hy sag dag na dag hoe di werk vorder en had ver byna niks anders oge of ore. Di bure het oek neu en dan 'n hand geleen, want hulle ag di weduwe hoog en vond dit heel goed en braaf van Thomas om met syn suurverdiende geld ver syn moeder 'n huis te bou. James syn oge het al geglinster as hy di pakke spykers sien, en hom di vreugde voorgestel wat hy sal smaak, as hy hulle eers met di hamer op di kop kan slaan.

Di gelukkige tyd was gou daar.

“Hier James, kom nou hier by my,” seg mnr. Treat, “ek het 'n mooi werki ver jou.” En terwyl hy dit sê neem hy di spyker en hamer en begin te slaan. “Kyk, so moet jy dit doen Jim, so!” En met 'n vaste hand slaat hy di spyker op di kop.

James neem di spykers en di hamer en begin, mar o myn tyd, hy slaat mis; hy slaat langes di spyker op di plank dat dit so dreun, en dit was ver hom ni al te pleisirig ni.

“Di eerste slag het jy mis,” seg mnr. Treat laggende. “Met skawe het dit beter gegaan; hoe lyk dit dan nou.”

“Ja hier het ek 'n bok geskiet,” seg James enigsins neerslagtig.

“Nou perbeer mar nog eenmaal, of jy dit ni sonder 'n bok kan doen ni; dis net 'n slag; 'n mens moet van alles slag hê.”

“Daar het jy dan di slag,” seg James en maak 'n tweede proef. “Spykers moet op di kop geslaan worde, daar is hulle voor gemaak, en dit sal ek hulle leer.” En werkelik het hy toen oek di slag gekry. Di een spyker na di ander moes dit ondervinde. Di eerste “bok” het hom gen kwaad gedaan ni; dit het hom versigtigheid geleer.

“Mooi so, mooi so,” seg mnr. Treat, “di wat anhou wen. As di geluk verloor, moet 'n mens deur vlyt oorwen.”

“Moeder seg, so'n ding as goed geluk bestaat ni,” antwoord James.

“Jou moeder het gelyk. Kinders wat alles mar van di geluk laat ahang, kom nooit vooruit ni. Vlyt is veul meer wêrd as geluk. Jou eerste slag was nou juis ni ongelukkig ni, mar jy was te wild daarmee en di bedagsaamheid het ontbreek. Mar verder het tog alles weer in orde gekom.”

So gaat dit met meer dan een in di wereld; 'n eerste fout laat net hulle sluimerende bekwaamheid en wilskrag wakker worde. Dit werd verhaald van imand, wat later 'n beroemde redenaar geworde is, dat hy di eerste maal wat hy in di Parlement moes praat, steek bly en ni kon ver-

der gaan ni. Hy was 'n stotteraar en toen hy di eerste maal opstaat om hom te laat hoor, was dit nog erger as ooit van te vore. Syn mede-lede lag en spot dat dit raar was. "Julle lag nou ver myn," skree hy eindelijk uit, "mar ek sal di stotterende tong oerwin, en eendag sal julle ver myn moet luister en gehoorsaam." En dit is oek werkelik so gebeur.

Di nuwe huis was eindelijk klaar, alles werd in orde gemaak; mnr. Treat ontvang syn geld en di ou "blok-huis" werd verlate.

Pas was di familie verhuis of Thomas vertrek weer na Michigan, vergeseld deur di gebede van syn moeder en di ander huisgenote. Tom het syn woord gehou en di beloofde huis was gemaak en James het met ni min welgevallen na di huis gekyk, waaran hy so ywerig gehelp en megewerk het. Mar dit was ni alles ni; daar het nog wat meer omgegaan in syn harsens. Syn rusteloos soekende gees was tot 'n ander ontdekking gekom. Daarvan sal ons di lesers in 'n ander hoofstuk vertel.

IX.

JAMES WERK IN DI TIMMERMANSWINKEL;—HELP 'N SKUUR BOU;—
WEIGER OM SONDAG TE KUIER:—BESKERM DIERE EN
SWAKKERE KINDERS.

"Moeder, ek kan myn geheim nou ni langer bewaar ni," seg James een dag, 'n paar weke nadat hulle in di nuwe huis ingetrek het, "Ek het 'n plan om oek te gaan geld verdien."

"En waarme sou dit nog al wees?"

"Ek wil an di timmermans ambag gaan werk."

"Ek is bang di plan sal ni goed beantwoord ni."

"Waarom ni, ma?"

"Omdat jy genoeg in di boerdery te doen het, en ni twee dinge gelyk kan doen ni."

"Ja, mar ek meen mar, ek wil gaan werk an di timmermans ambag as ek ni ander werk in di boerdery het ni; so nou en dan 'n klein werki."

"Dit sal moeilik wees om altyd sulke kleine werkies te kry."

"Ja, maski, mar in elk geval wil ek perbeer. Ma se tog altyd: 'niks is beter as om te perbeer ni.'"

"Nou ja, myn kin, dit sal goed wees om te perbeer."

"Dan g'at ek na Mnr. Treat om te vra of hy ni ver my so 'n werki het ni. Ek wil oek 'n bietji geld ver ma verdien."

nes Tom, en as ek so oud as hy is, dan gaat ek oek na Michigan."

"Een seun in Michigan is al genoeg, dink ek. Mar bowendien hoop ek sal di dag kom dat jy nuttiger werk kan doen as planke skawe en boese skoonmaak."

"Mar ma, ek weet ni watter nuttiger werk daar kan wees, as om ver ma te help en by te staan."

"Dis goed van jou, myn kind, mar dit sou my daarom tog spyt as jy ver my alleen moet werk. Daar is nog wat anders, waarvoor ons kan werk. Iemand, wat meer ver jou gedaan het as ek, het aanspraak op al ons kragte en talente."

"Dit kan wees, ma, mar ek dink ek moet nou na Mr. Treat gaan."

"Ja, gaat mar, myn kind." En James gaat.
'n Uur later stap James di timmermaus winkel van Mr. Treat binne.

"O, so Jim, is dit jy; hoe gaat dit met jou ma?" vraag Mr. Treat belangstellend.

"Nog fris, dankie."

"Daar is seker nou ni veul werk in di boerdery ni, nè?"

"Ne, ni so veul ni, en ek is juis gekom om te kom kyk of oom ni ver myn wat te doen het ni"

"O, so, is jy daarom gekom; watter werk wil jy hê?"

"A, so 'n bietji timmerwerk."

"Net goed, Jim, ek is bly om te sien dat daar gen luiheid in jou sit ni. Ek het 'n afkeer van lui kinders, en ek weet dat jy ni tot di soort behoort ni."

"Ek hoop van ne," seg James. "Dit het my in di gedagte gekom, dat ek oek ver ma wat kon verdien, nou Tom weg is, en daarom het ek hiernatoe gekom om te hoor."

"Ja, ja, sulke kinders wil ek vorentoe help, wat ver hulle moeder wil werk, vooral as hulle so 'n moeder het so's jy."

"Nou ja, oom, wat kan ek dan doen?" vraag James ongeduldig.

"Daar lê 'n hoop planke wat jy kan skawe, en ek weet dat jy di kuns verstaat; jy het jou proefstuk gelewer."

"Hoeveul betaal oom?"

"Een cent ('n stuiwer) ver 'n plank. Ek dink dis 'n goeie prys."

"Wanneer moet dit gedaan worde?"

"Net so's jy kan; hoe eerder hoe beter."

"Dan sal ek morre kom, en dadelik begin."

"Heel goed, begin morre mar, en sky uit as jy wil."

"Mar as ek nou 'n maand daarvoor neem?" seg James laggende.

"Ek weet dat jy jou van self genoeg haas; dat ek ni sal

nodig hê om an te ja ni. Jy kan dit so gou klaar maak as jy kan en wil; en as dit klaar is, is jou geld oek klaar."

Met 'n glans van vergenoegdheid op di gesig, stap James moeder haar mooi huis binne. Hy verhaal hoe dit afgeloop het, en seg toen: "dit sal di eerste verdiende geld wees."

"Jy is waarlik jonk genoeg om nou al geld te verdien. Ek het ni gedag dat jy so gou werk sal kry ni; mar ek is bly dat jy dit so gelukkig getref het. O'erwerk jou nou mar ni. Langsaam gaat seker."

"As ek morre vroeg di boerdery versorg het, dan gaat ek mar daarheen, nê ma. En ek sal myn bes doen, dat ek dit ses uur uithou."

"Ek dink twe of dri uur planke skawe is al genoeg ver jou."

"Nou ja, as ma my morre na twe of dri ure sien terug kom, dan kan ma versekerd wees dat ek myn arm gebreek het, of dat di werk klaar is."

James was di morre net vroeg op, en betyds by baas Treat oek, wat hom dadelik 'n skaaf en timmermans voorskoot ge. James het syn baatje en onderbaatji uitgetrek, en and' werk gegaan. Hy moes hom 'n bietji rek om goed by di skaafbank by te kom, wat ver hom nog 'n bietji hoog was. Elke tien planke wat klaar was sit hy afsonderlik op 'n hopi. En di hopies het mooi angegroei. Hy werk tot di son onder was. Groot sweet druppels loop langes syn gesig af, mar hy was net so vrolyk as altyd. Toen hy di laaste plank neer sit seg hy:

"Honderd planke, oom! tel mar na, asseblief."

"Honderd planke! Ne, dit kan ni wees ni!"

"Ja, tel mar na, vollens myn berekening moet daar honderd wees."

Nou, dis 'n goeie daghuur, as dit so is," en hy gaat and' tel. "Jy het gelyk," seg hy, toen hy klaar met tel had, "mar dis werkelyk te veel ver 'n kind in een dag. Ek sou jou raai om op 'n ander dag di helfte minder te doen."

"Ek is ni so danig moeg ni."

"Ja, dit wil ek glo, mar o'er dertig jaar sal jy meer moeg wees van so 'n dag werk as nou; dan sal jy dit eers voel."

"Nou ja," seg James laggend: "as di vermoeyenis so laat agterna kom, dan het ek nog tyd."

"Mar nou kom di moeiste," seg Menr. Treat: "di loon na di arbeid. Laat ons kyk, houder t planke, d t mak honderd cente, net een dollar (4s 2d); 'n goeie daghuur ver 'n leerjong." James syn sak het net styf gestaan van al u kope: g ld, want syn baas het hom in cente uitbetaal.

Mar wi kon begryp wat daar toen in James syn hart omgegaan het; welke skrywer is in staat om op papier terug te ge di gevoel wat daar by James was toen hy met di swaar broek-sak vol geld tuis kom. Dit was 'n groot man syn hart in 'n kind syn boesem. *Een honderd cente in 'een dag verdien*, was di gedagte, waarme hy vol verwondering huis toe loop. Dus kon hy in 75 da'e net so veul verdien as syn groot, sterk broer Tom huistoe gebring het.

Of dit was om Thomas na te aap, weet ek ni, mar toen hy by di huis kom, loop hy reguit na syn moeder en maak syn sak in haar skoot leeg, met di uitroep: "Alles ver ma!"

"Dit alles, Jim?"

"Honderd cente, ma."

"Wat, het jy een dollar verdien?"

"Ja, mr., ek het honderd planke geskawe."

En uaar werd Moeder Garfields gemoed weer net so vol, as enige maande gelede, toen James syn 75 dollars gebring het. Dit was haar weer net so moeilik om te praat, mar wat met di grote Tom ni kon gedaen worde ni, kon met James geskiede. Sy trek hom op haar skoot en soen hom herhaalde male. Honderd maal werd James deur di hartelikheid ver syn honderd cente en honderde sweet druppels beloond.

James bly by baas Treat an di werk tot di winter begin, en met di winter di skool oek weer begin, wat hy ver gen geld ter wereld wil versuin ni. Mar pas was di skool oek weer gesluit en di meester vertrokke of Mnr. Treat was by James syn moeder.

"Ek kom ver James roep," seg hy, "ek moet 'n skuur maak ver Mnr. Boynton, en kan hom nou 'n bietji werk ge, eer di ploegtyd begin."

"Dit sal hy graag wil doen," seg di weduwe. "Dit kom my voor, dat hy di soort van werk nog liever doet as boerwerk."

Net kom James di huis in. "Ah! Jim, ek het 'n mooi werki ver jou!"

"Dis goed, oom! Planke skawe?"

"Ne, nog iets beters!"

"Wat dan?"

"'n Skuur bou ver jou oom Boynton."

"O, dit wil ek graag doen; want ek wil graag leer hoe 'n skuur moet gebou worde. Wanneer begin ons."

"Morre as jy kan."

"Ja, al was dit oek van dag; mar hoeveul betaal oom?"

"Ek dink by di dag is di beste. Ek ge nooit minder as

40 cents en meer as 50 cents; net nadat jy werk. Is dit goed?"

"Daar mee is ek tevrede."

Ons wil nou ni gaan vertel wat James elke uur gewerk het by syn oom Boynton syn skuur ni; ons wil net dit opmerk, dat James toen van meer as een ding, in verband met bouery, 'n tamelik goeie begrip gekry het. Syn ooe het hy goed oop gehou, en syn hoof was helder genoeg om di timmermansbaas in al syn bewegings na te gaan. Di het hom oek syn plan van di huis laat sien, en oek had hulle belangrike gesprekke o'er di bou van di huis en ander nuttige onderwerpe, want Mnr. Treat was 'n man wat syn vak verstaan het, en daarby godvresend.

"Sonder plan of stelsel kom eigenlik niks goeds tereg ni," seg baas Treat by 'n seker gelegenheid. "Sonder plan kon jy ni eenmaal di koeie melk ni."

"Hoe bedoel u dit?"

"Wel, het jy ni opgemerk dat di koeie veul meer melk ge, as hulle op gere'elde ure gemelk word, as wanner jy dit versuim?"

"Dit het ek nog nooit so begryp ni," seg Jim.

"Tog is dit so, en ni anders ni. Di Heere God in di hemel bestuur alle dinge vollens 'n gereelde plan. Daar is 'n seker spreekwoord wat sê: "Order is di wagwoord van di hemel." Di Heere het Syn planne met alles, en as jy ni vollens Gods planne werk ni, dan loop alles in di war. Dan sou daar van jou boerdery ni veul tereg kom ni, geloof dit mar seker. As jy jou saad ni saai op di behoorlike tyd ni, kom daar niks van tereg ni. En dit siet ni alleen op di tyd ni, mar oek op di hoeveelheid. As jy twemaal meer saad op 'n stuk grond saai, as wat hy kan dra, sal 'n gedeelte verstik, en daar sal ni te veul van jou oes kom ni. 'Alles het syn bestemde tyd,' seg Salomo, en alles het oek syn plek, en dis mar alte waar.

"'n Tyd dus om planne te maak, 'n tyd om te werk, en oek 'n tyd om te speel," seg James, wat syn baas goed begryp het.

"Ja, so is dit, en dan alles in di regte orde. Te veul speel en te weinig werk doof di gees uit; mar te veul leer veroorsaak naderhand dat di werk weer moet o'ergedaan worde. In alles di regte maat. Di Heere het gen se'en belof as di werk verkeerd aangeleg word."

Op di wyse werk di twe angenaam voort, en was di skuur gou klaar; en al was James ni in staat om alleen 'n skuur te bou ni, tog had hy 'n goeie begrip van timmermans werk op-

gedaan. Aand agter aand bestudeer hy di boukuns, en beantwoord dan allerhande vrage in verband daarmee.

Toen di skuur klaar was betaal baas Treat syn leerjong uit te en 50 cents (2s 1d) per dag. "Jy het elke cent daarvan verdien, Jim." En dus kon hy di moederhart weer met 20 dollars (£4 3s 4d) verbly. Hy self het hom beloond gerekend dat hy soveul kennis opgedaan het, en had di geld dus ni nodig ni.

James moes toen weer op di land begin te werk, en na di somer sou di skool weer begin. Daar kom toen 'n nuwe meester, wat tamelik goed kon syfer, sodat James syn lus nog meer angewakker werd. Hoe ver hy dit in di tyd reeds gebring het werd een dag duidelik, toen di kinders mar ni di antwoord op 'n seker som kon kry ni: di antwoord wou mar ni o'ereenkom met di antwoord van di bok ni. Di meester kom daarby, mar nadat hy 'n bietji gesyfer het moes hy verklaar dat di antwoord in di boek verkeerd is. Henry Boynton, wat oek goed kon syfer, kry wel 'n ander antwoord as di meester, mar ni di regte ni. Toen sou James perbeer, want hy het an iets anders gesit en werk. Hy neem di boek en syn lei en begin, en dit het oek ni lang geduur ni of hy had di regte antwoord. Meester moes beken dat di werking noukeurig was, en dat James hom dus di slag geklop het. Di skoliere het van toen af 'n hoge dunk begin te kry van James syn bekwaamheid; huile het vroeger wel geweet dat hy knap was, mar dat hy di meester kon klop, dit het hulle daarom ni gedog ni.

Voor ons di hoofstuk eindig wil ons nog 'n paar voorvalle meedeel wat ons nog 'n kyki ge in James syn karakter.

Een van syn skoelmakkers, wat 'n paar jaar ouer was as hy, vraag hom op 'n dag om met hom saam te gaan na syn familie, wat 'n hele end daarvandaan was; en dit moes op 'n Sondag geskiede.

"Ni op 'n Sondag ni," seg James.

"Waarom ni?"

"Omdat di dag ni daarvoor gege is ni."

"As jy en ek ni groter kwaad doen as dit ni, dan sal wel alles reg kom!"

"Myn moeder sal dit nooit toelaat ni."

"Ek weet ni wat myn ma daarvan sal sé ni, mar ek sal haar ni vra ni," seg syn maat.

"Ek sal nooit iets doen wat teen di sin van myn moeder is ni. Ek weet hce sy dink o'er di Sondag, en sy weet beter as ek wat goed is. Op Sondag gaat ek ni," seg James met beslistheid.

“En op 'n ander dag kan jy ni gaan ni, omdat jy te veel werk het. Dan moet ons dit mar opge.”

“Ja, liever nooit uitgaan, as op Sondag. Al had ek daar self gen beswaar ni, dan sou ek tog nooit plesier kan hê op 'n weg, wat ek seker weet wat myn moeder afkeur.”

So is daar niks van di uitstappi gekom ni.

En hier leer di kinders twe grote lesse; di eerste, om ni di Sondag te maak tot 'n dag van kuier en wereldse vermaak en plesier, en ten tweede, om hulle ouers getrou gehoorsaam te wees as di hulle iets verbied.

James was 'n grote dierevriend. Op 'n seker dag goi diselfde maat James syn kat met klippe, wat dadelik na James hardloop en beskerming kry. James bestraf syn vriend en wys hom daarop dat dit wreedheid te 'en diere is.

“Ag, dis mar 'n kat,” was di antwoord.

“Ja, maski, jy het ni nodig om hom seer te maak ni.”

“Ek het ni geweet dat dit jou kat is ni,” seg syn maat.

“Dit doet niks tot di saak, an wi di kat toebehoor; 'n kat is 'n kat.”

“En 'n rat is 'n rat,” seg di ander laggende, wat hom met 'n grap van di saak wou afmaak.

“Ek kan gen dier sien mishandel ni,” seg James.

“Ek het hom ni geraak ni.”

“Dis ni an jou te dank ni, want jy wou hom goed geraak het.”

“Ag, dis ni di moeite werd om o'er 'n kat so 'n lawaai te maak ni.”

“Dan het di Heere di diere daarvoor geskape, dat jy hulle mar kan mishandel? Dan kan jy oek mar se: dis mar 'n hond, dis mar 'n perd, dis mar 'n os. Ne, ek sal dit nooit doen ni.”

“Jy sou gen meens wou kwaad doen ni, dit weet ek. Nou, ek vra jou lieve kat duisend maal om verskoning, Jim. Ek sal hom gen kwaad meer doen.” En di maat stap fluit, fluit weg.

Mar James was ni alleen teen diere so goed en vriendelik ni, teeno'er syn medemens was hy net so. 'n Inwendig regsgevoel het hom besiel. Werd 'n skoolmakker verdruk of geplaag, dan neem James altyd syn party op, vooral as sodanig kind onder grotere kinders moes ly.

In di skool was daar juis 'n jongetji wat, net so's hy, ni meer 'n vader had ni, en oek ni 'n groter broer om hom te beskerm ni. Sommige van di grotere kinders had 'n gewoonte daarvan gemaak om di kind te terg en te knou. Mar James het daar gou 'n end an gemaak, hoewel hy ni eens so oud was as di ander jongetjies.

“Dis sleg van julle,” seg James. “As julle hom seer maak, maak dan ver myn seer. Mar julle sal ver hom ni langer pla'e ni. Julle kan dit doen met di jongetjies wat net so groot is as julle.”

“Jy is regte yselik met hom,” sê een van di ander kinders. “ek siet niks bisonders an hom ni.”

“Nou ja, *ek* siet wat bisonders an hom; hy het ni 'n pa of groot boeta, en nou sal ek in plaas van hulle ver hom sorg.”

So het hy di grotere jongetjies beskaamd gemaak en met een syn moed en beginsels getoon.

Di oestyd was skaars verby of baas Treat was weer by James. Daar moes weer 'n skuur gebou worde, en James syn hulp was nodig, want daar was haas by; dit moes gou klaar. Net fluks werd deur baas en leerjong gewerk, en na dertig da'e was di skuur kant en klaar; en James had weer 15 dollars (£3 2s 6d) verdien om ver syn moeder te bring.

Hy was toen sowat 14 jaar oud en het reeds 'n tamelike sommetji ver syn moeder bymakaar gemaak, behalwe dat hy oek syn pligte in di boerdery waarneem. Toen di winter-skool begin, het hy weer deel geneem an di onderwys, mar hy het ni di gewenste vorderings gemaak ni. Di rede was: Hy kon ni meer te veul by di onderwyser en in di boeke leer ni. Di boeke het hy byna algar uit syn hoof geken. Hy het hom egter gedurende di winter bisonder met di lees van 'n paar boeke vermaak, en hy het hom werkelik naderhand verbeel dat daar, behalwe di Bybel, gen mooier boeke is ni. Syn mede-skoolmaters het hy veul gehelp en gewys met hulle lesse, waardeur hy natuurlik oek self geoeffend werd.

Mar so's dit in di skool was, so was dit oek in ander opsigte; hy was syn omgewing ontgroeid, en daarom seg hy eens op 'n dag tot syn moeder, dat hy groot lus had om oek wat meer van di wereld te sien, en daar kennis op te doen en geld ver haar te verdien.

Moeder Garfield perbeer om hom dit uit di kop te praat, wat haar oek gedeeltelik geluk. So blyf hy nog ver 'n tyd daar, en help baas Treat ondertussen an nog dri ander skure en 'n stal.

JAMES OP DI PEPERMINT LAND; IN DI POTASFABRIEK; JAAP SYN VUILSTOF; JAMES VERVAL IN ROMANS-LEES; GEVOLGE DAARVAN; 'n LOONTREKKENDE DIENAAR EN WAT DIT UITGEWERK HET.

Di bouery van di laaste skuur, waarvan ons by di einde van di vorige hoofstuk gelees het, werd ver James 'n saak van groot belang.

Mar vooraf wil ons eers iets anders meedeel. Op 'n seker dag, namelik, kom buurman Smith by moeder Garfield en seg dat hy weer ver James kom haal om hom te help om onkruid uit te roei uit syn pepermint-boerdery, waut as James ni daar is ni, dan wil dit mos ni gaan ni.

"Wel, James sal bly wees om jou te help, mar hy is nou so besig in di boerdery, en in syn owerige tyd werk hy by baas Treat."

"Ag, mar twe of dri da'e sal hy wel kan uitbreek. Ek het 'n stuk of twintig ander kinders gehuur," antwoord mnr. Smith.

"Nou ja, as jy twintig ander het, dan is James ni nodig ni."

"Ja, wat sal ek sê; dit is baing te veul of te min. As ek James ni het ni, loop alles deur makkaar. Hy het so goed slag om di kleintjies te lei en an gang te hou, dat jy jou sal verbaas. Hy vertel hulle allerhande verhale en stories, en soms moet hulle kyk wi di eerste by di end is, en so werk hulle net fluks. Mar as Jim ni daarby is ni, dan speul hulle net en voer niks uit ni."

"Dit het ek ni geweet ni, buurman; mar dit doet my pliesier om dit te hoor. Ek kan egter ni begryp ni hoe hy di ander kinders so goed kan reg hou ni. Hy is nog mar vyftien jaar oud."

"Ja, mar hulle het almal respek ver hom, omdat hy so goed kan werk en dan het hy so goed slag om di trop agter makkaar te hou, dat ek hom altyd meer as ver di ander kan betaal, want ek kry dit dubbel weer vergoed."

"Nou as jy dit met hom kan maak, ek ver myn part is gewillig dat hy sal gaan," seg di moeder.

Wel, di einde was, dat James weer by buurman gaat help di pepermint land skoon maak. En dit was oek waar wat di buurman geseg het; hy was di hoof en di anvoerder van algar, ni in kwajongstreke en luiheid ni, mar in ywer en getrouheid. Hy was di generaal onder di ander en het toen reeds getoon wat hy sestien jaar later sou wees as generaal

van di 42ste Resiment uit Ohio in di oorlog tussen Suid en Noord, waar hy di sawel sou trek om di slawernei uit te roei.

Mar ons is nog ni se ver ni. Di pad tot di generaalskap was nog lank en in sestien jare kan nog heel wat gebeur. James moes eers nog ander la'er werk doen. So's ons gesien het, het hy baas Treat gehelp an 'n groot skuur. Dit was digteby Cleveland, omtrent 10 myle van di huis af, en het behoer an 'n groot potas-fabriek, di grootste in di hele omtrek. So'n potas-fabriek was 'n plek waar grote vate staan om di as in te gooi en ketels om di loog in te kook, totdat dit potas is, wat in di ruwe toestand "swartsout" geneem word. As di Koloniste daar in di omtrek nou bosse skoonkap, dan gooi hulle di balke en takke en blare van di bome op 'n groot hoop, steek dit an brand en verkoop di as an di potas-fabrikant of "swart-souter," so's hy oek genoem word.

Di fabrikant ver wi baas Treat gewerk het, het 'n goeie oog op James gekry. Dit was byna snaaks dat dit so was, want hy self was 'n ruwe en onopgevoede mens. Mar hy het goed ingesien dat di beleefde, slim kereltji net ver hom goed was, dat hy hom net goed kon gebruik, en daarom, voordat di skuur klaar was, neem hy hom een dag 'n bietje op 'sy en seg:

"Sal jy ni lus hê om ver my hier te kom help ni?"

James was toen nog mar 15 jaar oud en dit was mar 'n smerige werk, wat meesal deur ruwe sterk mense gedaan word en daarom wis hy ni dadelik wat hy moes sê.

"Kom, kerel," seg Barton, so was di naam van di swart-souter, "ek kan jou net goed hier gebruik."

"Ek weet niks van di werk af ni," seg James, "ek ken di werk ni, en begryp ni waarvoor u my sal nodig kry."

"Dit is niks, di werk sal jy gou leer. Wanneer kan jy kom?"

"Ek sal met ma eers daaro'er praat, meneer."

"Ja, dit het ik oek gedog. So'n soort kerel is jy wat met jou moeder daaro'er moet praat; dis di regte soort mense. Praat mar met jou moeder daaro'er, hoor!"

"Hoelang het u my nodig?"

"Solang as jy wil, miskien jou lewe lang."

"En wat sal ek verdien?"

"Ek sal jou 14 dollars in di maand ge. Dis twe dollars meer dan ek anders ge, mar jy is oek ni nes 'n ander ni, en ek wil jou graag hê, dis seker."

"Nou, ek sal met ma daaro'er praat. As sy dit goedkeur, dan kom ek Maandag al; en is ek Maandag ni hier ni, dan kom ek glad ni."

"Dis goed, seg an jou ma, dat ek goed ver jou sal sorg. Jy eet en slaap by ons."

Met di boodskap kom Jim tuis, mar hoewel moeder moes erken, dat 'n betrekking van £35 per jaar, met losies, ver 'n kind van 15 jaar 'n goeie aanbod was, was sy tog daarom ni al te danig daarme ingenome ni.

“Ja, di werk is vuil, mar dit betaal goed,” seg James.

“Mar dis ni alles ni, di vuil potas is nog ni di ergste ni. Di geselskap wat jy daar het en di ruwe vloekende mense wat jy da'eliks mee moet omgaan, di staat my ni an ni.”

“Ja, mar o'eral is goeie en slegte mense. Onder di Koloniste is daar oek ruwe mense wat vloek en drink. Mnr. Barton is wel 'n onopgevoed man, maar hy is daarom regte goedhartig.”

“Nou, ons kan daaro'er dink.”

“Ja, mar ni te lank ni, ma, want as ek wil gaan, moet ek Maandag al begin. Toen ek lank tyd al daaro'er gepraat het om oek eendag 'n bietji van di wereld te gaan kyk, toen het ma geseg: ‘Wag mar tot di Voorsienigheid di pad open! Nou open di Voorsienigheid di pad.’”

Moeder Garfield blyf hierop stil; sy had dit wel geseg en oek gemeen. Sy het wel gewens dat di Voorsienigheid 'n pad ver haar seun mog open, dat hy van di huis kon gaan om te studeer, mar dat di pad deur di potas moes gaan, het haar 'n bietji snaaks voorgekom.

Enige ure daarna egter had di wedewe haar toestemming gege. Imand anders sou in James syn plaas gehuur worde en hy kon dit betaal.

Di vollende Maandag was Barton net in syn skik, toen James tamelik vroeg reeds by hom was.

Di werkplaas was digteby di woonhuis, mar di werk was vuil. Gelukkig James het ni di vuilste werk gekry ni. Hy moes meesal boekhou, en moes kyk na di mense wat di as bring; daar hy oek di rekerings moes betaal en ontvang, werd hy meteen met koopmans-besigheid bekend. Was dit nodig dan moes hy by di potas help. Mar in elk geval werd di belange van di baas op di beste manier behartig. Smorreus was hy di eerste by di werk, en saans was hij di man wat di fabriek moes toesluit as di laaste een uit is. Barton siet dit alles met genoegte an en begin al meer van James te hou.

Op 'n sek'ar dag bring imand 'n frag as en seg: “daar is twintig bushels.” Mar James wou di man ni op syn woord glo ni en laat dit oermeete. Barton self het di moeite mar selde geneem, mar James bemerk gou dat dit nodig was. Hy meet alles na, en ja waarlik, daar was ni meer as sewentien bushels. Toen di persoon wat dit gebring het, dit hoor, was hy ni al te veel in syn skik daaro'er ni.

“Daar was ruim twintig, vollens myn berekening.”

“Jy siet tog, dat daar dri minder is, vrind, en ek betaal jou mar ver sewentien,” was di antwoord van di eerlike jonge boekhouer.

“Ek dink, daar moet 'n vergissing gewees het,” seg di man.

“Ja, dit glo ek oek; mar di vergissing lê by jou en ni by ons ni. Dri hoofde is tog beter as een, en ons het dit met ons dri oergemeet. Wil jy ni dat ek jou ver sewentien bushels betaal ni, dan kan jy jou as mar weer saamneem.”

“Ne, ne,” seg di man, “betaal my mar.”

Toen Barton dit hoor, het hy James te danig geprys, en di werkvolk het toen oek gesien, dat hulle James ni kon om di bos loop ni.

Ja, werkelik, moeder het tog gelyk gehad, dat James met 'n ruwe soort mense in di fabriek sou te doen kry. James bemerk dit elke dag, mar hy trag toen om goeie invloed op hulle uit te oefen, en homself vry te hou van hulle kwaad. Een van di onverskilligste onder hulle staat een dag by James allervreesliks te vloek.

“Jaap, wat vloek jy daar tog so. Dis naar om dit an te hoor. Wat kry jy tog daarvan?” seg James.

“O, dis mar niks, ek skud mar 'n bietji vuil stof uit myn baatji.”

“As dit waar is, dan moes jy di vuile stof al lank kwyd gewees het. Mar dit skyn by jou an te groei.”

“O, so 'n bietji hinder ni;” seg di onverskillige man.

“Nou goed, Jaap, as jy dan lus het om verder di vuile stof uit te skud, dan versoek ek jou asseblief om dit ni op my te doen ni. Ek bedank daarvoor!”

“O, jy is 'n regte fyne meneertji,” was di vloeker syn antwoord.

“Ne, glad ni, mar dis 'n slegte gewoonte van jou, wat jou in 't geheel gen goed doen ni, en waarme jy jou swaar besondig, terwyl goeie mense 'n afskuw van jou kry.”

“Nou, stop jou ore dan mar toe, as jy ni wil hoor ni!” roep Jaap boos uit.

“Ne, Jaap, jy hoef ni so boos te worde ni, daarom het ek dit ni gesê ni. Mar myn moeder het my wat beters geleer; jou moeder sal jou wel oek anders voorgegaan het.”

Daar het James 'n snaar geraak, wat geroer het in di ruwe gemoed van di vloeker; di man swyg toen en gaat an syn werk. Op di manier bestraf di jonge boekhouer di volk van syn baas, en dat dit ni sonder gevolg was ni, kan ons met genoeg sê.

Mar daar was 'n groter gevaar in di omgewing, en di gevaar was te erger, omdat James dit ni opgemerk het ni. 'n Gevaar waarvoor 'n mens blind is, is 'n dubbel gevaar. Di leser weet dat onse vrind 'n groot liefhebber van lees was; mar di boeke wat hy kon magtig worde was mar min, en daarby nuttig en mooi. Di enige verdigte wat hy gelees het, was van "Robinson Crusoe," en "Alonzo en Melissa," en hy self het elke woord geglo wat in di boeke staat, want dit het nooit in hom opgekome dat 'n mens di moeite en koste sou doen om 'n boek te laat druk, wat vol onwaarheid was. Hy het wel vele gelykenisse uit di Bybel geken, mar hy het ni geweet dat daar oek ander verdigte verhale was, wat as gelykenisse moes diens doen, en wat 'n roman was, het hy in di verste verte ni vermoed ni. In Barton syn voorkamer was egter 'n boekrak, met 'n party romans. Daar was byv. "Marryat's romans;" "Sinbad di Seeman;" "Di boek van seerowers;" "Di lewe van berugte misdadigers," en nog meer van di soort. James het al lank begerige oo'e na di heerlikhede geslaan, en net so's di aand daar was, en di famili in di huis by di vuur sit, had hy een van di boeke in hande. Alles wat hy lees, verplaas hom in 'n nuwe wereld, mar dit kom ni in syn gedagte dat dit 'n denkbeeldige wereld was. Alles was waar, meen hy, en alles neem hy ter harte. By di attreklike en wegslepene verhale moes selfs syn Robinson in di skadewe wegsink.

Arme kind, hy wat so bang was ver di vuile stof, wat Jaap en andere uit hulle mou skud, verslind hier gulsig di vergiftige kos, wat hy in hande kry. Di aande was ni lank genoeg; di boek moes uit; hy neem dit saam na syn slaapkamer. Barton kon hom by syn vrinde beroem dat syn boekhouer so 'n knap en ywerige student was; mar di man was self te weinig ontwikkelde, en vooral te min 'n Gristen, om te bemerk hoeveel kwaad di studi doet. James vergeet wel syn Nuwe Testament ni, mar in syn gemoed het daarom 'n tamelike verandering gekom. Hy leef in 'n opgeskroefde wereld met syn gedagtes, en di lus om seereise te maak, avondure te deurlawe, vreemde lande te sien, en wat al meer, werd geweldig in hom opgewek.

Di boeke in Barton syn rak was van tyd tot tyd deur syn dogter gekog. Di meisi was sowat nommer een in di omtrek. Sy kon 'n bietji rympies maak, en het so half en half 'n beskaafde opvoeding gehad. In Cleveland werd 'n klein koerantji uitgege, en daarvoor moes sy al weke 'n versi skrywe, wat di mense laat dink dat sy hoog geleerd is, en dit het haar ni nederig gemaak ni. Dit kan di lesers begryp.

Di arme meisi het bowedien gen moeder, so's James, gehad ni, wat haar kan tereg help en waarskuw.

"Ek sien, jy hou van lees, nê?" seg sy een aand ver James, terwyl hy verdiep in 'n roman sit.

"Ek doet niks liever ni," was syn antwoord. "Van te vore het ek nooit sulke boeke gelees ni."

"Ja, daar is seker regte mooi boeke by," seg sy verder.

"Het jy algar gelees?"

"Ja, party meer as eenmaal."

"Nou, ek dink dat ek hulle oek meer as eenmaal sal deurlees."

"As jy ni boeke hier in di huis het ni, dan sou jy seker na Damon gaan, nê?"

"Ne, ek glo ni dat ek ooit daar sal uitkom, al het ek oek niks te doen ni."

"Waarom ni? hulle praat daar so gesellig saam."

"Ne, di mense wat daar kom is van so'n soort, dat myn moeder sou skrik, as sy my in sulke geselskap sou sien."

Di meisi het niks meer geseg ni; wat sy gedink het weet ons ni. Mar James het groot gelyk gehad, dat syn moeder sou skrik, as sy hom by Damon siet, want Damon was di posmeester, en het so'n soort van geselskap daar op nagehou, waar o'eral oer gepraat word, en ni min sterke drank gebruik werd ni. Mar James syn moeder sou ni minder ontsteld gewees het ni, as sy hom so hartstogtelik verdiep gesien het in sulke lektuur as wat hy nou onder hande had. En as dan di goeie moeder daar by syn kooi kon gestaan het, as hy daar met syn o'erspanne verbeelding leg, sonder te kan slaap en by homself half hard leg te redeneer; o, dan sou di moeder geskrik het. Een nag, terwyl hy so slapeloos daar neerleg, seg hy by homself: "Ek moet tog oek een dag 'n bietji meer van di wereld sien; ek kan tog ni altyd hier in di werk bly ni..... Ek wil op di see gaan vaar..... dit moet lekker wees..... Ne, 'n potas-fabriek is gen plek ver my ni. Ek moet na di pragtige grote stede. Ek kan dit mos perbeer! Ek is tog gen kind, om altyd in di boslande te bly woon ni."

Hy wil slaap, mar dis net ver niet; hy draai hom om en weer om, mar ne, dit wil nog ni gaan ni, en hy redeneer weer voort.

"Ek sou wel wou weet wat ma daarvan sê..... Vrous is altyd bang..... Hulle wil hulle kinders mar altyd by hulle hou. O, ek dink seker, sy sal daar niks van wil hoor ni..... Mar ek moet tog di wereld sien, en op di see gaan vaar."

Eindelik val hy dan tog in slaap, en as hy dan di vollende morre wakker word, gaat hy ewe fluks weer and' werk. Dan

was di bedwelling, deur di boek veroorsaak, weer tot di aand en tot hy hom weer opnuw in di towerwêreld stort, verby.

Gelukkig, hy doet Barton syn werk altyd nog uitmuntend, sodat di hom syn regterhand noem, en hom ronduit sê :

“Jy is net di kerel wat ek moet hê ; met plisier ge ek jou 14 dollars per maand.”

“Ja,” antwoord James, “mar ek het tog lus om matroos te worde.”

“Wat, matroos ! Dit meen jy ni ; hier is veuls te veul werk ver jou ; waar kom jy an di nuwigheid.”

“Ek wil graag wat meer van di wereld sien. Dis tog te vervelig om myn hele lewe lank potas te maak.”

“Ag, kom, gekheid, bly mar hier, dan kan jy naderhand self ’n fabriek opsit. Bly by my ; jy is veuls te goed ver di see. As jy ’n bietji ou’er is, dan kan ons saam maak, dit belooft ek jou.”

“Mar al kry ek ’n hele dosyn sulke fabrieke, dan wil ek ni myn hele lewe lank met potas werk ni,” antwoord James.

Barton skud syn kop en wou liever ni weer o’er di punt praat ni. James bly di hele winter daar and’ werk, tot in April-maand, toen daar iets gebeur wat hom plotseling ’n besluit laat neem.

Di dogter van meneer Barton had ’n vryer, wat altyd saans by haar kom kuier. James lees of syfer dan, want in di tyd het hy weer di meetkuns begin beoefen, en steur hom om ninand ni. Daar was mar een voorkamer in di huis waar di twe kon opsit, as di ander gaan slaap het, en daar vertel di twe makkaar hulle geheime. Hiervan sal vryers wel genoeg afweet. Een aand egter was James so verdiep in ’n moeilike vraagstuk in di meetkuns, dat hy bly sit toen al di ander, behalwe di twe vryers, al weg was, en daardeur was hy hulle mooi in di pad. Ver Miss Barton het dit egter mar min angestaan, dat James ni na syn kamer gaat ni, en daarom had sy di lompheid om hom toe te roep :

“Dit sal nou tyd worde dat di *loontrekkende dienaars* weg gaat.”

Dadelik styg di bloed na syn hoof. Hy kyk haar kwaai an, mar seg niks ni. Toen neem hy syn kers en gaat na syn kamer. An syn voetstappe was dit te hoor wat daar in syn hart omgegaan het. Di twe vryers was nou van hom ontsla’e, mar hulle vermoed ni dat hulle ver altyd van hom ontsla’e is, en dat hy hulle ni weer sal hinder ni. Di arme kereltji kon ni slaap ni. Di ellendige meisi het hom grof beledig, so meen hy. “’n *Loontrekkende dienaar*,” herhaal hy onophoudelik, “So word ek hier beskoud. En daarvoor

moet ek myn lewe in di as verslyt, om as 'n loontrekkende dienaar weggestuur te worde, deur so'n lossinnige vryster! Staat daar ni in di Bybel: "word gen dienaars van mense!" Ek het trou gewerk, en dit wil ek altyd doen, mar 'n huur-ling, 'n loontrekkende kneg genoem te worde, ne, di meid sal my anders leer ken....."

Ja, lesers, so onstuinig het dit in James syn bors toegegaan. Syn eergevoel was beledig, mar natuurlyk het hy dit te ver gedrywe. Di teks uit di Bybel moes syn moeder hom nog eers goed uitlê; mar of dit kwaad of goed was, by James was dit vas beslote: hy moet weg.

"'n Loontrekkende dienaar! Ek sal verder kom as dit, dit weet ek, dit sal oek. Ek sal gen dag langer hier bly ni, laa kom wat wil. Ek gaat morre weg."

Di Heere wou James vandaar weg hê, opdat hy ni geheel en al in di Roman-lektuur sou verdrink ni, en iets beters doen as met potas werk. Daartoe moes di onvoorsigte woord van di jong meisi dien, om by hom di gevoel van onafhanke-likheid, wat 'n groot man moet besiel, tot rypheid te laat kom. Dit was oek hoog nodig ver hom, dat hy weer by moeder kom, om met haar te lees en te bid. Jare daarna, toen James 'n man geworde was, wat met di moeilikhede van di lewe moes worstel, het hy erken, dat di meisi haar skerpe anmerking, ver hom tot groot nut was. Terwyl hy di nag daar slapeloos leg, het hy di besluit geneem om wat te worde in di wereld, sodat di tyd sou kom dat di meisi hom ni meer "'n loontrekkende dienaar" sou noem ni.

Di anderdag morre staat hy vroeg op, trek syn beste klere an, pak syn goed by makkaar, en gaat by meneer Barton syn kamer anklop.

"Meneer, ek gaat vandag weg!"

Had hy 'n pistool op syn baas afgeskiet, dan sou di ni meer geskrik het ni.

"Wat, wil jy ver goed weggaan?" vraag hy verbaas.

"Ja, ek werk ni langer hier ni!"

"Mar, jy meen dit nooit."

"Ek meen dit, meneer Barton." En James hou vol, te'en alle redeneringe en mooie beloftes van Barton, sonder egter 'n woord te laat hoor van di anleidende oorsaak tot syn besluit. Di einde was dat Barton hom uitbetaal, en nog voor di orlosi twaalf uur slaan, was James weerby syn moeder tuis.

XI.

JAMES KAP BOSSE SKOON, LANGS DI ERIE MEER; SYN EKS OM OP SEE TE GAAN; EERSTE ONTMOETING MET 'N SEEKAPTEIN; ESELDRYWER OP 'N KANAALBOOT; VAL IN DI WATER; GESPREK MET KAPTEIN LETCHER.

“Dag ma, nou is ek weer ver goed tuis,” seg James, terwyl hy na syn moeder loop, haar hartelik omhels en 'n soen ge. “Ek het nou vereers genoeg van di potas en mis.”

“Ek is regte bly om jou te sien, myn kind, mar hoe kom jy dan so onverwags? Jy het tog ni rusi gehad met jou baas ni?”

“O! ne, ma, hy wil my graag hou, selfs lewelank; mar di werk beval my ni. Hier is wat ek verdien het!”

Dit het ni lang geduur ni of di liefhebbende moeder het haar opregte seun alles uitgehoor, en was oek bekend met di oorsaak van syn weggaan. Sy meen dat hy al te haastig in syn handelwyse was, en vond dit ni so erg vernederend om 'n loontrekkende dienaar te wees. James stem dit wel toe, mar kon di beledigende wyse ni verdra ni, waarop dit hom geseg was.

Mar eindelijk moes di hoge woord daaruit: “Ek wil so graag op di see gaan, ma!”

Dit was 'n slag ver moeder Garfield soos sy nog selde gevoel het. “Og!” seg sy, “dis verskriklik; daarmee sal jy my baing verdriet doen. Wi het dit weer ver jou in di kop gepraat?”

“Ne, ek wil dit ni teen ma haar sin doen ni,” seg James haastig.

“Mar as jy ooit gaan sal dit teen myn sin wees. Ne, word dan nog liewer 'n potasbrander, mar tog ni 'n matroos ni.”

Hierme was di gesprek vereers uit. Moeder Garfield was bly toen sy verneem dat haar broer, wat in Cleveland woon, houtkappers noodig had, om bosgrond skoon te maak, en dat James deur syn oom gevraag werd om te kom help. Sy meen, daar in di bos sal James di see wel vergeet. Mar hier had sy mis gereken; want di plek waar James di bosse moes skoon maak, was juis langes di pragtige Erie meer met syn seilskepe en stoombote. James was anders ver van lui af, soos di lesers al dikwils gesien het, hy werk hard, ja harder as 'n ander; mar hier staat hy wel soms enige minute diep in gedagte, na di blouwe branders te kyk, en dan laat hy di byl en pik solank rus. Dit was 'n vreemd gesig ver hom om so di skepe te sien heen en weer seil, en gedurig breng dit weer in herinnering wat hy by Barton in di romans gelees

het. Gelukkig werk hy by syn oom op stuk en so het hy gou bemerk dat syn stilstaan en na di see kyk hom gen voordeel in di sak breng ni. Dit breng hom weer fluks an di werk en laat hom syn gedagtes omtrent di see op sy sit. Oek had hy 'n genoegelik tehuis by syn oudste suster, Mehatabel, by wi hy in di kos was,—di leser moet weet dat sy al 'n heel tydji getrouwd was en juis in di omtrek woon. In syn oom syn boekrak kry James goeie boeke,—natuurlik anders as di verleidelike romans met mooi name by Barton.

Dig by James was oek 'n Duitser and' werk. Eers dag hy dat di Duitser mar stadig werk, mar toen di week om was, vind hy dat di Duitser net soveul werk afgedaan het as hy. Hy kon dit moeilik verstaan en spreek selfs met syn suster daaro'er.

“Ek kan dit ni verstaan ni,” seg hy eendag an haar, “ek kap twe houe teen syn eene, en as di week om is, is ons daarom mar gelyk.”

James sou toen perbeer om uit te vinde waar di geheim lê, en dit het ni lank geduur ni of hy het dit geweet. Di saak was eenvoudig dit: di Erie meer had gen antreklikheid ver di Duitser ni; hy staat ni so baing na di skepe te kyk as James, mar werk stadig di hele dag deur. Daaruit het James 'n les geleer wat hom goed te pas gekom het. Hy moes oek in dit geval leer, dat di spreekwoord “langsaam gaat seker” waarheid is; 'n spreekwoord wat deur 'n seker klas van mense te dikwils vergete word.

Oek an syn suster moes James syn verlange te kenne ge om op see te gaan vaar, mar dat hy by haar net so min anmoediging as by syn moeder gekry het, hoef ons nouweliks te sé. Sy meen oek, hy kan liwers houtkapper bly, as om matroos te worde. James syn doel was egter ni om net mar matroos te wees ni,—syn ambisi had 'n hoger doel voor oge; hy wou eindelijk kaptein van 'n skip worde. Hy kon ni mar altoos 'n “loontrekkende dinaar” wees ni.

Op di bepaalde tyd had James syn werk klaar, ontvang syn loon en gaat terug na syn moeder om andermaal haar hart te verbly met wat hy eerlik ver haar verdien het.

Syn moeder was soos gewoonlik bly om hom te sien, en was mar net nuwskierig of hy nog di gedagte had om op see te gaan. Sy sou egter ni di saak anroer ni en so werd oek niks omtrent di saak gesproke.

Dit was sowat teen di einde van Juni en James verneem dat daar 'n man was omtrent vyf of ses myle van hulle huis, wat imand op syn plaas wou hé ver di oestyd. James gaat daarheen en neem an om daar te bly ver di vier vollende maande.

As ons moet meedeel dat hy oek daar syn pligte getrou en

tot groot voldoening van syn baas verrig het, dan sou ons mar net 'n ou stori o'ervertel. Hoewel hy nog mar jong was, swaai hy di seis soos 'n groot man en hou hy fluks vol teenoer syn baas. Wat James egter hier gehinder het, was dat hy gen mooi boeke kon kry om te lees ni. Dit was mense wat mar min om mooi boeke gege het. In ander woorde: dit was mense wat werk "voor de spys die vergaat." As di dag syn werk klaar was dan gaat hulle na bed, en smorrens om vier nar staat hulle op om weer te begin.

Veul bisonders het daar gedurende di tyd ni voorgeval ni. Een dag had hy 'n stryd met 'n buurman omtrent di doop, wat reg is, vollens di Bybel: besprenging of indompeling; toen hy di buurman o. a. gewys het dat dit ni mar gaan om te sê jy kan iets uit di Bybel bewys ni, mar jy moet dit kan doen oek. Dan oek had hy 'n gesprek met syn baas omtrent syn na see gaan, mar oek di raai hom af en dag dat dit beter was om aardappels uit te haal as om matroos te worde. Eindelik was syn tyd om en gaat hy met 'n sak vol geld na huis.

Syn moeder was bly om hom te sien, mar sy moes gou-gou bemerk dat daar iets verkeerds met James was. Hy was stil en gedagteloos en dit skyn of hy syn gewone werk mar met min lus doet. Sy vrees dat hy di see in syn kop had (ni di hele see in syn kop ni); mar wou liwer ni met hom daaroor praat ni. Op 'n seker dag toen hy met haar deur di tuyn loop kon hy syn verlange ni meer bedwing ni, en begin di gevreesde onderwerp weer an te roer.

"Ma, u weet seker ni hoe baing ek verlang om op see te gaan. Waarom mag ek tog ni vermy uitkyk na 'n plek op 'n skip ni?"

"En waarna toe wil jy nog al gaan?" seg syn moeder ewe bedaard.

Di antwoord was 'n verrassing ver James. Hy het 'n nuwe en direkte weigering verwag, mar dit blyk nou dat daar 'n verandering in di gevoele van syn moeder was. Hy skep dus moed en gaat voort:

"Ja, ek weet nou nog ni so bepaald waarheen ek sal gaan ni; mar ek wil so graag iets van di wereld sien."

"Dis snaaks van 'n jong mens soos jy, dat jy ni eens weet waarheen jy wil gaan ni. As ek na iets so verlang dan sou ek wel weet waarheen ek wil gaan. Kom dit ni ver jou op aan of jy na Europa, na Afrika of na Asie gaat?"

James bemerk dat syn moeder eigenlik nog ni veul veranderd was ni; net mar, sy leg dit op 'n ander manier an.

"Ek wil graag di Atlantise Oseaan oergaan," seg hy.

"O, ja, mar jy weet nog ni wat dit is om seesiek te worde. Dis di naaste wat 'n mens kan o'erkom. 'n Kind soos jy

wat in di bosse gebere en groot geworde is, sal dit nooit op see uthou."

"Mar ek sou dit wel wou *perbeer*, ma."

"Dit sal nog al 'n snaakse proef wees. As jy daar ver op see is, en jy word siek, en weet gen raad ni, dan kan jy ni ver hulle sê ni: hou stil, ek wil uitklim en huistoe gaan."

"Mar," gaat James voort, "as ek dit ni eenmaal beproef ni, dan kan ek nooit weet of dit my sal anstaan ni."

"Laat ons dan eers begin met 'n tydji op 'n klein boot hier op di Erie meer. Beval dit jou ni, dan is dit digby di wal en kan jy weer huistoe kom."

"Stem ma regtig daarmee in?" vraag James verheug, terwyl syn gesig somar weer begin op te flikker.

So gou molik had James alles in orde. Syn werk was afgedaan, syn reissak met klere ingepak en hy neem afskeid van syn moeder. Soos 'n reggeaarde moeder met 'n teer hart huil sy toen hy vertrek, en dit was ver hom glad ni pleisrig ni; mar wat hom weer laat gelukkig voel was, dat hy haar toestemming had. O, hoe gelukkig sou kinders oer 't algemeen wees as hulle ver alles wat hulle doet di toestemming van hulle ouers, mar vooral van di Heere self het! Met haas en vol vreugde werd di pad na Clevelaud afgeleg. Wat was 17 myle ver 'n jong kereltji soos James, met so'n heerlike vooruitsig. Om 12 uur di middag had hy di pragtige see met di uitlokkende seilskepe voor hom, en dadelik gaat hy na di strand waar di skepe an wal kom.

Dit was daar nogal tamelik woelig. Vlak voor hom was hulle net besig om 'n skip op te laai. James gaat na een van di matrose en vraag hom of hulle nog hande nodig het op di skip.

"Di Kaptein kom net nou, vra mar ver hom."

James wag geduldig. Vollens syn gedagte was 'n see-kaptein 'n flukse, beskaafde, edelaardige persoon, met uitgebreide kennis en rype ondervinding, imand wat veul geprofiteer het van syn besoeke an vreemde lande; 'n bevelhebber wat met blydskap en lus deur syn volk gehoorsaamd werd. So was dit hom ten minste in di boeke van Barton afgeskilder; hy wis dat kennis mag is en beskawing bring, en berei hom dus voor om so'n seekaptein te sien te kry, ver wi hy syn hart kon uitstort, wat hom begryp en hom graag sou behulpsaam wees om hom an di edele beroep van 'n seevaarder te wei. Nadat hy ni te lang gestaan het ni roep di matroos hom toe: "Di Kaptein kom op."

Tegelyk hoor onse vrind,—vol met syn goeie gedagtes van 'n kaptein—onder in di skip 'n geweldige rumoer, as of daar 'n ongeluk gebeur of 'n vegtery an di gang was. En tussen dit bereik di yslikste vloeke syn oor, wat hy nog oeit in

syn lewe gehoor het, ja selfs erger as in di potasfabriek. Dit was of di Vors der Duisternis syn verblyf daar onder in di skip het. Wat moes dit teg beteken? Daar verskyn di kaptein bo-op dek, mar o, ... wat 'n verskil met James syn denkbeelde. 'n Dronk kerel met 'n rooi neus, 'n ruwe gesig, en gemene trekke; hy lyk wel byna na 'n wandelende brandewynsvat en uit syn mond werd di liederlikste en lasterlikste dinge gehoor. James had vroegeer oek wel dronklappe gesien, mar so een? ne, so een nog ni! Hy vat egter moed, stap na di kaptein en seg op 'n vrvindelijke manier:

“Kaptein!”

“Ja, wat wil jy hê?”

“Het u nog imand nodig op di skip?”

“En al sou dit al so wees, wat het jy dan daarmee te doen, jou groen landloper?” En onder 'n stroom van vloeke gaat hy voort: “Maak dat jy hier wegkoma of ek smyt jou net nou in di water.”

James trag hom op beleefde wyse te veronskuldig. Hy ken mar ni begryp watter sonde hy gedaan het, om so weggejaag te worde; mar dit help niks.

“As jy ni gou weggaat ni, dan vergryp ek my an jou!” roep di dronkaard. “Denk jy ek sal so'n groene, luinsriem van 'n landmuis huur?” terwyl 'n hele resiment vloeke di woorde agtervolg.

Di arme Jim. So iets had hy nooit in syn lewe van gedroom. Was dit 'n kaptein van 'n skip? Hy gril deur syn lyf van al di vloeke wat hy daar gehoor het. Dit moet dan 'n ander kaptein wees van wi hy gelees het. Mar sou hy di boeke wel kan vertrou? Di eerste twyfel rys by hom op an di waarheid van di romans, waar di werkelikheid nou so'n groot verskil oplewer. Nou, hy had wel 'n beter kaptein kon antref, want gelukkig is ni algar dronkaards en vloekers, mar di Voorsinigheid het dit nou juis so beskik dat hy eers so'n outmeeting had en di werk ontugterend op syn oerspanne verbeelding. Dit was 'n tamelik ruwe behandeling wat hy moes deurgaen, mar soms lei juis so iets tot goeie uitkomst.

James gaat op 'n blok sit en kyk gedagtelooos veer hom heen. Hy kryg naderhand honger en begia te eet an di brood wat hy meegebreng het. Daar hoor hy op eenmaal syn naam roep: “Jim! Jim! Jim!”

Hy kyk na di kant vanwaar di stein kom, en bemerk 'n kanaalboot, waarop 'n jong kereltji staat en hom toeroep: “A, Jim, hoe kom jy hier?”

Hy herken dadelik di een as syn neef Amos Letcher, uit Cleveland.

“Jy hier, Amos,” antwoord James verwonderd en spring

somar by syn neef en vreeger speelmaat op di boot. Amos was ewewel veul ouer as James al had hy saam met hom skool gegaan.

“Ek kom hier om ’n betrekking op ’n skip te soek,” seg James.

“En het jy al iets gekry?”

“Nog ni.” En toen verhaal James syn wedervare by di dronke kaptein.

“Dit was nog al ’n mooi ontvangs gewees, Jim. Ja, sommige kapteins maak tamelik misbruik van drank. Jy sou seker ni graag met so imand wou saam gaan ni, nê?”

“Ne, dan gaat ek liwer weer bosse skoon kap.”

“Hoe sou ’n kanaalboot ver jou beval?”

“Sou ek op di manier beter ’n kans hê om naderhand op ’n skip te kom?”

“Ja, ek dink dit sal beter gaan.”

“Is daar imand nodig op di boot hier by jou?”

“Ja, ons het ’n drywer nodig.”

“Waar is di Kaptein?”

“Ek is Kaptein.”

“Wat is jy kaptein, Amos?” herhaal James met verwondering.

“Ja, ek is kaptein hier, en sou jou graag in diens neem.”

“’n Drywer! dit meen imand wat di esels moet anja?” vraag James verder.

“Ja, so is dit; ek dink dis makliker werk as besland skoon kap.”

“Nou, ek dink dan moet ek dit mar doen, Kaptein Letcher,” seg James, terwyl hy di titel van syn neef herhaal om daaran te gewen. “Hoeveul betaal jy my?”

“Twaalf dollars (£2 10s.) in di maand; dit ge ons di drywers.”

“Ek sal myn bes doen, Kaptein Letcher,” en hierme was di saak in orde en onse Jim tot skuitdrywer bevorderd, en dit was nou van syn seemanskap geworde.

Di boot waarop Amos Letcher was, had di naam van “Di Aandster,” en vaar heen en weer in di kanaal, wat gegrawe was om di Erie-meer met di Ohio te verbinde. In di noorde werd vele kopermyne gevonde, en wat daar gegraaf werd, werd in bote na Cleveland en van daar deur di kanaal na Pittsburg gebring. Di “Aandster” was groot 70 ton en bemand met 2 stuurliede, 2 drywers, ’n bootsman en ’n kok, met nog di kaptein; dus ’n bemanning van 7 man. Di drywers moes elkeen 2 esels drywe, wat agter makkaar gespan is; ider moes ’n bepaalde getal ure drywe, gaat dan weer met syn esels an boord en werd deur syn maat vervang.

Di bootsliede in di tyd was ruwe mense. Sonder tabak en brandewyn kon hulle ni lewe ni, na dit skyn; ten minste dit werd nog meer gebruik dan brood en vlees. Om godsdiens en sedelikheid geef hulle niks, ja spot selfs daarmee. Di knapste onder hulle was hy, wat di meeste kon drink en di vuilste lietjies kon sing. Dit was nou alles behalwe goeie geselskap ver onse Jim; en daarom geraak hy hier in 'n harde skool van beproewing.

Toen di vollende moire di son opgaat, geef di kaptein an Jim enige inligtings hoe te handel, en sit hom met twe esels voor di boot, wat hulle an 'n lange lyn moes vorttrek. Jim was in syn skik. Hy behoer dan by di skeepsvolk, al loop hy op di jaagpad, naas di water, wel te verstaan, as hy daar ni inval ni, en dit het mar al te gou gebeur. Hy het syn diere nog gen uur di morre vortgedrywe, of di kaptein roep:

“Ha, Jim, daar kom 'n boot!”

Nou, dit het Jim oek wel gesien, mar di grote kuns was om di boot verby te kom, en hoe hy dit moes anlê om di drywer wat ankom mooi verby te kom, en di lyne uit makaar te hou. Hy dost syn uiterste bes; mar ofskoon hy later self ni wis uit te lê hoe dit gebeur was en kon gebeur, soveul is seker, dat hy enige minute later met syn esels in di water geraak, en net so seker is dit oek dat hy jamserlik sou verdrink het, as di bootsman en di ander volk ni te hulp gekom was om hom en syn domme langore te redde.

So lank James nog ni in veiligheid is ni bly algar ernstig en hou hulle stil, mar pas staat hy daar, waternat, op di jaagpad of di ruwe mense open hulle hart om nou lekker ver hom te bespot en uit te lag.

“Nou is jy 'n goeie Baptis (wedergedoopte) Jim!” roep een laggende uit.

“Ja, ja, nou is hy gedoop deur indompeling,” seg di bootsman.

“Ek het ni gedag dat jy so'n suiplap was, dat jy di hele kanaal so mar in eenslag wil leeg drink ni,” seg 'n ander.

“Stil kerels,” roep di kaptein, “maak hom nou ni verlege ni. Jim, wat het jy nou eigenlijk daar in di water gemaak?”

“Ek het myn morrebad geneem, kaptein!” antwoord James, om hom op di beste wyse van di saak af te maak.

“Is jy dan so sindelik op jou liwe eseltjies, dat jy hulle eers wil afwas?” roep weer 'n ander spotagtig.

James kon toen an boord gaan, en nadat hy syn esels versorg en homself droeg gemaak en verfris het, roep di kaptein hom op dek.

“Ek het jou hoor prys, Jim, dat jy so goed geleer is; ons het nou 'n bietji tyd om saam te praat, en nou wil ek jou graag in een en ander ding ondervra.”

“Gaats jou gang, kaptein, maar maak dit ni te moeilik ni, hoor!” was James syn beskeie antwoord.

“Jy weet ek het oek skool gehou in di bosse van Heuben County, Indiana.”

“Ja, dis nog al ’n eer ver di famili,—skoolmeester en see-kaptein. En waarin het jy daar onderwys gege?”

“In lees, skrywe, spelle, aardrykskunde, taalkunde en reken.”

Toen begon di ondervraging in di verskillende vakke wat James kennis mee gemaak het, en wel met dit gevolg dat daar gen een vraag was waarop James di antwoord moes skuldig bly.

Daarna was dit weer Jim syn beurt om te ondervra, mar toen was dit weer byna net omgekeerd. Di eerste dri vra’e kon onse vriend kaptein mar ni beantwoord ni en verder het dit oek mar net swaar gegaan, sodat hy moes verstaan dat Jim di dinge ’n bietji grondiger geleer het as hy, hoewel hy gemeen het dat hy vèr bo Jim in geleerdheid was, omdat hy ’n bietji skool gehou het. Alle skoolmeesters is ni hooggeleerde ni.

“Kyk hier, Jim,” seg hy an di end, “jy het ’n te knappe kop op jou schouers om houtkapper of skuitdrywer te wees.”

“Nou, wat moet ek dan worde?”

“Word skoolmeester, kerel. Jy het selfs ni nodig om as meester in di bosse rond te swerwe ni, mar jy sal goed ’n skool in ’n dorp kry, as jy net ver jou ’n bietji daarop toelê.”

“Dis makliker geseg as gedaan,” seg Jim,, “mar wat sou jy daarvan dink op di see gaan?”

“Glo my, myn live vriend, dis ni ’n lewe ver jou ni, dis al te ruw. Dit sou sonde wees om jou talente so weg te goi. Doet dit nooit kerel; hoor na myn raad, Jim!”

“Mar ek sou oek ni altyd wil matroos bly ni; ek wil kaptein worde.”

“Kaptein of matroos, dis alles diselfde. Dis gen werk ver jou ni, dit seg ek jou. Daarvoor is jy ni opgevoed ni. Jy sal altyd te knap wees ver di vak wat jy gekies het, en dit sal ongelukkig wees.”

“Mar jy weet glad ni hoeveel lus ek het om op see te gaan ni. As ma haar toestemming gege het, dan was ek al lank op di see gewees.”

“Jou moeder het groot gelyk dat sy ni wil toestem ni. Sy siet meer in jou dan jy self denk. Is dit ni sonde om di pikbroek an te trek en in di mas te klim, as ’n mens kennis in oervloed het om onderwyser te wees?”

“Mar kaptein, glo jy dan werkelijk dat ek vermogens genoeg besit om dit sover te bring?”

“Ek praat in volle erns, James; as ek in jou plaas was gaar ek met di geld wat ek nou in di somer verdien, na 'n goeie skool, om neg fluks te kan werk, en dan sou ek my di vollende winter as skoolmeester in 'n distrik anbiede.”

Hier eindig die onderhoud; want dit was weer James syn beurt om met di langore op di wal te gaan. Sonder dat James nou elke dag in di water val, gebeur dat tog heel wat in di bootslewe wat hom teenval. Mar hy wis hom altyd na di beste in di omstandighede te skik. Net sowel as syn Kaptein hom respekteer ver syn wetenskappelike kennis, so siet syn makkers hoog teen hom op oer syn bedaarde standvastigheid. Dit mog hulle nooit geluk, welke moeite hulle oek anwen om hom te beweeg sterke drank te gebruik, en nooit het een van hulle hom hoer vloek. Selves had hy soms ernstige gesprekke met di ruwe bootsman, wat hy wil oerhaal om di sterke drank vaarwel te se; en di neem hom dit ni kwalik ni; ofskoon hy ni soveul selfbeheersing had om di raad op te volg.

Eers meen di skeepsvolk dat hy 'n lafaard was, omdat hy so 'n teensin had om te bakly; mar toen hy eens op 'n dag met 'n ongeluk di hoed van di stuurman afgooi, en di,—'n kerel van 36 jaar oud,—woedend en opgewek deur drank op hom toeloop om hom te mishandel, wis hy hom so netjes op di skip onder te goi en onder syn knie te hou, dat onse maat mar gou moes begin soebat, dat hy hom mar moet laat los. Toen was algar oertuig, dat Jim wel degelik murg in syn arms en bene had, en dat hy ni teen veg was, omdat hy ni kon ni, mar omdat hy *ni wil ni*.

Met al di goeie eigenskappe was Jim tot hiertoe daarom mar nog altyd 'n onbekeerde jongeling, wat uit gehoorsaamheid en liefde ver syn godvresende meder, uit krag van haar nitmuntende opvoeding en oek wel as verhorning van haar gelowig gebed in di spoor van deug en matigheid wandel. Mar haar innigste verlange en haar vurigste gebed, namelijk om syn hartgrondige bekeering, was tot dusver onverhoord gebly. Op di kanaalboot had egter 'n omstandigheid plaas, wat 'n hele verandering in syn lewe gebring het en hom persoonlik in gemeenskap met God gestel het deur geloof en vernuwing van syn gemoed.

Daarvan sal ons in di vollende hoofstuk hoor.

XII.

'N ONDERHOUD MET 'N BOOTSMAAT.—SYN LAASTE BOD.—NADENKING EN REKERING.—HEERLIKE ONTMOETING IN OÛERS HUIS.

In di laaste hoofstuk het ons korteliks reeds gesien in water betrekking James tot di ander skeepsvolk gestaan, wat hulle van hom gedink het, ens., en voor dat ons tot di eienlike doel van di hoofstuk oergaan, wil ons eers 'n gesprek meedeel, wat hy eens op 'n dag had met een van di bootmanne, Harry Brown. Dit was 'n goedhartige, mar ruwe, losbandige kerel, wat egter veul van James hou, en byna enig ding ver hom sou doen; verder was hy onstuimig van geaardheid, en geraak dikwils deur brandewyn drink in moeilikhede

“Kyk, Harry, dis mos al te naar dat jy so gedurig in moeilikhede is; laat di brandewyn tog bly, en jy sal ni di helfte soveul moeite hê as nou ni,” seg James een dag op 'n vrendelike manier. Had enig ander dit gesê, dan sou hy dit gewaar geworde het, en Harry sou hom gou gesê het: “Bemoei jou met jou eie sake.” Mar van James verdra hy dit, en antwoord ewe beleef:

“Dit is so, Jim; ek sou graag wat wil ge, om so^{as} jy te wees.”

“Jy kan so wees as jy net wil. Brandewyn is di laaste ding wat ek sal drink, dan drink ek nog liwer di vuil water hier in di kanaal. Jou goedhartige siel kan alles sonneskyn om jou maak, net mar: breek jou bottel.”

Di laaste kempelment staat Harry an, James merk dit, en siet dat hy op di manier ingang kry in syn hart. Hy gaat dus vort:

“Ek siet ni in waarom bootmanne ni net so fatsoenlik as ander mense kan wees ni, mar hulle is dit ni. Dis 'n gedrink, gesweer, gevloek, geveg, en wat nog meer. Is dit ni so ni, Harry?”

“Ja, dis seker so,” seg Harry, terwyl hy 'n bietji skuins kyk en syn skouers optrek.

“En dink jy nou ni, Harry, dat dit 'n grote verbetering op di kanaalbote sal wees, as julle di brandewyn kan laat staan ni?”

“O, dis so seker as 'n boek.”

“En nogtans gaat julle daarom vort om julle self tot skande te maak. Ek kan waarlik ni insien waarom 'n mens hom so moet verlaag en nes di diere^{wees}, terwyl hy 'n mens is. Ek glo ni, dat jy ver jou self respek het, Harry.”

“Ja, jy is weer reg,” seg Harry. “Dit is so, as ek respek

ver my self het, dan sou ek dit ni doen ni. Daar is di moeilikheid, ek het gen selfrespek." En di arme swakke man het nooit meer di waarheid gepraat as toen. Selfrespek sou sulke mense tot verbetering lei.

"Mar ek kan ni net soos jy wees ni, al wil ek," voeg Harry agterna.

"Ag, dis gekheid. Nes of 'n mens ni fatsoenlik kan wees ni, as hy wil. Goi di brandewyn oer boord en alles sal reg kom."

"Dan wil jy 'n mens al syn plisier ontnem."

"Ja, en wat julle oek gerus kan laat staan, is di vreselik gevloek, wat ek gedurig hoor. Ek sou dit alles laat staan. Watter goed doet dit?"

Alweer moes Harry di waarheid van Jim syn gesegdes erken. En dat hy dit ni kwalyk geneem het ni, blyk uit wat hy an een van syn maters sê:—

"Di Jim is 'n flukse kerel. Ek wil nog graag sien wat van hom sal worde. Hy sê my net taai, oer myn brandewyn drink, vloek en rook; en di mooiste is, dis alles waar wat hy sê. En dan seg hy dit so, dat jy kan sien, hy meen wat hy sê. Verbeel jou, 'n kerel hier op di kanaal, wat ni drink ni, ni rook ni, ni vloek ni, ni pruim ni, ni baklei ni,—jy kan dit nooit glo, as jy dit niet self gesien het ni. Ek hou daarom van hom, want hy is so reguit. En dan, hy weet meer as ons hele spul saam;—wat, jy kan nog twe of dri bote syn mense by makkaar bring, dan wen hy nog." Daarom wat hy een dag ver 'n stuurman van 'n ander boot sê: "Kerel, ons het op ons boot di flukste vent wat jy nog ooit gesien het. Hy vloek, of rook, of pruim, of drink, of baklei nooit ni; kan jy dit ooit glo, ou maat," terwyl hy syn "ou maat" op di skouer klop.

"Waar kom hy vandaan?" vraag di bootsman.

"Ja, dis juis wat ons wil weet; mar in elk geval is hy 'n jolly kerel; hy is so sterk soos 'n leuw, hy kan elkeen van ons 'n pak sla ge, dan kan hy goed werk, hy is ni bang ver vuiligheid ni, mar doet syn plig net goed."

Oek di getuienis van di kaptein was, dat James alles goed en degelik doet; dat hy so konsensieus as vasberaden was, om af te sien van enig saak wat hy verkeerd beskou; hy was ni praatsiek ni, mar verstandig, en as hy in 'n gesprek kom, dan kon hy di ander verbaas deur di diepte van syn kennis op di onderwerpe van di dag.

Op di kanaalboot had James gen boeke om te lees ni; en dit was ver hom 'n grote beproewing. Nou en dan was di kaptein in di geleentheid om koerante te loop, en di werd dan gretig deur hom deurgelees en herlees. Ver James egter was di ontbering van boeke goed, want toen had hy di ge-

leentheid om *mense* in plaas van *boeke* te bestudeer, en hie deur is syn verstandelike kennis veul verryk geworde.

Dit skyn of James 'n bisondere voorliefde ver di water gehad het. Ni minder as veertien maal het hy in di water geval, gedurende di twe of dri maande wat hy op di kanaalboot was. Di leser moet egter ni denk dat dit was deur lompheid, of omdat hy syn werk ni verstaan het ni; net teenoergesteld, dit was deur toegewydheid en getrouheid an syn werk. Hy het meer gedink an di behoerlike uitvoering van syn werk, as an syn eie veiligheid. Hy was imand wat, as hy 'n ander dien, dan ni om hom self dag ni; en dit het hom meer as eenmaal 'n nat pak klere gekos, en daarby nog di skrik van byna te verdrink.

Di laaste maal wat hy in di water geval het, het dit net min geskeel of dit het syn lewe gekos. Dit was 'n donker, reenagtige nag, toen hy wakker geroep werd om syn pos weer in te neem. Di boot het pas 'n ondiepe plaas verlaat, oos daar baing in di Ohio-kanaal voorkom, en dryf weeri n ruim en diep water. James ontwaak uit 'n geruste slaap, en staat met di oge op di dek half oop, waar di reen hom egter gou verder wakker maak. Daar di boot dig by 'n sluis was, neem hy 'n tou, en wou dit afrol. Mar deur een of ander onbekende oorsaak haak di tou vas an di rand van di boot, en James moes net syn kragte inspan en verskeie trekke ge om dit los te ruk. Op laas, na 'n goeie ruk, raak di tou los, mar met di gevolg, dat hy oer di rand van di boot onderste bo in di water val. Dit was 'n donker nag, mar di water was nog swarter as di nag, en gen ander geluid as di gekletter van di reen werd gehoord. Intussen vaar di boot mar vort, en gen sterveling wis iets van di ongeluk; vandaar dat oek gen helpende hand nitgesteek werd. Di dood skyn hier onvermydelik. Hy gryp egter om hom heen in di donker, en daar voel hy iets in syn hand. Ja, waarlik, dit was 'n tou; by toeval, sal meer as een sê, mar to deur goddelike bestiering. Met 'n wanhopige inspanning gryp hy di tou, en klouter daar langes an weer op dek. En daar staat hy, hoewel waternat, en rillende van di kou, mar tog veilig op di dek en gered.

Soos hy later bemerk, het di tou agter by di boot afgehang. Hy siet dus dat hy as deur 'n wonder gered is.

Di tou sou ver hom van gen nut gewees het ni, want dit was nergens an vasgemaak. As by toeval het dit oerboord gehang; mar daar was 'n knoop in, en di knoop het vasgehaak in 'n klein skeurtji van di rand van di boot, wat egter nouweliks diep genoeg was om hom teen te hou. Meermale het hy getrag om di tou weer so vas te sit in di skeur, mar dit kon hom ni geluk ni, om dit op diselfde wyse te doen.

Daar staat hy dan alleen op dek, in di pikswarte, donkere nag, terwyl nimand van syn ongeluk of van syn redding iets afweet. Nimand, dan God alleen, wat 'n dun tou, 'n kleine knoop en 'n nouwe skeur gebruik het om hom te redde.

“O God, U had dan nog geen lus in myn dood,” roep hy uit di grond van syn hart uit. “Ek self kon my ni help ni; U alleen het dit gedaan! Myn lewe het U as deur 'n wonder behoue. U het dus nog iets voor met my. U wil my nog spaar, opdat ek behoue sou worde. U dag in ontferming an my, mar ek dag geheel ni om U ni. Ek verlaat elaperig myn kooi en begin myn werk, sonder U om bewaring te smeek, wat ek meer dan ooit nodig had; mar U het omgesien na myn, en myn lewe gespaar,—tog oek om myn siel te redde.”

Di indruk wat di wonderbare redding op hom gemaak het, was te dieper, omdat syn gedagtes onwillekeurig heengelei werd na syn biddende moeder. Hy wis dat sy hom elke dag gedenk voor di troon van genade. Hy twyfel oek nou ni meer an di verhoring van gebed, en di leidinge van di Voor-sienigheid. Al wat hy weet en geleer het uit Gods dierbaar Woord, werd hom nou eers reg duidelik en helder. Dit gaat nou ni meer om hom heen ni; hy self was in di saak betrokke, nou gaat dit hom persoonlik an. Di Almagtige God het 'n reddende hand na hom uitgestrek, en hierower was syn siel in hom owerstelp van aanbiddende bewondering. Hoe getrouwelik het di God hom bewaar en gelei, deur soveul gevare en verleiding. En wat 'n voorreg om so 'n moeder te hê. Hy had haar teere gevoelens ni genoeg na waarde op prys gestel. Di verlange na syn moeder en di huis werd so sterk, dat hy dit ni meer kon uithou ni, en besluit om di kanaalboot te verlaat, en terug te gaan.

Daarby kom nog dat hy di koors kry, en wel in so 'n hewige graad, dat hy ni meer in staat was om syn werk te verrig ni. Daarom gaat hy dus, enige da'e na di voorval, na di kaptein en seg:—

“Kaptein, ek moet huistoe gaan!”

“Dis 'n verstandige besluit van jou, Jim,” antwoord hy. “Jy is tog te siek om jou werk te doen, en ons kan hier op di boot di sieke man sleg versorre. Dit spyt my natuurlik dat ek jou moet mis, en di ander mense op di boot denk net soos ek. Ons sal jou algar met leedwese sien vertrek, mar ek denk tog dat dit beter ver jou is.”

“Dit spyt my oek dat ek jou diens moet verlaat, kaptein; want ek het dit goed gehad an boord; mar tog is ek nou van plan om jou raad op te volg.”

“Jy kan niks beters doen ni. As ek in jou plaas was, gaat ek so gou molik studeer.”

Hulle reken toen af. Twee maande was Jim drywer ge-wees, teen 12 dollers per maand, dus £5, en een maand bootsmar, teen 18 dollers, £3 15s.; dus al te same £8 15s.; en daarna vertrek James "huistoe."

Met gemengde gevoelens bewandel James syn pad huistoe; hy was selde in syn lewe, of liever nog nooit, so droefgeestig as toen. Di koors beneem hom al syn kragte, en hy gevoel hom magteloos, soos 'n kind. Ver imand wat nog nooit siek was ni, is di ervaring dubbel onangenaam. Hy had an syn moeder di laaste tyd ni geskrywe ni, daar hy dit so druk had, naar dat hy meen; mar nou grief dit hom diep, dat hy di liwe, biddende moeder so lank in onsekerheid gelaat het. Sy verbeel haar waarskynlik dat hy op di Eriemeer rond-swerwe, en wi weet hoeveel angs en kommer sy reeds om hom deurgestaan het. So bid hy God gedurig om vergiffenis ver di en elke andere sonde van syn lewe, en so nader hy een-saam en treurig, mar tog met innerlike blydschap, in di don-kerheid van di nag, di moederlike woning in di bos. Daar was, hoewel onder geheel andere omstandighede, tog iets in hom van di verlore seun, op pad na di vaderhuis.

En kyk di moeder oek na hom uit? Ja, en ne, myn waarde leser. Ni met haar uiterlike oge ni, want di kon deur di duisternis van di nag ni heendring ni; mar soveul te meer met di oge van haar geloof.

Dit was halfelf di nag, toen James di huis nader kom. Hy siet lig deur di vensters. Syn hart begin te klop in syn bin-
nest, en syn kragte herleef in hom. Syn moeder was dus nog op. Hy nader 'n venster, waar 'n skeurtji hom vergun op te merk wat daar binne omgaat. Waar is moeder dan? Hy siet haar ni by di tafel sit ni. Daar in di hoek leg sy geknield, met haar geopende Bybel voor haar, en haar oge naar bowe gerig, want vandaar alleen verwag sy hulp en troos. Sy bid. Hy kon haar gebed verstaan. Dis di woorde van di Psalm wat sy gelees het, (Ps. 86 : 16) :—

"Gij Heere, zyt een barmhartig en genadig God, lank-moedig en groot van goedertierenheid en waarheid. Wend U tot my, en wees my genadig, geef Uwen knecht Uwe sterkte, en verlos den zoon Uwer dienstmaagd."

Dit was genoeg ver syn hart. Gen tien tellens later leg hy naas syn moeder geknield,—toen in haar arms, an haar hart, en di trane wat daar gestort werd, was gen trace van smart, mar van seer groote blydschap.

Dit was dan oek 'n toneel waarby Engele sig kon verheug. Nog nooit was di twe harte so dig by makaar gewees; nog nooit had moeder en seun sig so volkome één gevoeld.

JAMES SYN SIEKTE;—LUS OM TE GAAN LEEB;—KENNISMAKING MET BATES;—ONDERSOEK VAN 'N DOKTER;—VERDERE TOEBEREIDSELS VER DI STUDI.

“Mar James, jy lyk regte siek,” seg di moeder toen di eerste vreugde, na di ontmoeting. 'n bietje bedoord was.

“Ja, ma, ek is siek en dis juis daarom wat ek huistoe gekom het, ek sukkel met di koors en is regte verswak. Dit was net moeilik om di hele pad te loop.”

“Hoe lank is jy al siek?” vraag die moeder besorg.

“Dis ni so lank ni; dis nog mar 'n week.”

“Mar ek het altyd gehoor 'n mens kry op see ni koorsiekte ni.”

“A, mar ek was oek nooit op di see gewees ni. Ek was op di kanaalboot van neef Amos Letcher.” En toen verhaal James al syn ondervindings, mar di noukeurigste nog hoe naby hy by syn dood was, toen hy di laaste maal in di water geval het, en hoe di Heere hom genadiglik gered het.

Di moeder luister met gespanné andag na di verhaal van haar seun; toen hy klaar had roep sy uit:

“O myn kind, hoe het ek tog menigmaal ver jou gebede, en nou siet ek dat di Heere myn gebede verhoer het.”

“Ja lieue moeder, God het dit gedaan, Hy alleen, en daarom wil ek myn lewe oek an Hom toewy.”

James kon ni veul meer sê ni. Oek di hart van di moeder was vol vreugde. Nog nooit het sy sulke woorde uit di mond van haar seun gehoord ni. In di grote vreugde vergeet sy ewenwel ni dat hy siek is, en dit was nou al ver o'er middernag.

“Jy moet vannag liwer nou niks meer vertel ni, myn kind, jy moet nou mar eers gaan slaap, dan kan ek morre vroeg sien wat ek ver jou kan doen.”

So gaat James na bed; en moeder Garfield oek, mar ni om te slaap ni, ne, daarvoor was haar vreugde te groot. Di hele nag verdiep sy haar in di wonderbare wege van di Here, wat ver haar so heerlik en salig is, en uitloop op di verhoring van haar gebede en di verheerliking van di vrye genade Gods. Nou had sy dan oek hoop dat haar vurig verlangen nog eenmaal sal vervuld worde: haar kind een prediker van di Evangelie te sien.

Vroeg, voordag, di ander dag morre, terwyl di “wachters voor Gods woning” nog an di hemel skitter, was di meeder reeds weer voor di kooi van haar kranke seun. Hy slaap gerus, en daarom wag sy tot di eerste strale van di opgaande

son in syn kamer skyn, en gaat toen weer na hom. Terwyl sy binne kom word hy wakker.

“Het jy goed geslaap,” vraag sy.

“O ja, regte lekker, soos ek in gen week geslaap het ni. Gister aand het ek net moeg gevoel, mar nou voel ek veul beter.”

Di dag was hy oek werkelik veul beter. Syn moeder geef hom kamille en nog wat anders en meen toen dit sal nou wel gaan. Mar ne, di vollende dag was hy weer net regte siek en gevoel hewige pyn in di sy. Moeder Garfield siet dat dit nodig was om 'n dokter te laat kom en doet dit oek. Di dokter kom en vind dat James mar ernstig siek is. Weke lank leg di anders so flukse sterk jongkerel magteloos op syn kooi. Ver hom was dit 'n sware beproewing daar dit di eerste maal in syn lewe is dat hy reg-reg siek word. Mar toen ondervind hy oek di teere, sorgende liefde van 'n moeder, soos hy had. En diselfde God di hom uit di water gered het, het hom oek nou weer uit di siekte verlos. Di Heere bestraf di koors en langsamerhand word James beter.

“Hoe gelukkig is dit tog, James, dat jy thuis gekom het net voor di siekte,” seg syn moeder een morre, terwyl sy voor syn kooi sit te spin.

“Ja, ma, dis seker. Mar al was di koors ni gekom ni, dan sou ek tog huistoe gekom het”

“Jy was dus voornemens di kanaalboot op te ge.”

“O ja, en dit was oek vollens di raad van neef Amos. Hy sê, di goeie God het my te veul talente gege, om dit te begrave in sulke besighede, as waaran ek gewerk het.”

“Neef Amos het groot gelyk. Hy het jou na myn hart raad gege,” seg moeder Garfield met 'n glimlach.

“Toen God di nag myn lewe spaar, het hy dit tog seker gedaan met di doel, dat ek dit an hom moes wy. Dink ma oek ni so ni?”

“Ja so is dit, myn kind, as ons ni blind is ver di leidinge van Gods voorsinigheid, dan leer ons lewenslesse uit elke lewenservaring. Dat di goddelose kaptein jou so ontvang het, toen jy op di skip wou diens neem, was oek ni buite goddelik bestuur ni. Hy het jou ver di seelewe bewaar. Gods voorsinigheid gaat ni slegs oer di grote mar oer alle dinge.”

“Ja di see ge ek nou op. Ook sou ek graag wil gaan studeer. Mar kan 'n mens die Heere ni oek dien as Regsgeleerde?” vraag James.

“Wel, ek dink so, mar ver my kom dit voor dat daar gen heerliker betrekking is as van 'n ware Evangelie prediker. Di beste is egter om jou geheel in di hande van Gods voorsinigheid te stel; dan sal Hy verder wel di pad wys.

Di eerste week in November sou di winterskool in Oranje weer begin, terwyl as onderwyser aangestel was eene meneer Samuel Bates. Hy was 'n jonge man van veul bekwaamheid en daarby 'n opreg Gristen, wat plan had eendag leeraar te worde in 'n gemeente "der Discipelen." Toen Samuel Bates di eerste maal by di Weduwe Garfield in huis kom, maak hy op haar reeds 'n gunstige indruk en werd hy haar vertrouweling. Sy vertel hom alles van James; van syn redding, syn siekte, syn keuse, on vooral di heerlike verhoring van haar gebede. Soos Hanna vroeger, had sy James an di Heere geheilig; mar sy had di middels ni om hom syn bestemming te laat bereik. Bates kon haar goed verstaan, want hy self was oek 'n "Samuel" en wil studeer sonder di nitwendige middels van syn ou'ers te kan verwag.

"Meneer Bates is 'n regte goeie mens," seg moeder Garfield an James, nadat hy vertrokke was. "Dit verwonder my ni dat syn leerlinge baing van hom hou."

"Ja ma, ek hou oek baing van hom, ek hoop mar hy sal dikwils hier kom sit 'n praat. Ek sou baing graag by hom wou skool gaan."

"Dit sou ek oek wens, mar dit kan nou ni. Mar wat jy wel kan doen, is om hom na te volg, daarin, dat hy skoolhou, om in syn studeerkoste te voorsien."

Di omgang met Bates het James goed gedaan. Hoe langer hoe meer werd hy an hom verbonde en toen Bates hom teen di einde van di winter di voorstel doet om met hom na di skool in Chester te gaan was hy dadelik klaar. Di besluit het hy geheel uit eie wil geneem en dit was oek di *keerpunt* in syn tot nogtoe onbestendig jongelingslewe.

Sodanig het Bates dit oek beskou toen hy seg: "jy het geseg: ek sal gaan, en dit wys jou op di grote doel van jou lewe. Di keerpunt in myn lewe was toen ek beslote het om te gaan studeer en di ogenblik het ek gevoel dat dit di roeping van myn lewe is."

Toen di saak dus beslote was werd di middels besproke, om di doel te bereik. James wou Saterdagse en in syn vrye ure met hande-arbeid in syn behoeftes voorsien en begeer di behoeftes so min molik te maak. Met weinig moeite haal hy zyn neefs, Willem en Herdrik Boynton, oer, om met hom saam te gaan studeer. Albei het oek baing van leer gehou. Hulle kryg van hulle vader verlof om di Geauga Seminari te Chester te besoek, wat hulle oek angeraai werd deur mnr. Bates.

James het egter nog een voorsorgmaatreele geneem, nam. om van 'n dokter te verneem of syn gestel geskik was ver studi. Net was daar 'n sekere Dr. Robinson in di omtrek, en

James, sonder om verimand daar iets van te sê, gaat om hom van di persoon te laat ondersoek.

Dr. Robinson het later self hieromtrent di vollende geskrywe : “ Hy was armoedig gekleed, in ’n linne broek, wat hom heelwat te kort was. Di moue van syn baatje kom mar ’n bietji onderkant syn elleboge. Syn vaal plat hoed was byná te sleg om nog te dra, en toen hy dit afhaal om my beleef te groet kom ’n bos geel haar te voorskyn, wat agter oer syn kraag hang. Ofskoon hy daar so snaaks uitsiet, had hy tog ’n bevallige en beskaafde voorkome, en was vlug en aangenaam in syn maniere.”

“ Wi is jy ? ” vraag di dokter.

“ Myn naam is James Garfield, uit Oranje.”

“ O, dan ken ek jou moeder, en het jou oek gesien, toen jy nog soos ’n babetji in haar arms leg.”

“ Ek kom om u as dokter te raadpleeg, of ’n lewe van studi sal goed of kwaad wees, want ek het hoor sê dat dit ongesond is ver sommige gestelle.

“ Dit was,” so verhaal di dokter verder, “ ’n ernstige ogenblik ver my. Van myn uitspraak sal nou di lewensloop van di jongeling afgang. Hy sag my an met groot vertrouwe, as of hy in myn oge wou lees. Ek ondersog syn hoof, syn longe ; voel syn pols, bestudeer syn oge. Hy had ’n gesonde gestel en alles bevredig my. Na ’n kwartier leg ek myn hand op syn skouer en seg : ‘ gaat jou gang, vrind, volg mar di inspraak van jou eergevoel, en jy sal in my altyd ’n vrind vinde as jy my mog nodig hê. Studeer mar fluks, wees mar ri bang om jou te oerwerk ni, en jy sal jou pad wel vinde.”

James bedank di dokter en gaat na huis.

“ Ek sou wel verlang dat ek ’n beter pak klere ver jou had,” seg syn moeder, “ mar dit kan nou ni anders ni. Ek sal di oue egter regmaak ; di mouwe en broekspype sal ek ’n bietji langer maak.

Dit was diselfde klere waarmee hy by di dokter was, mar hy seg : “ Ag dis daarom goed genoeg.” Di plan was oek om mar ver hulle self te sorre ; dit sou natuurlik goedkoper uitkom.

Met moeite kryg juffer Garfield omtrent 11 dollars by-maakaar en daarmee moes James gaan begin studeer. Mar ver imand soos James Garfield, wat gen lekkerbek of swierbol was ni, was dit oek al genoeg en hy was daar heel tevrede mee, want syn plan was om meer te verdien.

XIV.

JAMES OP PAD NA SKOOL.—EI'E HUISHOUDING.—OP SKOOL.—HY WERK VER SYN KOS.—MELK EN BROOD.—'N DEBAT GESELSKAP.

Dit was di vyfde Maart en di vollende dag sou di Geanga Kweekskool weer geopend worde. Op di pad daarheen siet ons dri jong kereltjies, wat van plan is om te gaan studeer. Elkeen had 'n swaar drag agter di rug en raai nou wat bevat di sware sak? 'n Ketel, 'n pan, skotels, borde, 'n mes, 'n vurk, 'n lepel met nog 'n party ander goed, en dan 'n goeie voorraad ham of spek. James syn pak klere het ons reeds kennis mee gemaak en di ander twe het daar oek ni veul beter uitgesien ni. Nimand sou hulle ver "verwaande studentjies" angesien hê ni; dis seker. Waarlik het 'n konstawel hulle op pad gekry, dan sou hy misskien in di versoeking gestaan het om hulle op te pak as diwe wat di nag een of ander boer syn kombuis besoek het. Nitemin was hulle eerlike en opregte kereltjies, baing fatsoenliker dan meer as een sogenaamde "meneertji" wat hom sodanig anstel, en tog niks werd is ni.

Toen hulle in Chester ankom gaat hulle dadelik na di huis van di Direktur, mnr. Daniël Branch (in Afrikaansch "Tak"), 'n reg beskaafde man.

"Ons is gekom om uw skool te besoek," seg Jim, wat di woord moes voer. "Ons kom van Oranje af."

"Hoe 's jou naam?"

"Myn naam is James Abram Garfield, en di twe is myn neefs, Willem en Hendrik Boynton."

"Ek is bly om julle te sien; julle kon 'n slegtere keus gedaan hê dan om te gaan studeer. Ek veronderstel dat julle soos di meeste studente hier, ni met te veul goed oerlaai is ni," terwyl hy hulle met 'n glimlag van onder tot bô beskou.

"Né meneer, ons is ni oerlaai met goud en silwer ni, mar met yser potte en koper ketels en 'n bietji spek."

"So, dan wil julle 'n eie huishou opsit?"

"Ja, meneer, as u so goed wil wees om ons 'n kamer te wys wat ons kan huur."

"O, ja, kom mar hier op stoep. Kyk, daar di ongeskilderde huis. Daar woon 'n arme ou vrou, wat wel 'n kamer-tji sal te huur hê. Gaat mar daarheen."

"Danki, meneer, danki," seg James en syn maters beleefdelik en stap na di ou huis toe.

Sover gaat alles na wens; by di ou vrou huur hulle 'n

kamertji, waarin 'n vuurhek met dri stoele en twe kooie op di grond was. Di huisraad was wel ni van di beste ni, mar dit kon hulle min skeel. Hulle was dan tog onder dak, pak hulle goed uit en begin al dadelik ham te braai.

Di Geauga Seminari was 'n instelling van di Vrye Baptiste gemeente, en was nogal 'n bleeiende skool waarin omtrent 'n honderd leerlinge opgenome was, sowel jongetjies as meisies.

Ver onse vrind Garfield was dit 'n vreemde gesig om 'n honderd jonge mense, meesal beter gekleed as hy, in 'n nette skoolkamer bymakaar te sien. Hy was anders ni 'n beskaamde mens ni, mar hier werd hy daarom 'n bietji verlege, vooral di teenwoordigheid van di meisies het hom 'n bietji katterig lat voel. Van dat hy di potas-fabriek verlaat het, had hy gen omgang meer gehad met jonge dames. Hy het sig egter tamelik geskik in di werk van di skool en was gou verdiep in syn studi.

Syn skuwheid het hom egter syn selfstandigheid ni laat verlies ni. Dit blyk toen hy met syn meester in stryd geraak oer sekere punte in di Spraakkuns, want James het ou meneer Kirkman syn spraakkuns letterlik van buite geken en oek verstaan, terwyl mr. Branch partykeer nogal vreemde verklarings kon ge.*

Nitemin was syn meester reg in syn skik met syn nuwe leerling, ja misskien meer met hom tevrede as met di wat di heel dag sê: "ja meneer." Met di huishouding was dit oek tamelik goed gesteld. Te n 'n kleine vergoeding kook di vrou van di huis waar kulle di kamer gehuur het hulle kos en was hulle klere.

Mar daar moes oek boeke en skryfbehoeftes gekog worde en hoe suinig James dit oek al oerlê, eer dat hy dit geweet het, had hy di laaste doller in di hand.

"Ek moet nitkyk om wat te verdien," seg James, "myn beurs is byna leeg. Ek het daar anderkant di straat 'n timmermanswinkel gesien. Daar wil ek gaan werk vra."

"Hoe heet di man?"

"Herman Woodworth," seg James, "as ek morre vroeg skool toe gaan sal ek 'n bietji by hom angaan."

So doet hy oek. James vraag Woodworth om werk en di vergun hom om voor en na skooltyd in syn winkel te kom skawe, en Saterdag di hele dag,—natuurlik teen billike be-

*Byv. dat di Engelse woord *but* ni 'n voegwoord (Conjunction) is ni, mar 'n werkwoord omdat dit afgelei is uit di woorde *be out* en so was *and* 'n werkwoord want dit meen *add*. James meen egter as "*but*" 'n werkwoord is dan moes *but*ter 'n bywoord wees, want daar werd drie letters en een sillabe bygevoeg.

taling. En di manier van geld verdien het James volgehou, solank as di sessi duur. As di ander jongetjies speel en rond hardloop, staat James by di skaafbank en werk ver syn kos.

Mar het James dan nooit 'n bietji ontspanning geneem ni? Ja seker, mar syn ontspanning neem hy in di leeskamer van di kweekskool. As hy hom voldoende voorberei het ver syn lesse en syn werk in di timmermanswinkel klaar had, dan was hy by di boeke. Hy vind daar ander lectuur as in di Potasfabriek en wat tog ni minder onderhoudend en boeiend was as di ander ni. Met di grootste geneege blyf hy tot laat in di nag met di boeke op.

Hier moet ons nog iets meedeel van James syn eerste opstel. Twemaal in di maand moes elke leerling van di kweekskool 'n stuk lewer, en dan moes di persoon dit voor di hele skool voorlees. Toen James di eerste maal syn beurt kry om op di platform te klim en syn stuk daar publiek voor te lees, het hy meer gebewe as 12 jaar later voor di kanonne van di opstandelinge.

"Dit was mar goed ver myn," seg James later an een van syn maters, "dat daar 'n gordyn om di platform is, sodat myn bene tog ni sigbaar was ni."

Toen di persoon vraag "waarom dan?" was syn antwoord: "dan sou julle gedink hê dat ek and' dans was, want so baing het ek gebewe."

"Wi het dit ooit gedink?" roep Willem Boynton.

"Nou, dit is tog waar of jy dit gedink het of ni, maai ek het nog nooit in myn lewe so gebewe ni."

"Nou ja, mar jy hoef jou dan tog glad ni daaroer te kwel ni. Jou opstel was net gaaf, kerel. Hulle het jou algar bewonder. Ek het een hoor sê: 'wi het gedog dat in di eenvoudige klere so veul sit.'"

"Danki ver di kompelment," seg James, "dit skyn of julle myn opstel meer bewonder as myn klere. Nou, ek kan dit ni help ni. Dit val my makliker om 'n goeie opstel as 'n goeie pak klere voor 'n dag te bring. Di eerste kos my net 'n bitji oerpeinsing, en dit het ek verniet,—mar di laaste kos geld en dit het ek ni."

Een van di boeke in di biblioteek was di lewensbeskrywing van Henry C. Wright. Di verhaal het onse arme student regte getroffe. Dit was nou juis 'n man soos hy graag wou worde, en wat oek met armoede en gebrek te stry gehad het, om te kan stadeer. Di man wou hy graag in alles navolg. Op 'n sekere aand toen hy di boek toemaak, nadat hy weer aandagtig daarin gelees het, seg hy an een van syn neefs:

Kyk, kerel ons kan nog goedkoper lewe as ons nou doen. Ons moet soos mnr Wright (spreek uit "rait") lewe.

“En hoe het hy dan gelewe?” vraag Hendrik.

“Hy het net melk gebruik.”

“Niks as melk?”

“Ja, di een dag brood en melk en di ander dag melk en brood,—altd melk-kos.”

“Mar Jim, wi kan dan nou goedkoper lewe as ons? Reken dat ons mar 1 siling vyf oulap en 'n stuiwer per week elkeen verteer.”

“Ja, mar melk is nog goedkoper en vooral gesonder.”

“Hoe weet jy dat dit gesonder is?”

“Omdat mnr. Wright hom beter gevoel het as ooit te vore en 'n veul helderder hoof gehad het om te denk.”

“Ag, kerel, melk is ver klein kinders, 'n stuk beesvlys ver groot mense.”

“Wat praat jy van beesvlys, dit kan ons teg ni hê ni; sê liwer: uitgebraaide spek,” antwoord James.

“Né, mar ek dink, jy moet perbeer om liwer glad ni meer te eet ni, dit kom nog goedkoper uit,” lag Hendrik.

“Lag mar so veul as julle wil. Ek moet ver myn eie kos sorre. Myn ma kan my ni iets stuur ni, en ek sal met di melk perbeer.”

Daarmee was di gesprek op 'n end.

Een aand in di week gaat James ni na di Timmerwinkel ni. Dan werd daar deur di skolire onder makkaar 'n debat of disputeer-geselskap gehou. Di direkteur het dit bisonder aangemoedig en selfs dikwils daar gekom. Hy meen, en tereg oek, dat di jongelide daardeur goed geoeffend word om te denk en te redeneer. James had 'n grote gemakkelikhed om hom uit te druk en was bisonder skerpsinnig. Hy lees en bestudeer van te vore di onderwerp goed waaroor di debat sal wees, en lees wat hy mar daarentrent kon in hande kry.

Oek het hy di gewoonte aangenome om antekenings te maak uit elke boek, wat hy lees, sodat hy met een oogopslag kon weet, wat elke boek, wat hy bestudeer het, bevat. James het in di geselskappe getoon dat hy 'n gedugte teenstander was, en veul lof en goedkeuring verworwe, sodat hulle hom moes begin te respektee, niteenstaande syn armoedige klere. Hier werd dan oek di grond geleg van di pragtige redenaars- en dispueteertalente, waardeur Garfield sig di laaste vyftien jaar van syn lewe in di Congres beroemd gemaak het.

XV.

JAMES WEER TUIS; BOU 'N SKUUR EN OES.—DI EENSAME GELD-STUK.—JAMES VOORNEME EN SYN ONDERWYSERS RAAD.

Eindelik was di somervakansi daar, en James kom met heel wat kennis in di hoof tuis, om by moeder syn vakansi deur te bring. Twee maande lank had hy vry, en tot syn blydskap was Tom oek tuis, wat juis plan gemaak het om ver moeder 'n skuur te bou.

“ Kan jy ni 'n handji help ni, Jim ? ” seg Tom, ” jy was altyd so 'n flukse timmerman voor jy gaan studeer het.”

“ Ek hoop van ja ; as di algebra en wysbegeerte my mar ni laat vergeet het, wat Baas Treat my geleer het ni ! ”

“ O, dit sal wel gaan, jy sal tog ni so gou vergeet ni.”

En dit blyk oek mar alte waar te wees, want di skuur van juffer Garfield, waarvoor Tom reeds di hout, ens. bymakaar gebring het, werd deur di twe broers in 'n korte tyd gebou en, goed en netjies ingerig. Di tyd was nou verby dat di famili in 'n blokhuis moes woon, oek was di omgewing wonderlik veranderd. Di bos en di wildernis was veranderd in pragtige koorndlande en mooi tuine. Nou was daar van gen eensaamheid sprake ni. Oranje werd 'n goed bevolkte plaas.

Toen di skuur klaar was begin James onder di koloniste werk te soek, want hy moes nog geld verdien voor hy weer na Chester kon terug gaan. 'n Deel van syn dokters rekening moes nog betaald worde, en dan had hy 'n nuwe pak klere hoog nodig.

Hy kry dan oek 'n boer wat 'n bietji agter was met syn koorn-oes.

“ Kan oom myn gebruik ? ”

“ Ja, ek sou jou graag 'n paar weke eerder al wou gehad hê,” seg di boer, “ dit lyk of ek myn oes van jaar ni sal binne kry ni.”

“ Beter laat as nooit,” seg James.

“ Beter nooit laat en altyd vroeg,” antwoord di boer.

“ Dis juis myn stelreel ; ek hou niks van talm ni, oom. Dit sal 'n mens op skool oek leer, want op skool is dit nog erger as op 'n boerdery, om weer in te haal as 'n mens eers agter is. Ek verseker oom dit kos moeite.”

Di boer begryp daar ni te veul van ni en maak hom al ongerus, dat 'n kereltji, wat syn kop so vol is van di skool, op di land ni te veul werd sal wees ni. Daarom was hy mar huiwerig om hom syn werk toe te vertrou. Mar ja, wi sê, wat vond hy hom tot syn vreugde bedroge ! Binne 'n week

was syn graan van di veld en betaal hy James 'n goeie loon sonder di minste teensin.

So het James nog hier en daar wat geld verdien gedurende di vakansi; terwyl hy hom saans besig hou met lees of studeer. Eindelik moes hy weer terug na di Seminari. Di aand van te vore sit hy naas syn moeder vertrouwelik te praat, toen sy haar besorgdheid uitdruk dat sy hom ni 'n bietji geld kon meegé ni, want hoewel hy meen om weer genoeg by baas Woodworth te verdien om hom te help, beskou sy dit daarom goed as hy so 'n paar dollars had om mee te begin. Mar daarop was syn antwoord: "beter met niks begin en met iets eindig as om met iets te begin en met niks te eindig."

James syn plan was buitendien reeds om di vollende winter te gaan skool hou sodat hy kon geld verdien om in di somer te studeer,—'n plan wat in di tyd veul gevolg werd en syn moeder oek goedkeur.

So gaat James dan weer terug na di Seminari en dit met 'n nege-oulap-stuk in di sak. Op pad beklaag hy, teen syn neefs, di eensame geldstuk wat misskien ni gou geselskap sou kry ni. Hy het egter gou geselskap gekry, mar buiten syn sak; want toen James di eerste Sondag in di kerk sit en di kollekte bus rond kom, gevoel James soveul lus om 'n offer van dankbare liefde by te dra dat hy van syn enigste geldstuk afskeid neem.

Met hulle lewenswyse het hulle dit nog altyd so suinig molik oerlê, hoewel hulle tog later di uitgaaf 'n bitji hoger gemaak het, om sodoende nou en dan wat versterkends by te kry.

James had nooit met di Direkteur daaroor gesproke om as onderwyser uit te gaan ni. Mnr Branch begin daar selfs oer te praat. Hy ken di armoede van syn geliefde leerling en stel veul belang in hom. Hy sou self graag sien, dat James syn talente verder ontwikkel, en ken gen beter middel ver hom om an geld te kom, ni as om in di winterte gaan skool hou. Op 'n vraag wat hy daarvan dink om di vollende winter as skoolmeester uit te gaan, was syn antwoord:

"Dis juis myn voornemen meneer, as ek dit kan volvoer; myn moeder het myn dit oek geraai."

"Heel goed, kerel, en boweal keur ek dit goed dat jy na jou moeders raad luister. Sulke mense kom vooruit. En dan in skool-hou leg nog dit opgeslote, dat jy ni alleen ver jou self leef ni mar oek ver ander nuttig is."

"Meen u dan, dat ek sal kan skool hou?"

"Mar sonder twyfel, myn liwe man. Daar is groot behoefte an onderwysers, en na dit myn voorkom, sal jy net

goed slaag ; jy het daar veul anleg voor. Dan, wat 'n hoofvereiste ver 'n onderwyser is, jy kan jou denkbeelde gemaklik uitdruk. Jy sal goed kan orde hou, want wi weet om met stiptheid te gehoorsaam, weet gewoonlik oek te gebiede. God het jou veule gawe gegé, ni om daar hoogmoedig op te wees ni, mar om Hom daarvoor te dank en dit in Syn diens te gebruik."

James was ewe verwonderd, hoe di Direkteur kon weet of hy sou slaag. Hy bedank hom egter ver syn welmenende raad en syn aanmoediging, en studeer verder vort met grote vlyt tot an di einde van di sessi. Syn medeleerlinge vat altyd meer agting ver hom op en wou graag wat met hom te doen hê. So berei di Voorsienigheid hom, onder di harde arbeid, voor ver di grote doel, waarvoor hy bestemd was.

Toen di vakansi weer begin, had James genoeg verdien om syn rekenings te betaal en oek ni met 'n lege sak by syn moeder an te kom ni.

XVI.

JAMES SOEK 'N SKOOL.—SYN TELEURSTELLINGS. —HY KRY TOG 'N SKOOL.—SYN SUKSES MET SKOOLHOU.—JAMES LEG SYN BELYDENIS AF.—'N STUKKENDE BROEK.—HOGER OP.

Vol moed en goeie verwagting kom onse student weer op Oranje en hy laat dan oek gen tyd velore gaan ni, mar gaat di vollende dag reeds uit om 'n plek te soek waar hy kon skool-hou. Soos altyd, gaat moeders gebede met hom saam.

"Wanneer kom jy terug, James?" was haar laaste vraag.

"So gou as ek 'n betrekking het, ma ; mar ek siet mar net swarigheid om 'n skool te kry."

Tien myle moes hy loop totdat hy eindelijk by 'n skoolplaas ankom. Hy vraag na di Komité en vervoeg hom by di voorsitter. Di antwoord wat hy kry was alles behalwe aanmoedigend.

"Ons het gen *kind* nodig om ons skool te hou ni," werd geantwoord. "Jy is nog veuls te jonk."

James laat hom egter ni so gou uit di veld slaan ni. Hy haal syn getuigskrifte voor 'n dag, mar dit wou ni help ni. Hulle wou graag glo dat hy kennis genoeg het, mar hy kon hom tog ni ouer maak as hy was ni, en party van di kinders daar was al tamelike kerels.

Di voorval laat James dink an di eerste spyker wat hy mis geslaan het, en ofskoon wel 'n bietji afgekoeld in syn verwagting sit hy moedig di reis vort. Daar had hy weer 'n buurt bereik en praat met di Kommissi.

“Ons is reeds voorsien,” was di antwoord, “as jy ’n week eerder gekom het, dan sou ons jou gehuur hê, mar nou is dit te laat.”

Ofskoon hy ni geslaag was, het hy tog gen anmerking op syn jeug gehoord en dit doet hom plesier. Toen hy sou weggaan ge di Kommissi-lid hom di anwysing, dat hulle in ’n buurte dri myle daarvandaan misskien nog gen onderwyser het ni. Hy ging daarheen en vond oek di angewese persoon, ene mnr. Nelson, tuis, mar di son was al ’n hele rukki onder, toen hy by di deur anklop.

“Ons het net imand angestel, myn liwe vriend. Dit spyt my, mar twe kan ek ni huur ni.”

“Né, dit kan u ni, en misskien het di een wat u angestel het, dit net so nodig as ek.” Seg James.

“Ek denk wel, want hy wil studeer.”

“Ek oek, meneer.”

“Waar studeer jy?”

“In di Geauga Kweekskool.”

“O ja. Daar kom goeie kerels vandaan. Ver twe jaar het ons een van Chester gehad, mar hy was di beste wat ons nog ooit gehad het.”

“Dis dus ’n goeie rekomendasi ver my.”

“Ja seker. Mar kyk, jy kan ni vanaand nog verder gaan ni. Kom eet nou mar eers saam met ons, en bly van-nag hier, dan kan jy morre verder gaan.”

James neem met blydschap di uitnodiging an. Verkwik en vol moed sit onse skoolmeester syn reis di vollende morre vort. Di Seminari staat tog in ’n goeie ruik, dit blyk duidelik, dus syn getuigskrifte was heel wat werd, meen hy. Mar ag, hoe werd hy in syn verbeelding teleurgesteld, want di eerste distrik waar hy ankom, moes hy hoor:

“Ons het verlede jaar ’n ventji van di Geauga Seminari gehad; mar di het dit so sleg gemaak, dat ons oek net genoeg daarvan het.”

Arme James! Twe dage na syn vertrek kom hy weer by syn moeder terug, mar sonder dat hy ’n skool gekry het. Mismoedig vertel hy an syn moeder al syn teleurstellings.

“Miskien het di Here wat *beters* ver jou weggeleg.” Seg di goeie vrou troostende. “Ge mar ni moed op ni. Jy is nou moeg en moet mar gou gaan slaap.”

Stil en onderworpe na di uiterlike, gaat James na syn kamer, mar daar binnekant in syn hart was dit alles behalwe rustig. Hy was so gewoon dat alles wat hy perbeer geluk, en nou loop hy met syn kop oral vas. Mar hoewel dit in syn binnenste woel, wanhoop hy daarom nog ni, en na ’n vurig gebed slaap hy gerus in.

Di vollende morre had hy syn oge pas oop of hy hoor 'n gepraat voor di deur.

"Juffer Garfield," roep imand, "waar is jou seun?"

"Hy is tuis, mar hy slaap nog. Gister het hy baing ge-loop en nou is hy moeg."

"Ek sou graag wil weet of hy ni di winter by ons wil kom skool hou ni." Seg di man verder.

James het skaars di woord "skool" gehoor of hy spring uit di kooi. Hy kry dadelik di gedagte van di "iets beters" waarvan syn moeder gepraat het. Gou gou was hy angetrek en staat hy by di man, wat na hom gevraag het. Dit was 'n buurman wat omtrent 'n myl daarvandaan woon ter wyl di skool oek daar digteby was.

"Wel Jim, wat seg jy daarvan, wil jy ver ons kom skool hou nou in di winter?"

"Ek wil graag 'n skool hê," seg Jim, hoewel hy minder lus had om di skool te neem. Di kinders ken hom en dit was bekend dat dit mar 'n onordentelike boel was.

"Jy weet misskien, Jim, dat dit mar wilde spul kinders is." Seg di persoon.

"Ja, dis di lastigste skool in di hele omtrek. Denk u dat ek daar teen opgewasse is? Al di kinders ken my."

"Juis daarom," seg di man; "hulle ken jou en weet dat jy knap is en beter kan syfer as meer as een ouere skoolmeester. Jy weet buitendien self dat jy ni 'n kerel is wat met jou di gek laat spel ni. Dis nou al twe winters dat di kinders di meester letterlik weggejaag het. As dit nodig is sou ek imand wil anstel wat met 'n kieri daarby staat om di spul in orde te hou. Nou, wat seg jy daarvan? Ek ge jou 12 dollars per maand en vry losies."

James kon moeielik glo dat dit di "wat beters" is, mar syn moeder meen hy moes eers 'n bietji daaroer dink en kon later antwoord stuur.

Dit werd goed gevonde, en nadat di buurman n g geseg het dat James hom ni moes teleurstel ni, vertrek hy. Toen di man weg was begon moeder en seun di saak te bespreek. James was bang ver di lastige kinders, mar syn moeder meen as hy dit daar goed maak, dan was syn goeie naam gevestig; dan sal hy oral maklik 'n skool kry.

"Ja, as ek dit goed maak, maar, maar,....." seg James, "as ek dit nou ni goed maak ni?"

"Di Here sal jou ni alleen laat ni. Hy laat nooit beskaamd nitkom wat op Hom vertrou. Gaat mar 'n bietji na oom Amos toe en praat met hom daaroer."

Na di ete gaat James toen oek dadelik na oom Amos, en vertel hom di saak. Toen di dit hoor, was syn eerste uit-

roep : " 'n lastige skool." Tog meen hy sal dit wel gaan, daar di kinders nooit iets slegs van James gehoor het ni, waaroor hy hom hoof te skaam, en daarom raai hy James om dit mar an te neem.

" Dis waar," gaat hy vort, " jy begin di skool as James Garfield, mar as jy dit kan verlaat as meester Garfield, dan is jou roem gevestigd en jy kan di beste skool in di hele Ohio magtig worde in di toekoms "

" Nou, ek neem di skool an," seg James vasberade, neem afskeid van syn oom en gaat syn besluit an syn moeder mee-deel, wat dit weer an di bestuur laat weet. Binne twee dage was dit in di hele omtrek bekend dat di seun van di wedewe Garfield di skool by di Ledge sal hou. Di kwaaijongens was ni te veul op hulle gemak ni want hulle het Jim lank al geken dat hy ni speuletjies maak ni. Hy was goed en prettig in di omgang, mar hy het 'n paar flukse arms an syn lyf gehad.

Een van di grootste deugnite, wat gehoor het dat hulle gepraat het om 'n man in di skool an te stel met 'n rotting net om te slaan, seg : " daar hoof hulle nimand voor te stuur ni. As Jim wil kan hy self met di rotting werk, mar ek sal oppas dat ek goeie maats met hom bly. Hy is di beste kereel in di hele Ohio."

So siet ons dat James nogal 'n goeie naam had. Tog was hy alles behalwe op syn gemak toen hy afskeid neem.

" Moeder," seg hy, " misskien is ek vóór 12 uur weer terug." Hy meen daarme, dat di kinders oer hom sal baas speel, en dat hy dan di vlug sal moet neem.

" Ag nee, ek glo stellig, dit sal wel goed gaan ; jy word nog di knapste onderwyser hier in di omtrek," was di bemoedigende antwoord van syn moeder, want sy voel dat James anmoediging nodig had.

Hy had hom vas voorgeneem om skool te hou, sonder d lat te gebruik, so veul dit molik is. Syn gevoele was dat 'n skoolmeester en 'n beul tve aparte persone is. Syn leerlinge ge hy di versekering, dat dit syn grootste lus is, om hulle di winter 'n goeie end vooruit te help ; mar hulle moes met hom samewerk.

" Ons sal makkaar help," seg James Garfield. " Di meeste van julle is oud genoeg om te begryp, dat julle ver julle self leer en ni ver di meester ni. Ek sal myn bes doen om 'n goeie skoolmeester te wees, doet julle nou oek julle bes, dat ons 'n goeie skool kry, wat oral in di buurte geprys word. Dis baing angenamer, as dat ons di naam het, van 'n onge-reelde, ondeu'ende trop, wat di tyd verknoei en makkaar di lewe bitter maak."

En waarlik, het dit bowe verwagting gegaan. James wis

di leerlinge duidelik te maak, waartoe hulle eindelijk op skool was, en di meeste begryp dit nou ver di eerste maal. Hy vorder stipte gehoorsaamheid, mar was ni hard en eis oek ni te veel, en daarby kon hy hulle angenaam besig hou. Tussen di skooltyd kon hy lekker met hulle saam speel, mar was dit weer tyd van leer, dan was alle spulletjies op 'n end, en algar weer ywerig an di werk. Natuurlik waar gestraf moes worde, dan kon hy dit doen.

Oek by di ouers wis James hom bemind te maak. Hy was gesellig en leersaam in syn omgang. Waar hy tuis was, lees hy iets moois voor, vertel mooi verhale of help di kinders met hulle werk, sodat dit 'n voorreg beskoud werd om hom in di kos te hê. Di goeie verstandhouding met di ouers het di omgang met di kinders oek makliker gemaak, en moeder Garfield kon met veel lof oer haar innig geliefde Jim hoor praat. Daarvoor dank zy dan haar God in di eensameheid.

Di Sondag het James meesal in syn moeders huis deurgebring. Di godsdiensoefening van di Dissipels had di winter gereeld plaas, sodat hy iedere Sondag daaraan kon deel neem.

Di predikant het gereeld diens gehou, en was 'n godsdienstig en ernstig man. James het veel van hom gehou en hom graag gehoor. Di leeraar het dan oek veel belangstelling in di jonge skoolmeester getoond en oek met veel liefde an syn siel gearbei. Toen kwam dit ten volle uit wat moeder geseg het, dat di Here wat *beters* ver James weggeleg het. Di "naam des Heeren" kon hy openlik voor di gemeente belei, en deur di doop en aflegging van syn belydenis werd hy lid van di gemeente der Dissipels. Nou was moeder Garfields beker oervloeiende soos sy met betraande oge kon verseker: Di Here had alles wêl gemaak.

Di winter was verby en met andoening neem James afskeid van syn leerlinge, terwyl di ouers hom di hand kom druk en makkaar toevoeg: "Hy is nog di beste meester wat ons ooit gehad het." So was dan oek oom Amos syn profesi vervuld: James het di skool as "meester Garfield" verlate, deur algar geag en bemind. James had op nuw 'n dieper insig gekry in di wege en leidinge van di Voorsienigheid, en verstaan dat Gods leidinge tog goed is, hoewel dit ver ons soms verkeerd lyk.

Toen James weer terugkeer na di Seminari, gaat hy, vol-lens 'n vroeger gemaakte skikking, by mnr Woodworth, di timmerman, in di kos. Ver 'n seker som sou hy daar lo-seer, terwyl hy voortgaat om gedurende syn vrye tyd in di winkel te werk. Di eerste Saterdag het hy reeds so veel planke geskawe, dat hy syn kosgeld van di week, op een ou-

lap na, kon betaal. Hy had dit dan ook nou heel wat beter as vroeger by syn melkpot.

So werk en leer James di somer deur tot di winter begin en hy weer gaat skool hou. Di slag kry hy 'n flukse skool te Warrensville, waar hom 16 dollars per maand betaald werd, behalwe dat hy syn kos vry had. Di skool was groter en leg in 'n aangename streek; di huis was beter ingerig en di leerlinge was verder gevorderd. Ook hier gaat dit regte goed.

Eens op 'n dag geef een van di meer gevorderde leerlinge syn wens te kenne om meetkuns te leer. Nou had James wel sowat daaran gedaan, mar te vul wis daar tog ni van af ni. Sonder egter ver syn leerling te lat merk hoe min hy daarvan geleer het, stem hy toe en koop hom 'n handboek. Di aand van te vore bestudeer hy dan altyd tuis wat hy di vollende dag ver syn leerling moet leer. So gaat hulle albei di boek deur en di leerling het nooit gemerk dat syn meester ook mar toen ver di eerste maal di boek geleer het.

Een dag had James 'n ongeluk. Hy het saam met di kinders buiten di skooltyd gespeul, en daar syn broek ri meer te nuwt was ni, het daar 'n skeur in gekom.

Met 'n ni alte opgeruimde gesig kom hy di huis in en deel dit an di juffer Stiles, di huismoeder by wi hy tuis was, mee.

"Ag, dis ni di moeite werd om daar so ongerus oer te wees ni."

"Ja, u sou ni so praat ni, as u wis dat dit di enigste is wat ek het."

"Nou, ek kan u wel help. Ek sal dit so toestop dat ni sal merk ni."

"As ek dit so an myn lyf het?" Vraag James verheug.

"Nee, natuurlik ni, mar as jy in di kooi is. Een van di jongetjies kan dit na myn toe bring, en mo're oggend as jy opstaat is dit klaar. Ver sulke kleinighede moet jy tog ni om-ge ni. Ek wed dat jy daar glad ni meer om sal dink ni, as jy een dag president is."

Juffer Stiles het dit goed gemeen toen sy di grap maak; mar sy het dit tog mis gehad, want toen James later werkelik President was, het hy di geskeurde broek nog ni vergeet ni, en wis hy nog heel goed hoe sy hom so vrendelik uit di nood gehelp het.

Eindelik was di tyd van vertrek weer daar, en James gaat vrolik en opgeruimd om syn studies te Chester voort te sit. In di geheel was hy daar dri jaar; di wintermaande wat hy skool gehou het, bygereken. Toen kwam daar egter in syn loopbaan 'n verandering wat ons di lesers nog gou moet vertel.

Terwyl hy di laaste jaar op 'di Seminari was, ontmoet hy

daar 'n jonge man, wat 'n doktersgraad gekry het an di akademi van Nuwe Engeland. James het daar nooit an gedog dat hy dit een-dag oek nog so ver kon bring, want daarvoor het hy gen gëld gehad ni. Di jonge man het James egter opgewek om syn voorbeeld te volge. Hy vertel hom dat an di Akademi beurse nitgereik word an arme studente, en dat hulle met skoolhou heel wat geld kon verdien om di leergeld te betaal.

“Hoe veul het ek nodig, op syn suinigste berekend?” vraag James.

“As jy suinig lewe kan jy met 200 dollars per jaar uitkom, behalwe jou klere.”

“Ja, om suinig te lewe is ek gewoon,” antwoord James, “en geld kan ek oek verdien.”

“'n Mens tref dit soms reg gelukkig” seg di ander. “Een van ons het di baantji gekry van onderwyser by di agterlike seuntji van 'n ryke moneer en was daardeur 'n hele man, 'n ander het weer in oerige tyd hout gesaag.”

“Dis alles goed” seg James, “mar hoe lank moet dit duur?”

“Vier jaar voorbereidend onderwys, en vier jaar in di Collegi,” was di antwoord. “Sommige studente werk fluks en doet dit dan in ses jaar”

“Ek sal seker langer moet werk, want ek moet gedurig weer geld verdien! Mar dis niks. Al moet ek oek 12 jaar daarvoor neem; as ek mar kans siet dit agter makkaar te kry, dan gaat ek daarvoor in hoe eerder hoe liwer.”

“Nee, so lank sal dit ni duur ni. Dit sou oek kan gebeur, dat jy in een of ander vak as meester kan gebruik worde. Imand wat 'n goeie kop het en ni te lui is ni, kom met Gods seen altyd vooruit.”

“Nou, ek wil dit dan beproewe.”

“Dis goed, kerel, deur 'n akademise opleiding kry jy altyd iets wat jy ni weer verlies ni, en dit maak ver jou di pad oop na di beste plekke in di maakskappy.”

James het syn besluit geneem en om te wys hoe vas dit was, begon hy di vollende dag reeds Latyn en Grieks te leer.

Van di tyd dat hy lid geworde was van di gemeente der Dissipels, het hy ywerig deel geneem an alle werksaamhede van di gemeente, soos Sondagskole, bid-ure, ens. Syn natuurlike anleg het hom tot 'n redenaar gemaak, en syn diepe ernstige opvatting van di waarheid het hom gon tot 'n geliefde voorganger laat worde in Bybellesings en godsdienstige vergaderings.

Di Direkteur van di Gymnasium het van hom geseg: “Hy is ver Predikant in di wieg geleg, en di mooiste is dat hy

self van syn wondervolle sprekersgawe niks skyn af te weet. Hy is di eenvoud en ootmoed self. Di jongeling sal 'n siraad worde van ons Kerk en di gemeente van Gristus”

Dis misskien vreemd, mar sonder dat James ooit 'n woord daaroor gespreke het, was daar by syn mede studente net mar een gedagte oer hom : “Hy sal 'n voornaam en uitmuntende predikant worde.” Mar nee, dit was ni so vreemd ni. As imand 'n mooi gesonde bloeisel an 'n boom siet, profeteer hy, dat daaruit 'n rype vrug sal kom.

By een van di gesprekke wat di leerlinge onderling met makkaar oer hom had, seg imand an Hendrik Boynton :

“As jou neef eendag Domine is, sal di mense verbaas staan oer syn welsprekendheid, dan sal hy tog wel gen broek van Kentukky gare meer dra ni, dink ek.”

“Ek dink,” seg di ander, “dit sal hom dan net so min skeel as nou, wat hy an het. Hy hou hom ni met sulke kleinighede op ni.”

Gedurende syn laaste vakansi, het hy en een van syn Neefs goed gevonde om by 'n boer te gaan help maai. Ondertussen het hy an di laat hoor dat hy wil gaan studeer. Toen dit alles klaar was en hy sou vertrek, seg di boer an hom : “Nou kerel, as jy eendag so goed kan preek as jy kan maai, dan kom ek jou hoor, al moet ek oek nou 10 myle vèr loop.”

James kon hom ni begryp waar di mense daaran kom dat hy wil gaan predikant worde, daar hy self nog nooit ernstig daaraan gedag het, en bowedien nog meer omdat hy ni bewus van di gawe en talente wat hy besit

In di tyd had James oek net goeie geleendheid om syn redenaarstalent te lug, daar di slawekwessi toen net bisonder di andag begin besig te hou. Di grote vraag was : “moet di slawerny in onse Republiek afgeskaf worde ?” James haat di slawerny en het verskeie welsprekende redevoerings daaroor gehou.

In November 1850 hou hy syn afskeidsredevoering by geleendheid van di eind-examen op di Seminari, en di redevoering het almal verbaas wat dit hoor. Toen vertrek hy om hoger op te gaan. Hartelik neem hy afskeid van algar ; mar een was daar wat di hartelikste handdruk kry : dit was Lucretia Rudolf, 'n jonge meisi wat onlangs op di Seminari gekom het om te studeer. Di meisi het bisonder syn andag getrek, en... ..hy het haar andag getrek, sonder egter dat by een van hulle gedagte van vryery was ; ni-temin neem hy haar beeltenis saam in syn siel na di Seminari waar hy toen gaan studeer.

XVII.

JAMES OP 'N KUIER,—IN DI HIRAM KOLEGI.—KLOKLUIER EN
LEERLING.—VERLOOF HOM AN JONGEJUFVROU RUDOLF.

Wat het daar ni alles omgegaan in di siel van Garfield toen hy weer in Oranje ankom en moeders huis in gesig kry ! Ja, wat was daar ni gebeur, van dat James daar as kind gespeul het, en syn eerste skoene kry ver Tom syn eerste verdiende geld. Wat 'n skat van liefde was daar ni verborge in di boerehuis ni, waaran hy met so veul ywer en genot syn eerste timmermanskurs beproef het. Van welke seen was di skool ver hom, waarin hy di eerste 'n verlange had om generaal te worde ! Mar nou strek syn gees sig in geheel andere rigting uit ; en wat di wereld ver hom di dierbaarste had was in di huis verborge—syn dierbare, biddende meeder. Hoe verbyd sou sy wees, as hy haar nou di tyding bring dat hy ver hogere studi wil ingaan en in di akademi wil gaan studeer. Pas was hy di huis genaderd of sy kom hom te gemoet ; sy had oek 'n verrassing ver hom bereid ; nouweliks had sy haar vreugde te kenne gege oer syn goeie voorneme of sy kom met di verrassing reeds voor 'n dag

“ James,” seg sy, “ ek gaat 'n besoekreis doen na myn bloedverwante in Muskingen County, en jy moet met my saam gaan. Ek stel my 'n genoeglike tog voor. Jy sal ver di eerste maal in jou lewe met 'n trein ry, en dan kan jy oek grote stede sien. Wat seg jy daarvan ? ”

“ A ! dit sal jolli wees, ma ; mar hoe lank bly ons uit ? ”

“ Tot an di lente, hoop ek, mar misskien nog 'n bietji langer.”

“ Mar is dit ni te lank ver my ni, om al di tyd in ledigheid deur te bring ? ”

“ Ne, glad ni, jy kan jou boeke meeneem, en jy sal daar werk genoeg kry. Misskien kan jy oek skool hou, en dan gaat jy met di voorjaar, vollens jou voorneme, na di Hiram-Akademi.”

En heel gou werd di reis angevang. Di Cleveland en Columbus spoorweg was net geopend, en moeder Garfield stap ver di eerste maal di dag met haar seun in di trein. Alles was nuwt ver James en hy wou graag so veul as kan wees, weet van alles wat hy siet, hoe di masineri in makkaar sit, ens.

Te Columbus was 'n pragtige raadhuus geboud, waar di Parlement toen net sit. James het nooit 'n denkbeeld gehad van so 'n gebou ; dit het hom verbaas toen hy dit ver di eerste maal siet. Toen hy binnekant, di raad siet sit, was hy vol ontsag en bewondering, en kryg ver di eerste maal 'n

idee van 'n Parlement. Hoe kon hy toen veronderstel, dat hy, nog gen 20 jaar later, een van di sitplase sou inneem en 'n lid sou wees van di vergadering.

“Wat ek hier gesien het is al di reis werd,” seg di edele jongeling, en syn moeder was bly dat hy so in syn skik is. Van Columbus was di reis onder afwisselende natuurtonele na Zanesville, en daarvandaan is hulle in 'n boot di Muskingham-rivier afgeseil, na di plaas van hulle bestemming, agtien myle ver. Nou was James weer op di water en had hy heel wat stof tot nadenking en gesprek. Di bloedverwante ontving di wedewe Garfield en haar veulbelowende seun met veul hartelikheid en innige vreugde. Hy was nog gen vyf dage daar of hy kry 'n skool te Harrison, waarin hy di hele winter onderwys ge, en daarna vertrek hy met moeder weer huistoe. Hy had baing geld verdien, veul genoeg gesmaak, met syn naasbestaande kennis gemaak, en was verbaing tot nut gewees.

Dit was eers teen di einde van Augustus toen di Akademie geopend werd, sodat hy nog heelwat dollars kon in hande kry deur planke te skawe, graan te maai, ens. Mar eindelijk was di gelukkige dag, di 31 Augustus van di jaar 1851 daar, toen onse twintigjarige James Garfield in Hiram aankom, en sig by di Kuratore van di Akademie, wat juis sitting had, laat bekend stel.

James kom binne, groet ewe beleef, en seg: “Wel-Edele here, ek het groot lus om te studeer, en is hier gekom om te sien hoe vèr ek dit daarmee kan bring.”

“Dan is jy net op di regte plek,” seg di voorsitter, “want hier kan jy fluks studeer. Waar kom jy vandaan?”

“Uit Oranje. Myn naam is James Abram Garfield. 'n Vader het ek ni meer ni; di is dood toen ek nog mar 'n kl. in kind was, en myn moeder is di wedewe Elisa Garfield.”

“En nou wil jy studeer?”

“Ja meneer, as ek meteen wat kan werk oek. Ek het gedink ek sou di klok kan luie en di skool uitvee. Daarmee kan ek 'n gedeelte van myn leergeld betaal.”

“Hoe lank was jy op skool gewees?”

“Dri dri jaar lank was ek in di Geauga Seminari en in di winter het ek skool gehou.”

“A, so, dan is jy al vèr gevorderd!”

“Ne, ni so heel ver ni. Met Grieks en Latyn het ek net begin, meneer.”

“Ois moet di jongeling vorthelp,” seg een van di Kuratore, wat al dadelik 'n goeie indruk gekry het van di erns en verstand waarmee James di saak behandel.

En so werd oek beslote. Hy werd tot klokluiër aangesteld en moes di skool uitvee.

Hiram was in di tyd 'n kleine landstad, omtrent 12 myle van di stasi. Daar was twe kerke en 'n dosyn groot gebouwe. In di tyd was dit nog mar 'n Gymnasium, ver di jonge liede van di weste; mar later is dit in 'n Akademi veranderd. Toen Garfield daarheen gaat was daar nog mar twe sessies afgelope; di skool moes dus nog syn naam maak. Di meeste studente had mar 'n gewone burgerlike opleiding gehad; sommige was al op Seminaries gewees,—dus behoer James dadelik tot di eerste klas. Alleen in di hogere wiskunde en oue tale was James agter ver syn maters, en di Direkteur raai hom an om hom mar goed te oefen in di oue tale; hoe-wel hy moes byhou wat hy tot hiertoe geleer het.

Saam met vier ander studente gaat hy 'n kamer bewoer, waar di hoogs nodigste huisraad in was en verroeg hom by 'n timmerman, wat beloof om hom oer enige dage werk te gee. Syn amb as klokluiër het hom verplig om tamelik vroeg op te staan, want di eerste klok lui al om 5 uur, en om di skool nit te veeg moes hy oek ordentelik vroeg op wees. Di klok moes persies op di minaut gelui worde, ni te laat en oek ni te vroeg ni. Alles moes sekuur gaan in di skool' mar dit het James ni gehinder ni. Hy was di persiesheid in persoon, en kon hom an alles gewen. Al wat hy doet, doet hy goed. Hy was ewe noukeurig met syn huis uitvee as met syn Grieks en Latyn.

“Myn regel,” seg een van syn mede-studente op 'n dag, “is: wat di swaarste is, moet oek di swaarste weeg, en hier is 'n les belangriker as veeg.”

“Dis 'n grote kettery,” antwoord James “As jy van di stelsel uitgaat sal jy nooit 'n goeie leidsman ver ander worde. Om te vee is op syn plek net so belangrik as 'n Griekse les; daarom is alles ewe swaar en moet alles ewe goed gedaan worde.”

“Ja, dis daarom waar, want di Bybel praat van ‘getrouheid in het kleine,’ mar di meeste handel ni vollens di reel ni,” seg syn maat.

James het by di begin geseg hulle kon hom twe weke per-beer om klok te lui en te laat veeg, mar in syn proeftyd het hy so goed beantwoord dat hy van toen af vas aangesteld werd.

Een van syn mede-studente skryf later: “Ek siet hom nou nog daar staan, as ek smorrens di Gymnasium inkom, met syn een hand an di kloktou, om onderwysers en leerlinge na hulle dagelike werk te roep. As ons by hom verbykom, had hy ver elkeen 'n vrendelike woord. Hy was di popu-lêrste persoon in di hele inrigting. Altyd was hy goed ge-

sake. Hy was dan oek besitter van tve dinge wat ver 'n prediker van onskatbare waarde is : nam. 'n uitgebreide en degelike Bybelkennis en 'n grote gemakkelikeid om hom uit te druk. Dit was ni alleen die ou mense wat graag ver hom gehoor het, mar oek di kinders in di Sondagskool kon met andag na hom luister.

In di laaste jaar van syn verblyf in Hiram kom jonge jufvrou Rudolf, van wi ons vroeger iets gehoor het, haar studies daar vortsit, en kryg hy haar as leerling in syn klas. Hy had natuurlik toen goeie geleendheid om al haar hoedanighede op te merk, en di indruk wat sy nou op hom maak was so onweerstandbaar ver syn hart, dat eer hy na di Williams College vertrek, hy haar om haar hand vraag en hulle oereenkom, om, so gou as hulle maatskappelike posisies dit sou toelaat, hulle skapies mar deurmakaar te jage. Di vryery sal ons hier nou mar ni vertel ni ; party van ons lesers sal goed genoeg weet hoe dit gewoonlik toegaan, en andere kan mar 'n bietji wag totdat hulle eendag in di geleendheid is om dit self te ondervinde.

James Garfield was toen sowat 22 jaar. In dri jare tyds het hy sig voorberei ver di kolegi, en hy was nou and' klaar maak om daarheen te vertrek.

Hy skryf toen an dri hoge-skole gelykluidende briwe, om te verneem wanneer hy sou kon'kklar wees. Di antwoorde was omtrent diselfde : dat hy in tve jaar tyd sou kan klaar wees, mar Dr. Hopkins eindig met di bemoedigende woorde : " As jy hierheen kom, dan sal ons met alle liefde ver jou doen wat ons kan." Di woorde het syn keuse beslis, en di vollende week vertrek hy reeds na Williamstown om syn studies te voltooi.

Toen hy met syn broer Tom praat seg di an hom : " mar hoe is dit met jou geldelike sake, het jy geld genoeg ? "

" Ek het ni meer as di helfte van wat ek nodig het, mar ek hoop les te ge of skool te hou in di winter."

" Mar broer, dan kom jy in gen tve jare klaar ni ! Wag, ek sal ver jou 'n bietji geld leen ; ek kan dit nou net mis. Jy kan my dit later weer terug betaal."

" En as ek nou in di tyd dood gaan ? "

" Ag, dan is dit mar tot daarnatoe ! "

" Nê, weet jy wat, Tom ; ek laat myn lewe verassuseer ver 500 dollars, dan hoef jy neoit by my te verloor ni."

" So 'n eerlike man was hy, ni waar ni ? "

XVIII.

NA DI WILLIAMS KOLLEGI.—ROMANS.—ANBOD AS PROFESSOR.—
SYN EINDEXAMEN.

Met di einde van di somer-vakansi van di Williams College werd kandidate geëxamineerd en James was een van di wat hulle anmelde. Syn uiterlik vertoning was selfs toen nog ni al te deftig ni, daar hy hom ni te veul met klere kon bemoei ni, mar hom so suinig molik moes behelp. Di professor kon in di minste ni vermoede dat di jongkerel, wat meer na 'n timmermanskneg lyk, as na 'n student, di skywer was van di deg-like brief, in so 'n mooi styl, wat hy uit Hiram gekry het. Mar nouweliks roem James syn naam, of Dr. Hopkins drak hom warm di hand, en van di ogenblik af werd daar 'n innige vriendskap tussen di twe geleg. James het hom dadelik daar tuis gevoel. Di handdruk was so innig en vaderlik. Van 'n natuurlike vader kon hy hom niks herinner ni, mar hier had hy nou 'n verstandelike vader gevonde, en dit maak hom gelukkig. James was volkome oertuig dat hy nou op di regte plek was.

Di admissi-examen ver di Aspirant-Dokters was seker alles behalwe gemaklik, mar James maak dit lekker klar en toon dat hy van party dinge net so veul af weet as studente wat al twe jaar daar was. Oek met studeer kom dit goed uit welke talente hy besit.

“Jy kan van di boekery gebruik maak, as jy gedurende di somer-vakansi hier bly,” seg Dr. Hopkins an hom. “As jy baing van lees hou sal jy goeie geleendheid hê, om jou begeerte te bevredig.”

“Ek sal hier bly gedurende di vakansi, en sal regte dankbaar wees ver di vryheid om van di boeke gebruik te maak,” antwoord James. “Tot nogtoe het ek ni te veul tyd gehad om te lees ni, daar ek moes werk en skool hou om myn rekenings te betaal. Mar dit sal my 'n genot wees om 'n paar weke net met lees deur te bring.”

So 'n grote versameling van boeke bymakaar had James nog nooit gesien ni; en dit was ver hom oek werkelik 'n groot genot om syn tyd in di leeskamer deur te bring. Romans of soos dit oek genoemd word “novelle,”—wou hy sedert syn bekering, ni meer lees ni, want hy had genoeg ondervinding van di ellendige en skgte invloed wat dit op 'n mens syn lewe uitoefen. En an di beginsel het hy getrou gebly. Mar toen het hy oek des te meer di werke van voorname digters gelees.

Verder het hy in syn vakansi oek grote wandelings geneem

oer berge en velde. Vroeger het hy ver syn uitspanning mar min gaan loop, daar di natuur van di weste mar min afwissing had; mar hier in Massechusets kon hy di pragtige natuurtonele met ontsag bewonder en oek daarin di grootheid van syn Skepper sien.

Op syn lewe, was soos gewoonlik mar min an te merk. Di enige wat party studente van hom ni kon reg kry ni, was, dat hy so min omge om agter di mode an te loop. Hy was tog waarlik ni di man wat ver 'n kleermaker te veul sou lastig val ni. Mar James het hom di dinge min angetrek, en was altyd ewe vriendelik en voorkomend. Di studente het hom gou leer ken en leer waardeer. en dit het ni lank geduur ni of hy was een van di mees beminde student in di Kollegi.

In di Debatgeselskap van di Kollegi was hy oek sowat di voornaamste spreker. "Gebore om te praat," moes elkeen uitroep, wat hom hoor.

Digby Troy, in di New-York Staat, was 'n dorpi waar oek 'n gemeente van Dissipels was. Daar was 'n uitmuntende leeraar, Streeter, en terwyl James by geleendheid daar kuier werd hy gevraag om te preek, mar toen di gemeente hom eenmaal gehoor het, staat hulle daarop dat hy weer moes preek; en dit het hy toen meer gedaan tot grote stigting van di gemeente.

Di gerug van syn bekwaamhede werd sodanig verspreid dat eer di vakansi om was, werd hom di be rekking van Professor an di Hoge Skool te Troy aangebode teen 'n salaris van 1200 dollars (£250) per jaar. Mar hy het hom, as man van eer, so verplig gevoel an di Hiram-Kollegi dan hy di aanbod van di hand wys. Hieruit leer ons andermaal syn edel karakter ken, daar hy, deur di aanbod an te neem, meteen uit al syn geldelike moeielikhede kon gewees hê. Want dat hy in moeielikhede was, dit vind ons dadelik na syn terugkeer na Hiram, daar syn broer Tom deur teenspoed verhinderd was om hom met geld te help. Een van syn vrinde te Troy het hom wel 'n nuwe pak klere besorg, mar dit was ni al wat hy nodig had ni. In syn nood herinner hy hom di Dr. Robinson uit Cleveland, by wi hy hom laat ondersoek het toen hy wou gaan studeer. Di man was ryk en het beloof dat as hy hulp nodig het, sou di hom help. Hy skryf dadelik an Dr Robinson en binnne kort was hy uit di moeielikhede gered.

In di jaar 1855 het hy dikwils deel geneem an alle vergaderings wat voor di afskaffing van slawerny gehou werd, en sig daardeur hoe langer hoe meer beroemd gemaak by 'n groot deel van di publiek. Dit het soms nog al tamelik warm met di slawekwessi toegegaan, sodat 'n sekere Brooks

eenmaal ver Sumner met 'n knopkiri wou doodslaan, terwyl laasgenoemde in di Senaat (Parlement) sit te skrywe.

In een opsig het daar in di tyd 'n verandering in syn beskouwing, namelik in betrekking tot Romans lees, plaas gevonde. Deur di menigte studeer het syn geesvermogens begin te ly, en toen werd hy geraai om so 'n bietji ligte lektuur tussen-in te lees. Hy het toen ondersoek gedaan na di werke van bekende en degelike skrywers en so alle maande 'n verdigte verhaal gelees. Hier wil ons ver jonge lesers 'n paar opmerkings maak. Ver Garfield was dit nodig om nou-en-dan ligte lektuur te lees, en dan wat di voornaamste is, hy het gekyk na wat hy lees; ni somar allerhande bog, wat net mar geskrywe worde om geld te maak ni; hy het getrag om koorn van kaf te onderskeie.

In 1856 maak James syn eind-examen met veul lof. So-wel professore as melestudente moes getuig, dat syn naam van betekenis sou worde in di geskiedenis van syn vaderland. Di getuigenis wat syn professore later van hom gege het is seker so gunstig as hulle van gen ander student kon ge ni.

Syn moeder het met *vrese* en grote *blydskap* haar seun van uit di verte hoor prys. Mar toen hy by haar hom en sy hom an haar hart druk verdwyn al di vrese, want sy bemerk toen dat syn godsvrug en eenvoudigheid daar ni onder gely het ni.

James Garfield was toen 25 jaar. Tien jaar gelede het hy agter di esels geloop wat di kanaalboot trek.

XIX.

HOOGER OP.—PROFESSOR IN HIRAM.—NA DI PARLEMENT.—LINCOLN PRESIDENT, UITBREEK VAN DI OORLOG.—GENERAAL GARFIELD.—'N PAAR OU MATERS.—KAPTEIN OP 'N SKIP.—'N GEVAARLIKE BID.—IN DI CONGRES.—LINCOLN VERMOORD.—GARFIELD STIL DI STORM.

Dis onmoelik om alle lewensbisonderhede van Garfield so noukeurig te bespreek. Di leser is misskien oek al nuwsgierig om di einde te weet, daarom sal ons perbeer om mar verder net di hoofpunte an te teken. James was reeds and' opklim langs di leer en ons sal kyk hoe hy di toppunt bereik het.

Toen hy syn examen met goed gevolg afgeleg het, kryg hy dadelik di benoeming as Professor in di ou tale en di letterkunde. Syn terugkoms na di Hogeskool, mar nog meer syn anneming van di beroep, was 'n bron van vreugde ver baing

gewees. Syn salaris was 800 dollers per jaar (£166 13s 4d). Hy kon betrekking gekry hê, waar syn salaris di helfte meer sou gewees hê; mar syn lus was om onderwys te doen en syn doel om di Hiram Kollegi so op te werk dat dit di live-lings studieplek moes worde van leerlinge. Syn hart was te Hiram en hy sou daar syn kragte wy. 'n Jaar later, toen di Instituut 300 studente tel, werd hy tot President van di Raad van Professore en later tot Rektor aangestel. Hy was toen an di hoof van di Inrigting waarvan hy ses jaar gelede klokluiet was.

Hy had ni alleen di gawe om onderwys mee te deel ni, mar oek om talente te ontdek wat verborge was. Ons sou hier uitvoerig kon medeel hoe hy syn studente an hom verbonde het, deur innige belangstelling in hulle welsyn. Dr. Hinsdale, een van syn leerlinge, en wat later weer Rektor van di skool geworde is, seg:—"Garfield het syn leerlinge met 'n buitengewone krag na hom getrokke. Nooit het ek so 'n gehegtheid an ander onderwysers gesien." Hy was in alles oorspronkelyk en daarby presies wat di tyd betref.

Hoewel hy veel geskrywe het, werd hy oek besonder be-roemd ver syn praaten en redeneer. Eens had hy 'n diskussie wat 5 da'e geduur het; smorrens, smiddags en saans, 20 sittings lank. Hy het met 'n sekere Dr. Denton di vraag behandel: "of alle lewe op aarde uit 'n sekere ontwikkelings wet ontstaan is, dan wel deur 'n skeppende daad Gods." Natuurlik het hy di laaste deel van di stelling verdedig en Stenton di eerste. Syn theologiese kennis het daarby goed voor 'n dag gekom.

Syn invloed as Gristen was ni minder groot as onderwyser. Hy het dikwils gerek, byna elke Sondag by afwisseling in di kerke van di Gemeente der "Dissipelen," en had gewoonlik 'n goeie gehoor. Di gelukkigste daaronder was moeder Garfield, wat toen haar vurigste wense verhoord siet. 'n Geliefkoosde lied wat hy dikwils in di kerk, by di morre diens in di Instituut of di Sondagskool laat sing het, het oer-een gekom met di Hollandse lied: "Saaiers, saai in Gods naam voort."

Op di 11^e Nov. 1858, nadat hy 'n paar jaar op di Kollegi-werk was, is hy in di huweliksbootji gestap met Miss Rudolf, van wi ons al vroeger gehoor het. Hulle huwelik kan 'n gelukkige genoemd worde. Ni alleen is hulle in gemeenskap van tydelike en geestelike goedere getroud, mar oek in liefde ver di wetenskap.

Dit was 'n gewoonte dat di opeTINGSdag van di leerkursus as feesdag gevierd werd. Ouers, vriende en bekende van di studente kom dan om di openingsrede an te hoor, en hou di

dag 'n soort van pikni in di vrye natuur. Dan kom van vyf tot tien duisend mense saam, wat met di grootste andag luister na di rede van Professor Garfield.

Hoewel hy volkome tevrede was met di pos wat hy beklee het en di arbeid wat di Here hom opgeleg het, was dit ver hom op di duur onmoelik om hom buite di politiek te hou. Di nuwe Republikeins party, wat hulle grondslag had in di afkeer van slawerny, het gou syn hulp gesog en hom gevraag om nou en dan 'n aanspraak te hou. En hulle het ni te vergeefs by hom angeklop ni. Oertuigend mar sonder bitterheid, was syn redenerings. Dit het vooral uitgekom in 'n stryd wat hy gehad het met 'n sekere Alphonzo Hart, 'n democraat, wat voor slawerny gestry het. Nadat di man 'n aanspraak in Hiram gehou het ten gunste van di slawerny, met heel wat onnoukeurighede vermengd, werd by Garfield van verskillende kante angedring om di kerel te beantwoorde. So werd daar 'n dag bepaald waarop di twe makkaar sou ontmoet en di saak sou bespreek. Di gebou was stampvol mar di uitslag hoef ons nouliks me te deel. Hart werd heeltomal uit di veld geslaan, en moes beskaamd heengaan. Dit het Garfield egter ver goed bekend gemaakas imand wat van groot nut kon wees in di politiek, vooral met di grote slawe-kwessi

Daarom werd sulke nitdrukkings gehoord as: "hy moet na di wetgewing* ; hy moet in di Congrest." "Jy sal hom nog President sien, ens."

'n Jaar later werd hom gevraag om kandidaat te wees ver di Parlement van di Staat Columbus. Mar hy wou dit ni aanneem ni.

"Né," seg hy, "myn werk is hier in di Instituut. Ek het gen lus om di politieke lewe in te gaan. Ek moet di aanbod van di hand wys." En dit het hy met 'n eerlik hart geantwoord.

Mar hy werd weer, en weer gevraagd om hom kandidaat te stel, terwyl syn antwoord was:—

"Myn werk is hier en myn hart is hier." Hulle kon hom ni bewe'e om dit an te neem ni.

In 1859 nooi di Williams Kolegi hom uit om di openingsrede te hou. Dit was 'n bisondere en seldsame eer waarmee hy begunstig werd. Di reis daarheen het hy in geselskap van syn vrou gedaan, en dit kan di eerste plesierreis van syn lewe genoemd worde. Di verwagting wat hulle daar van

*Di Parlement van so 'n Staat ; soos byv. di Prov. Bestuur van di Afr Bond.

†'n Parlement van afgevaardigdes, uit di verskillende State ; soos di Centraal Bestuur van di Bond.

hom had werd ni teleurgesteld ni ; so werd syn roem oek in di Oostelike gedeelte van di land gevestigd, wat reeds lank geskied was in di Weste.

Toen hy in syn Staat te ug gekerd was mar nog ni eens syn geboorte plaas bercik had, ontmoet hy 'n deputasi wat hom di kandidatuur as Staats Senator anbiede.

Verbaas vraag hy : " Waaron neem julle dan ni ver Mr Prentiss ni ? "

" Hy is pas oerlede, regte skielik. En jy is di eerste keuse van di hoofleiders van di Republikeinse party."

Hy had volstrek gen lus om di betrekking an te neem ni, soos ons oek al vroeger gesien het; hy wou mar werksaam bly in di Institut. Eindelijk egter stem hy toe, as hy kon hoof bly van di Kolegi. Toen hy di dag met nominasi syn aanspraak lewer, blyk dit self ver di wat hom tot nogtoe onbekend was, wat daar in hom sit, en of hy bekwaam is ver di amb waartoe hy geroepe is.

In Januari 1860 neem hy syn plaas in di Senaat in. Dit was 'n tyd van grote opgewonneheid. Di Suidelike State dreig om oöafhankelik te worde en burgeroorlog te maak, as 'n Republikein sou gekies worde as President met di eersvolgende elekssi. Di Noordelike State wou met alle krag di invoering van slawerny terug hou.

Saam met 'n vrind en mede Senator—Jacob Cox—werk hy hard ver syn beginsels. Later het nog 'n derde man, Professor Munroe, sig by hulle gevoeg. Di dri staat toen skoner an skoner, sodat hulle di " Drimanskap " genoemd werd.

In 'n vorige hoofstuk het ons gelees dat Garfield met syn moeder 'n besoek gebring en Columbus en oek di Parlement besog het, wat toen net gesit het. Wenig h t hy gedroom dat, in minder as tien jare hy 'n voornaam lid sou wees van di Senaat en syn stem sou klink deur di sale om ver reg te te stry. Dis ongetwyfeld een van di wonderlikste voorbeelde van sukses wat bekend staat.

In 1861 werd Abram Lincoln President. Hy was byna net so 'n man as Garfield ; oek uit armoede opgeklim tot hoge eer en ausien. Di benoeming van Lincoln was egter di teken ver di burgeroorlog om uit te breek, omdat hy Republikeins gesind was. En di behoud of afskaffing van slawerny was juis di grote kwessi van di dag, wat met di geweer in di hand sou beslis worde.

Garfield het manmoedig nitgekome ver syn saak ; dit was natuurlik bekend an welke kaart hy staat.

Lincoln vraag dadelik met uitbreek van di oorlog 75,000 man. Toen di oproeping in di Ohio-Senaat gelees werd, staat Garfield op en na 'n korte mar welsprekende rede stel hy

voor, dat di Ohio-Staat 20,000 man en 3 miljoen dollars (£625,000) lewer ver di oorlog. Met grote gesdrif werd di voorstel angenome.

Nadat di fort Sumter g'valle was werd Garfield deur di Gouverneur van Ohio na Cleveland gestuurd om di 7de en 8ste resiment voetvolk te organiseer. Toen hy dit gedaen het bied di Goewerneur hom di pos an van Kolonel oer di troepe; mar Garfield weiger beslis, daar hy nog so weinig militêre kennis had. Hy wou wel see-veg, mar in 'n ondergeskikte betrekking, wat hom vergund werd. Toen daar later gen Generaal te vinde was ver di 42ste Ohio resiment, deur Garfield in orde gebrag, en waarin party Hiram-studente diens geneem het, geef Garfield an di herhaalde versoek van di Gouverneur toe en werd Kolonel, of ons kan mar sê Generaal oer di resiment.

Di pos het hy eervol beklee. So 'n oerwinnaar as hy was in di Raadsaal, was hy oek op di slagveld. Op di 10de Januari 1862 behaal hy di oerwinning te Middle-Creek op di Generaal van di opstaedeling, Marshall, en noodsak hom in Virginië terug te trek. Behalwe di oerwinning het hy nog ander segeprale behaal, wat ons deur gebrek an ruimte ni uitvoerig kan beskrywe ni.

Voor ons verder gaan wil ons di leser eers 'n paar bisonderhede meedeel uit Garfield syn krygsmans-lewe.

Generaal Garfield had 'n verspieder uitgestuurd met 'n boodskap na Generaal Cranor, wat in 'n moeilike posisi was. Di geheime boodskapper het Jordan gehe t, 'n vroom man, wat innig an syn Generaal verbonde was en verklaar het dat hy liwer wou st rwe, dan syn boodskap ni go-â uitvoer ni. Garfield het syn boodskap op dan papier geskrywe, dit inmaakar nes 'n ronde bolletji gerol, daar lood oer gegiet en dit op di wyse weggestuur. Hy slaag gelukkig en Garfield kon hom nit naam van di vaderland bedank ver syn getrouheid. Mar net toen di Generaal hom weggestuur het, had hy 'n ander man nodig wat hy kon vertrao, en wat ni minder sou waag ni. Hy sta t peinsend voor syn veldtent toen 'n frisse kerel na hom ankom en hom gemeensaam by di hand gryp en laggende toespreek "Dag Jim!"

Generaal Garfield staat verbaasd, want hy herken di man glad ni. "Wi is jy?" vraag hy.

"Jou ou maat, Jim!" lag di vreemdeling.

"Myn ou maat?" herhaal Garfield.

"Ja, jou ou maat van di kanaalboot. Ken jy dan ni meer ver Harry ni, wat jy soveul goeie dinge geleer het en met wi jy soveul geduld gehad het?"

"Is jy Harry, di bootman?"

“Ja dit is hy, en ek sal myn hele lewe lank di goeie God daarvoor dank, dat ek jou op di kanaalboot geleer ken het. Jy het nog 'n man van my gemaak, Jim; want jy het my geleer di drank te laat staan. Ek bevind my daar goed by, nou dat ek van di duiwel verlos is. Nou het hulle my soldaat gemaak, en dis oek goed. Mar toen ek hoor dat jy Generaal was, moes ek na jou toe. En nou, Generaal Garfield, kan jy Harry Brown nog gebruik?”

“Jy is net di man wat ek moet hê ver boodskapper en spioen,” antwoord Garfield. Hy het Brown dadelik syn hele vertrouwe geskonke en het sig ni beklaag ni. Albei di twe manne, Jordan en Brown, het soveul diens gedaan in di stryd, dat Generaal Rosekrans, Garfields boesemvriend, hulle di “oge van di leger” genoem het.

Na di oerwinning van Middel Creek, voornamelik deur Garfields resiment en syn dapper studente, was syn manskappe uitgeput en di eetware grotendeels verteerd. Di paaie was byna onbegaanbaar deur di modder, en di Sandy-Rivier was tot 'n onstuimige stroom geswel. Hierdeur werd dit haas 'n onmolikheid om lewensbehoefte te gaan haal. Garfield stel voor met 'n skuit di rivier oer te gaan wat di kortste pad was om kos te kry, mar selfs di oudste bootsliede weiger hulle diens, daar hulle dit ver 'n onmolikheid beskou.

“Wat dink jy daarvan, Brown? Di bootman seg, 'n mens gaat 'n gewisse dood te gemoet in so 'n weer hier op di water; mar wat seg jy daarvan? Jy en ik weet mos oek wat 'n skuit kan doen.” So praat Generaal Garfield met Harry, en hy antwoord:

“Daar op of daar onder, Generaal Jim, sterwe of verdrink. Ek sou liwer gen een van di twe wou doen ni. God kan ons in di lewe spaar. Ek gaat met jou,—as jy dit waag.”

“Dis wat ek graag hoor, Harry. Kom dan mar an.” En di twe spring in di skuit en begin met di onstuimige golwe te worstel. Dit was wel 'n gevaarlike tog mar met Gods hulp bereik hulle tog di mond van di rivier in veiligheid. En toen het dit goed geblyk hoe dat Garfield syn kennis, om met 'n skip om te gaan, hom te pas kom. By di mond van di rivier kry hulle toen 'n klein stoomboot, di *Sandvalley*.

“Kaptein” seg Garfield, “ek vind my genoodsaak om jou stoomboot in beslag te neem, om lewensbehoefte ver myn troepe te bring.” Di kaptein was alles behalwe 'n vriend van di royaliste, Garfields party, en sou liwer gesien hê dat al syn troepe van honger omkom.

“Di boot het ni krag genoeg om teen di stroom op te stoom ni” seg hy; “ons sal algar met di vaartuig om-

kom." Dit was wel 'n stormagtige weer; mar di kaptein het gou van di voorwensel gebruik gemaak om los te kom. Di gevaar was volstrek ni denkbeeldig ni: di water was sestig voet diep, sodat di bome langs di kant byna tot an hulle toppe onder was.

"Ja, dit help alles nou niks ni. Ek moet di boot hê, en ek sal self kaptein wees." Di mooiste van di grap was, dat di boot net juis gelaai was met 'n goeie voorraad; beter kon 'n mens dit ni verlang ni. So maak Garfield hom self kaptein van di boot; hy sit elke man op syn plek. Brown moes voorop staan om 'n oog te hou op di drywende boomstamme en stompe en oek op di ex-kaptein, wat alles behalwe in syn skik was.

Toen James nog 'n kind was, het hy verlang om kaptein van 'n skip te worde; syn wens het hy nou verly, mar ni onder alte angeneame omstandighede ni.

Dit het sover alles goed gegaan tot dit begin donker word; toen seg di kaptein, di boot meet nou vasgemaak worde tot di vollende morre, want dis gekheid om so veul te gaan wa'ê.

"Mar ek is nou kaptein van di skip," seg Garfield, "doet jy mar jou plig en ek sal myn plig doen. In so 'n storm kan 'n mens 'n boot ni laat stil lê ni. Stook mar di vuur an kerels, ek moet stoom hê."

So gaat dit met nuwe krag voort, en goed oek. Mer ô, né! Daar stoot di boot op 'n sandbank vas en bly sit. Wat nou gedaan? Di gewone middels werd beproef mar te vergeefs.

"Ons moet 'n tou na di oerkant kry," seg Garfield ver di kaptein. "Dis onmolik in di weer," was di antwoord.

"Dan sal ek dit doen. Kom Brown, volg my." En di twe verlaat di skip met 'n sterk tou gewapend, wat daaran vasgemaak was. Dit was 'n worsteling met di golwe op lewe en dood. Nou en dan was daar riks van hulle te sien ni, mar tog bereik hulle di oever. Daar timmer hulle 'n stelling met 'n slinger waarmee hulle di skip afkry van di sand. Toen weer an boord en di reis voortgeset. Garfield het van Saterdag middag tot Maandag merre om 9 uur onafgebroke an di roer gestaan; mar nou was hy dan by syn troepe, wat hulle laaste voorraad verteer had en hom met uitbundige vrengde begroet, waar hy ver hulle so 'n voorraad lewensmiddels bring, wat hy met soveul opoffering ver hulle gehaal het.

Oek het hy eenmaal 'n verbasende rid te perd afgeleg as 'n bewys dat hy ni alleen op di water mar oek op di land kon stuur. Generaal Rosekrans had 'n neerlaag gely en dit moes Generaal Thomas weet. Dit was in di slag Chicka-

maaga. Garfield bied sig an om Thomas te gaan waarskuw en ter hulp te roep. Een kaptein en twee ordonnans offisire gaat met hom saam. Hulle moes 'n groot ompad maak om uit di gesig van di vyand te bly. Daarby moes hulle ag myle deur 'n digte bos aflê. By R'sville was hulle so digte-by di slagveld dat hulle ier skot hoor. Dáár agter di heuwel was di gryse Generaal Thomas, mar hoe hom te bereik? 'n Katoenland was tusschen Garfield en di heuwel, mar hoe kom hy daardeur onder di skote van di grysbaatjies (di opstandelinge) wat daar langs di kant gelegerd was! Garfield had 'n uitmuntende perd, wat hom goed verstaan het. Hy waag dit met di dier di Katoenland deur te ry of ons kan byna sê te vlie'ê, want hy moes gaan met di snelheid van di weerlig. Di vyand skiet onophoudelik, mar Garfield jaag met draaie sodat di vyand ni kon korf kat op hom ni. Onder 'n reen van kogels bereik hy di top van di heuwel. Syn perd was twémaal geraak, mar di pyn laat hom nog gouer loop.

Garfield bereik di doel van syn tog. Hy siet Generaal Thomas tussen syn offisire staan en roep met betraande oge uit: "Daar is hy! God segene di oue held! Hy het di leger gered!" Garfield spring van syn perd, wat nog 'n paar stappe loop en toen dood neerval; mar syn ruiter was onbeskadig.

Ver syn dapperheid maak di Gouvernment te Washington hom *brigade*-generaal en daar hy di jongste lid van di Ohio Senaat was, was hy di jongste hoofoffisier in di leger.

Na di slag van Chickamunga werd hy Generaal-majoor, as beloning ver syn dappere dienste. En dit sou seker nog lank ni klaar gewees hê met syn krygsmansbedrywe, was hy ni in di somer van 1862 beroemd tot afgevaardigde van di Ohio-distrik na di *Congres*. Di beweging ten gunste van hom werd ondernome sonder medewete, daar hy in Kentucky by syn leger was. Di kennis van syn grote bekwaamhede en syn militêre roem, het tot di rom: a: i gelei. Eers wou hy dit van di hard wys en wou liwer saam veg met syn volk; Hy was geëerd en geroemd ty syn offisire en soldate in di leger en oek had hy 'n goeie salaris, wat hom bisonder te pas gekom het, daar hy mar arm was, en daar gen twyfel was of hy sou nog 'n grote roem in di oorlog verwerwe, as hy gespaard bly. Dit sou dus selfopoffering gewees hê om di betrekking an te neem, Mar President Lincoln wou graag hê dat Garfield hom di benoeming moes laat welgeval, en dit het groteliks bygedra tot syn beslising. Hy neem dit toen an terwyl hy byna di helfte van syn inkom daarby verlies. Op di 2de December werd hy as afgevaardigde gekies, en

neem syn plaas in di Congres in, nadat hy twe jaar en dri maande in di leger gedien het.

Gedurende al di tyd blyf hy nog verbonde an di Hiram Colegi. Di eerste twe jare dat hy in di Congres was kom syn naam in di Hiram-lys voor as adviseerende Professor en Redenaar.

Sewentien jaar lank het hy syn distrik as afgevaardigde gedien en in di Congres is hy di erkende hoof van di nasionale party geworde; di trots van syn geboorte plaas, Ohio, en 'n eer ver di hele Republiek. Di getuigenisse omtrent hom is so vlelend as mar kan verlang worde.

Di 14de April 1865 was di treurige dag, onuitwisbaar in di Amerikaanse geskiedenis, di datum waarop President Lincoln verraderlik vermoord werd. Di Nuwe Republikeinse party had di oerwinning behaald, di slawerny was afgeskaf, mar di ontevredene kon di neerlaag ni dulde ni. Hulle laaghartige wraak moes di alombemide President Lincoln tref.

Di bevolking van New York was vreselik opgewonne. As 'n woeste see golf di onafsienbare hope mense deur di strate en oer di pleine van di stad. Alles was in rep en roer. Di wraakgevoel van 'n hele nasi, soek 'n geleentheid om sig te koel an di eerste wat hulle kry. Nimand wis raad om di volk tot bedaring te bring ni, en tog so kon dit ni voortgaan ni. "Wraak! wraak!" werd uit duisende monde gehoord. Dit was soos di woeste gehuil van wilde diere.

Daar kom 'n man an van 'n mannelike postuur met 'n klein vlag in syn hand. Idereen ken hom; hy kom voorwaarts en wenk di skare om stil te wees. Terwyl dit begin stil te worde klim hy op 'n soort stelling, wys met di regterhand naar bowe en seg met 'n heldere, kragtige mar plegtige stem:—

"Medeburgers! rondom "Hem is wolke en donkerheid! Hy woon in di verborgene. Diepe watere en donkere wolke omring Syn troon! Tog is geregtigheid en gerig di vastigheid van Syn troon. Tog gaan genade en waarheid voor Syn angesig heen! Medeburgers! *God regeer* en di Gouvernement te Washington leef oek nog"

Di spreker was GENERAAL GARFIELD. Toen Garfield verskyn was di volksmassa soos 'n kokende see, mar toen hy swyg was hulle stil en kalm. Kon dit anders wees, leser? Di vrymoedige belydenis van 'n genadige en albesturend God moet krag uitoefen.

DI HOOGSTE SPORT.

Onder di vollende President klim Garfield op tot *Senator van di Verenigde State*. Met algemene stemme werd hy in 1880 in di plaas van Thurman gekies. Oek by di benoeming het hy sig weer di Evangeli van Christus ni geskaam ni, mar vrymoedig belydenis afgelegd van syn innige gristelike oer- tuiging en Bybelse grondbeginsels.

Na syn verkising het hy 'n besoek gebring an di Staat Columbus, en di einde van een van syn redevoerings was ongeveer as volg :

“ Gedurende di twintig jaar wat ek in publike lewe is, waarran byna agtien in di Congres van di Verenigde State, het ek getrag om eer ding te doen. Of ek verkeerd was of ni, dit was myn lewensdoel gewees, om myn oertuiging te volg, welke persoonlike prys my dit oek al mog kos. Verskeie jare het ek 'n afdeling verteenwoordig in di Congres, van wi ek graag di goedkeuring wou hê ; mar, hoewel dit 'n bietji egotisties (na eie ik) mog lyk om dit te sê, het ek nog meer di goedkeuring gesoek van een persoon, en syn naam was, Garfield, ens.”

En so staat James Garfield, di onderwerp van ons verhaal, op een na, op di hoogste sport vaa di leer, waar langs hy and' opklim was. Laat ons kyk hoe hy di hoogste sport bereik het.

Dit het so gou gegaan dat hy nog ni eens sitting geneem het in di Senaat ni. Vyf maande later had di Nasionale Republiekeinsse Konvensi 'n vergadering, om 'n kandidaat te benoem ver di Presidentskap van di Verenigde State. Generaal Garfield was lid van di Konvensi. Hoewel hy gen kandidaat ver di betrekking was, had hy daarom groot naam en invloed, en as hy praat werd hy met hartelike toejuichings begroet. Di vergadering kon dit oer di keuse van 'n kandidaat ni eens worde ni. Vier-en-dertig stemmings loop af sonder di gewenste gevolg ; gen een kandidaat kon di meerderheid kry ni. Mar wat gebeur ? Sonder enige voorafpraak, ge, met di vyf-en-dertigste stemming, geheel onverwags, 50 lede van di Konvensi, hulle stemme ver James Abram Garfield.

Di naam werd met uitbundige geesdrif begroet. Dadelyk daarna staat di afgevaardigdes van een Staat met hulle baniere op, gaat na hom en plaas di baniere oer syn hoof. As deur 'n towerslag geraak, staat ander afgevaardigdes een na di ander op en laat oek hulle vlagge oer syn hoof waai, totdat di beminde vaderlander deur sewe honderd afgevaary

digdes en 15,000 toeskouwers toegejuig werd. Dit was 'n treffend gesig om ni maklik weer te vergeet ni. Di Volkslied "Een om di vlag" word angehewe, en 15,000 stemme val onmiddelik in; di artilleri buitekant meng oek hulle musiek in di koorsang. Di ogenblik, leser, is onowertroffe in di geskiedenis van di Amerikaanse Republiek.

Nadat di gemoedere genoegsaam bedaar was, had di 36ste stemming plaas. Generaal Garfield was di man van di eenstemmige keuse. Di nuws van syn benoeming was dadelik met bliksemsnelheid di hele land deur en veroorsaak algemene vreugde.

Mar waar is hy, di grote held van di dag, di living van 'n groot, vry en magtig volk? Gaat met ons saam na di eenvoudige woning van syn liewe, biddende, en godvrugtige moeder. Sodra hy vernome het dat hy di man der keuse was maak hy dat hy weg kom uit di gewoel; gaat na di stasi en haas hom met di sneltrein na syn moeder, en daar stap hy nou di huis binne.

Syn moeder was eers 'n bietji ontsteld by syn haastig onverwags binnekom, mar hy kniel onmiddelik an haar skoot neer en seg: "Liwe moeder, nou het hulle my tot President benoem U James kom u om u segen vra!" Soveul ootmoed,*soveul nederigheid, by so 'n gevierde en verheerlikte mensekind. Ja, waarlik, di groot man was di kind van di moeder!

Di dag van verkising was di 2de November 1880. Ons hoof ni te sê wi verkose werd ni. Vier maande later, di 4de Maart 1881 had di offisiële inswering plaas, met grote plegtigheid, en stap James Abram Garfield di "WITTE HUIS*" binne.

Leser, wat daar in syn hart omgegaan het, toen hy di huis instap, is ni lig te beskrywe ni. Ons het Garfield gevolg van di Blokhuis na di Wit Huis. Mar ag, waarom moet hy daar so kort vertoewe?

XXI.

VAN DI WITTE HUIS NA DI "VADERHUIS."

Ja, daar het veul omgegaan in di hart van Garfield toen hy di 4de Maart di Witte Huis met syn vrou en kinders instap. Di Here had grote dinge an hom gedaan, hy was bly daaroor; mar hy het dit ni ontken ni, dat dit glad gen gemaklike saak

*Di "witte huis," di Paleis van di President.

is om an di hoof van so 'n groot nasi te staan as di Amerikaanse, en in so 'n tyd as toen.

Di laaste Sondag voor hy syn waardigheid anvaar en syn intrek neem in di "Witte Huis" het hy nog di Nagmaal gevier in di gemeente waartoe hy behoort, om sig aldus te sterk in syn God deur gemeenskap met Jesus en Syn dissipels. Toen hy afskeid neem van syn predikant, seg hy: "In betrekking tot di Kerk van Christus sal ek nooit imand anders wees ni, dan enkel en alleen James Garfield. In di gemeente van di Here is alle dissipels een"

Di agtermiddag het hy nog di Sondagsskool besog, waaran hy 'n werksaam deel genome het, tot an syn dood. Ne, hy skaam sig di Evangelium van Christus ni; want dit was oek ver hom 'n krag Gods tot saligheid geworde. In di Godskrag het hy syn moeilik amb anvaar en ni gevrees om na reg en billikheid te handel, al moes hy oek daardeur di guns van sommige verlies. Hy was gedagtig an wat syn moeder hom in di Blokhuis omtrent Daniël geleer het, toen di oek so 'n hoge staatsmag in hande had

President Garfield, di grote sterk geboude man (hy was meer dan ses voet lank), mar daarby ootmoedig en eenvoudig as 'n kind, het nimand gevrees, omdat hy God vrees. As hoof van di staat het hy hom geroepe geag om ni alleen een party voor te staan ni, mar wou met grote billikheid regeer. Vooral was hy sterk teen di stelsel van begunstiging, wat helaas reeds al te veel kwaad gedaan het. Hy het hom an di reel gehou: "ver elke man 'n plek en ver elke plek 'n man." Di regte man op di regte plek te vinde, was syn doel. Dit het sommige inbedriker manne min angestaan, wat wil he, dat di president alle poste sou ge an di wat deur di Senatore van elke staat voorgedra of anbevole word. Di vorige president het reeds veel gedaan om 'n end an di kwaad te maak, en Garfield het hom met selfs nog meer beslistheid daarin nagevolg.

Vooral onder di Posmeesters moet dit ni heeltemaal pluis gewees het ni; mar by Garfield was daar gen anneming des persoons ni. Di opposisi werd geleid deur mnr. Cockling, wat as lid van di Senaat bedank om daardeur syn ongenoeg te kenne te ge oer Garfield syn regering. Mar Garfield het ywerig deurgewerk sonder hom daaraan te steu, en min van syn twintig voorgangers het in weinige maande soveul gedaan as hy.

Di volkome vrymaking van di Negers het hy met ou liefde behartig; di kiesreg van burgers wat ni kon lees ni het hy heftig bestry, daar hy oertuig was, dat onkunde 'n gevaarlike ding is; di onderwys het hy trou behartig en vooral oek

godsdienst-onderrig, daar hy net so oertuig was dat kennis sonder vrese Gods ni minder gevaarlik is as grote onkunde. Hy het voorgestel om 'n kanaal te grawe deur di landengte van Panama en maatreels geneem om di gevaarlike Mormo-nisme teen te werk.

Eindelik was di 2de Juli daar. Mrs. Garfield wat ongesteld was, was met haar dogter in di buite verblyf te Long-Branch in New Jersey. Di President had 'n verlof van veertien dage gekry, om rustig by syn famili te gaan deurbring. Di Saterdag morre, di 2de Juli, kwam di Sekretaris Blaine hom in syn eie rytuig an di "Witte Huis" afhaal, om hom na di Baltimore en Patomac Stasi te bring. Om 9 uur 20 minute kwam hulle daar an. Di President klim uit en an di arm van Mnr. Blaine, gevolg deur syn seun, gaat hy di wagkamer binne. Op diselfde ogenblik hou 'n ander rytuig voor di Stasi stil, waaruit haastig 'n jonkman stap, wat oek di wagkamer binnegaat en twe pistoolskote op di President afskiet, wat albei raak was. Garfield val bloeiende voor-oer op di grond, en di skrik en verwarring was so groot dat hulle eers byna ni geweet het wat daar gebeur ni. Di Sekretaris gryp na di moordenaar, wat deur 'n opestaande deur wou ontvlug, mar dit werd hom belet.

Liefhebbende hande tel eadelik di President op van di grond en bring hom na di "Witte Huis" wat hy nog gen uur gelede in opgeruimde stemming verlaat het sonder di minste kwaai vermoede. Een kogel was deur di regter arm gegaan, en di ander was deurgedring in di sy en is in di agterlyf bly sit, waar hulle dit ni kon uitkry gedurende syn lewe. Eers meen elkeen, dat di geliefde President gen uur meer sou lewe ni; mar deur di trouwe sorg van dokters en di liefderike verpleging van syn vrou, wat biddende byna onafgebroke hom bygestaan het, werd syn lewe onder di genadige bestuur van di Here nog verleng tot di 19de September.

Di belanstelling was onbeskryflik. Gedurig werd uit kerke, as andersins, gebede opgesonde ver syn herstel en troos en sterkte ver syn vrou. Van alle Regerings in Europa werd belangstellende telegramme gestuur, en uit di Verenigde State het dit letterlik gereen van bewyse van belangstelling, terwyl alle korante vol was oer di moordanslag en di moordenaar Guiteau, wat di volk wou verskeur as hulle hom kon in hande kry. Di tronk waar hy in was moes deur 'n gewapende mag bewaak worde, opdat di voorneme ni sou ten uitvoer gebring worde ni, en hy na reg en billikheid kon gestraf worde.

Dit word geseg dat Guiteau kranksinnig was ; ten minste, hy het dit voorgege en syn bes gedaan om so te lyk. Hy was 'n Fransman uit Illinois en het sig as advokaat gevestig met 'n tamelik hoge gedagte van syn bekwaamheid, mar sonder praktyk. Hy het na allerhande hoge poste gestaan, mar sonder te slaag. Di teenstand van Cockling was na syn sin en hy meen dat hy 'n weldaad sou bewys as hy di president kon vermoor, net mar het hy later syn droefheid betuig dat di arme Garfield nog so lank moes ly. Syn voornemen was, soos hy seg, om di President onmiddelik na di Paradys oer te bring. Di President was tog 'n gelowige Gristen en syn vrou moes hem op een of ander manier tog mis. Uit dit een en ander blyk dat hy 'n dwaas was, wat deur geknakte hoogmoed tot di niterste gebring is, of anders, imand wat gebruik werd as di werktuig van laag verraad.

Onwillekeurig denk ons hier an di woorde van di Psalmis, deur Garfield self gesproke na di moord van Lincoln : " Rondom Hem is wolke en donkerheid ; geregtigheid en gerig is di vastigheid Syns troons."

Garfield het gely as 'n Gristen. Soos hy geleef het, so is hy oek gestorwe. Dage lank het hy syn naerend einde met kalmte te gemoet gesien, waar ander nog hoop op syn herstel. Met Paulus kon hy uitroep : " Ek het di goeie stryd gestry en di geloof behou : vervollens is my weggeleg di kroon van regvêrdigheid, wat di Here, di regvêrdige, Regter my in di dag sal ge."

Met grote belangstelling werd gedurig vernome na syn toestand, en net so werd elke berig ontvang wat verspreid werd omtrent beterskap of agteruitgang in syn siekte. As 'n laaste poging werd hy nog op raad van syn dokters vervoerd na Long Branch, omdat hulle meen dat hy daar deur di varse seelug sou versterk worde. Nuwe hoop op syn herstel werd gekoesterd ; mar al di verwagtings moes in-eens teleurgesteld worde ; want terwyl nog op beterskap gehoop werd, was syn einde daar en was hy di rus ingegaan, wat daar oerblyf ver Gods volk.

Nimand wou in di begin di tyding glo ni ; mar di offisiële aankondiging het gou 'n einde gemaak an alle onsekerheid. Dit was mar alte waar, President Garfield, di beminde vaderlander, was daar ni meer ni. Toen werd oek waar wat Motley geseg het van di afsterwing van di Prins van Oranje : —

" Solank hy geleef het, was hy di leidstar van 'n hele wakkere nasi, en toen hy sterf, huil di kinders in di strate."

Nadat syn lyk gebalsemd was, werd dit na Washington

vervoerd en twe dage an di bedroefde volk vertoond, wat by duisende toestroom na syn doedkis. In 'n pragtige rouwa werd dit met di spoortrein na Cleveland getransporteer en daar op di 26ste plegtig en eerbiedig onder di trane van 'n bedroefde volk in di graf geleg, tot di dag wanneer di basuin sal gehoord worde

Di dankbaarheid van di Amerikaanse nasi het sig oek daarin betoond dat hulle meer dan £70,000 bymakaar gemaak het, ver di wedewe, sodat sy verder onbesorg kon lewe en haar kinders 'n degelike opvoeding ge.

En so is ons dan an di einde gekom van James Garfield syn lewe. Ons hoop di leser het dit ni verniet gelees ni. Veral ver jonge mense is daar vele nutige lesse in. En is daar onder di lesers wat oek, terwyl hulle nog jonk is, met moeielikhede te worstel het, dan siet hulle hier dat hulle ni alleen staan ni, en dat daar ver hulle oek 'n kans is, om, met di "Owerste Leidsman," voor oge hulle lewensdoel te bereik.

Ons wil hier ni bly staan, by di stille graf waar Garfield nou rus ni. Ons wil *hoger* op kyk.

Di "Witte Huis" staat wel op di top van di maatskapelike leer in Noord Amerika's Verenigde State; mar ver Gods kinders is daar 'n betere toekoms, is daar 'n hoger Huis dan di "Witte Huis," di Huis ni met hande gemaak, mar ewig in di hemele. In di Amerikaanse Witte Huis kan mar net Presidente woon; mar di ander Huis is bereikbaar ver elkeen; daarheen word met Engele-hande gedra, di bedelaar wat hier same met honde di krummeltjies moes optel.

Di Vaderhuis verhewe bowe alle aardse grootheid en heerlikheid, is di sekere, salige erfenis van alle verlose deur di bloed des Lams. Daar sit Jesus an Syns Vaders regterhand, en wag syn ware volgeling af. En een van di, mag ons hoop, was Garfield. Daar is hy gen president meer van 'n groot en magtig volk; né, daar is hy as 'n arm sondaar, wat alleen deur di bloed des Lams uit vrye genade salig geworde is.

Mog ons hom algar eenmaal daar ontmoet!

END

Bij den Uitgever dezès zijn verkrijgbaar :

BIJBELLANDEN DOORREISD.

EGYPTE EN PALESTINA.

ONDER dezen titel heeft Ds. S. J. du Toit, Superintendent van Onderwijs in de Z. A. Republiek en zeer wel bekend door zijne vele geschriften, een zeer lezenswaard en interressant werk geschreven, nadat hij persoonlijk eene reis door gemelde landen gemaakt heeft, en met behulp van een tal van degelijke handboeken door beroemde schrijvers. Het werk is bovendien verrijkt met 42 grootere en kleinere platen ter opheldering van de plaatsen waarover de beschrijvingen gaan.

Dit zeer belangrijk werk is verkrijgbaar voor 4s. per post 5s. per ex.

D. F. DU TOIT & Co., Paark.

DE GETUIGE,

Een Christelyk Maandblad.

ONDER Hoofdredactie van Ds S. J. du Toit, verschynt tezen den 15den van elke maand en bevat Bybelstudiën; Beschouwingen over de voornaamste gebeurtenissen des tyds, vooral in verband met de Profetiën des Bybels, behalve andere belangryke leesstoffen.

Prys 5s. per jaar, vooruit betaalbaar.

D. F. DU TOIT & Co.
Drukkers & Uitgevers.